# DIE REGTE VAN DIE LEERLING AS REGSUBJEK

ELDA DE WAAL

PV
379.1468
DEW

## VOORWOORD

Die Here het in troebele tye wonderbaarlik gesorg!

Aan die volgende mense en instansies my diepgrondige dank:

* Prof. I.J. Oosthuizen vir sy wyse leiding en inspirerende onderskraging.
* Prof. J.A. Robinson vir sy kalme beredenering en geduldige hulp.
* De Klerk, Vermaak en Vennote (Vereeniging) vir die beskikbaarstelling van hulle regsbiblioteek.
* ESKOM (Megawatt Park) vir die beskikbaarstelling van hulle regsbronne.
* My jongste broer, Herman Kocks, vir sy regshulp en regsbronne.
* My ouers, Jacobus Frans en Denise Kocks, vir hulle knap taalversorging en proefleeswerk. Ook vir die bemoediging om te alle tye te strewe na die hoogste.
* My oudste broer, Charl Kocks, vir sy onoortreflike hulp.
* Die skoolhoof, personeel en matrikulante van H.T.S.-Vereeniging vir hulle aanmoediging.
* My skoonouers, Lourens en Marie de Waal, vir hulle emosionele steun.
* My ouma, Mietjie, vir haar volgehoue belangstelling.
* Leigh Pienaar, vir haar eindelose tikwerk en geduld.

* Fransie, Louis en Hannes de Waal, my kinders, vir hulle humorsin.

* Johan de Waal, my man, vir sy onvermoeide bystand en geduld.

## ABSTRACT

## THE RIGHTS OF THE PUPIL AS LEGAL SUBJECT

Mindful of the imminent introduction of a South African Bill of Rights, this study has been undertaken to define the rights and duties of the South African pupil by means of a literature study and an elementary study of comparative law with a view to promoting pedagogical education.

Various legal terms which influence the classification of the rights of the pupil significantly are defined.

In conjunction with the three sources of educational law (viz common law, legislation and case law), the status of the minor personality, the administrative educational procedure and the legal status of the pupil as determinants for pedagogical education are identified and dealt with in so far as they have any bearing on the rights of the pupil. In addition to the exposition of the existing legal status of the pupil, a survey is made of the pupil, as determinant for pedagogical education in order to draw conclusions by means of similarities, differences and shortcomings.

Important concepts concerning the teacher's rights and duties toward the pupil that come to light in this script are *bona fides, quasi-judicial competence, rules of natural justice, ultra vires* and *in loco parentis.* Important concepts that come to light concerning the rights and duties of the pupil toward others are *legal capacity, personality rights, correct information, authority* and *discipline, procedural rights* and *duties*

The concept "the rights of the child" is shown to imply certain duties that should be performed by the pupil. Pedagogical education is shown to be impracticable unless not only the

teacher and the parents, but also the pupil performs his duties.

Attention is paid to the necessity of informing teachers, parents and especially pupils concerning their respective rights and duties, so that pedagogical education can reach its optimum development in South Africa.

Opgedra aan Johan
en ons drie sonskynkinders,
Fransie, Louis en Hannes.

*"All who have meditated on the art of governing mankind have been convinced that the fate of empires depends on the education of youth."*

*Aristotle*

# INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD (i)

ABSTRACT (iii)

HOOFSTUK 1

ORIëNTERING

1.1 INLEIDING 1

1.2 PROBLEEMSTELLING 1

1.3 DOEL MET DIE NAVORSING 4

1.4 NAVORSINGSONTWERP 5

1.4.1 Literatuurstudie 5

1.4.2 'n Regsvergelykende studie 5

1.5 HOOFSTUKINDELING 5

1.6 SAMEVATTING 6

HOOFSTUK 2

ONDERWYSREGTELIKE DETERMINANTE VAN OPVOEDENDE ONDERWYS

2.1 INLEIDING 7

2.2 DIE STATUS VAN DIE REGSUBJEK AS DETERMINANT VAN OPVOEDENDE ONDERWYS 9

2.2.1 Regsubjek 10

2.2.2 Status 11

2.2.2.1 Faktore wat status beïnvloed 12

2.2.2.1.1 *Ouderdom* 12

2.2.2.1.2 *Bloedverwantskap* 13

2.2.2.1.3 *Geslag* 14

2.2.3 Regte 14

2.2.3.1 Kompetensies 14

2.2.3.1.1 *Handelingsbevoegdheid* 15

2.2.3.1.2 *Verskyningsbevoegdheid* 16

2.2.3.1.3 *Regsbevoegdheid* 16

2.2.3.1.4 *Toerekeningsvatbaarheid tot onregmatige en/of wederregtelike optrede* 17

2.2.3.2 Subjektiewe regte 19

2.2.3.3 Bevoegdhede 19

2.2.4 Verpligtinge 20

2.3 DIE ADMINISTRATIEWE ONDERWYSHANDELING AS DETERMINANT VAN OPVOEDENDE ONDERWYS 20

2.3.1 Vereistes vir geldige administratiewe onderwyshandelinge 21

2.3.1.1 Die outeur van die handeling 21

2.3.1.2 Formele vereistes 22

2.3.1.3 Die doel en gevolge van die handeling 23

2.3.1.4 Die vereiste van *bona fides* 23

2.4 **GEMEENREGTELIKE KONSEPTE AS DETERMINANT VAN OPVOEDENDE ONDERWYS** 25

2.4.1 Kwasi-judisiële bevoegdheid 26

2.4.2 Die reëls van natuurlike geregtigheid 27

2.4.2.1 Begripspresisering 28

2.4.2.2 Die vereistes vir die reëls van natuurlike geregtigheid 28

2.4.2.2.1 *Die audi alteram partem-beginsel* 29

2.4.2.2.2 *Nemo iudex in propria causa* 30

2.4.2.2.3 *Redelikheid en buigsaamheid* 31

2.4.2.3 Die waarde van die reëls van natuurlike geregtigheid 31

2.4.3 Middellike aanspreeklikheid 32

2.4.4 Die *ultra vires*-leerstuk 33

2.4.5 Die onderwyser *in loco parentis* 35

| | | |
|---|---|---|
| 2.5 | **STATUTêRE DETERMINANTE VAN OPVOEDENDE ONDERWYS** | 37 |
| 2.5.1 | Parlementêre wetgewing | 38 |
| 2.5.1.1 | Algemene wetgewing | 38 |
| 2.5.1.2 | Onderwyswetgewing | 43 |
| 2.5.2 | Ondergeskikte wetgewing | 43 |
| 2.6 | **REGSPRAAK AS DETERMINANT VAN OPVOEDENDE ONDERWYS** | 44 |
| 2.7 | **DIE BESTAANDE REGSPOSISIE VAN DIE LEERLING AS DETERMINANT VAN OPVOEDENDE ONDERWYS** | 47 |
| 2.7.1 | Beperking en beskerming van die leerling se regte | 48 |
| 2.7.2 | Regte waarop minderjarige leerlinge aanspraak kan maak | 50 |
| 2.7.2.1 | Persoonlikheidsregte | 51 |
| 2.7.2.1.1 | *Die reg op liggaamlike integriteit* | 51 |
| 2.7.2.1.2 | *Die reg op 'n goeie naam en aansien* | 52 |
| 2.7.2.1.3 | *Die reg op menswaardigheid* | 53 |
| 2.7.2.2 | Regte wat betref welstand en ontwikkeling | 55 |
| 2.7.2.2.1 | *Onderhoud en welsyn* | 56 |
| 2.7.2.2.2 | *Opvoeding en onderwys* | 58 |
| 2.7.2.2.3 | *Beskerming en veiligheid* | 59 |

2.7.2.2.4 *Vertroulikheid en korrektheid van inligting* 63

2.7.2.2.5 *Spel* 64

2.7.2.2.6 Gesag en dissipline 65

2.7.2.3 Prosessuele regte 70

2.7.2.3.1 *Die toepassing van natuurlike geregtigheid* 71

2.7.2.3.2 *Prosedure voor en na die skorsing en/of uitsetting van 'n leerling* 72

2.7.2.3.3 *Die reg op appél* 74

2.7.3 Die verpligtinge van die minderjarige leerling 74

2.7.3.1 Onderwerping aan gesag 74

2.7.3.2 Morele verpligting 75

2.7.3.3 Skoolplig en skoolreëls 75

2.7.3.4 Deelname aan aktiwiteite 76

2.8 **SAMEVATTING** 76

HOOFSTUK 3

DIE REGTE VAN 'N LEERLING: 'N MENSE-REGTELIKE PERSPEKTIEF AS DETERMINANT VAN OPVOEDENDE ONDERWYS

3.1 INLEIDING 79

3.2 BEGRIPSPRESISERING 80

3.3 DIE AARD VAN MENSEREGTE 81

3.3.1 Kinderregte as verskyningsvorm van menseregte 83

3.3.1.1 Juridiese aard van kinderregte as verskyningsvorm van menseregte 84

3.3.1.1.1 *Juridiese kenmerke van internasionaal-aanvaarde menseregte- en kinderregteaktes* 85

3.3.1.1.2 *Juridiese kenmerke van die African National Congress se voorgestelde menseregteakte* 86

3.3.1.1.3 *Juridiese kenmerke van die Committee of Concern for Children (Suid-Afrika) se voorgestelde kinderregteakte* 86

3.3.1.1.4 *Juridiese kenmerke van die Suid-Afrikaanse regering se voorgestelde menseregteakte* 87

3.4 DIE REGTE VAN DIE LEERLING BESKOU VANUIT 'N MENSEREGTEAKTE/KINDERREGTEAKTE 87

3.4.1 Beperking en beskerming van die leerling se regte 88

3.4.2 Regte waarop minderjarige leerlinge aanspraak kan maak 90

3.4.2.1 Persoonlikheidsregte 90

3.4.2.1.1 *Die reg op liggaamlike integriteit* 91

3.4.2.1.2 *Die reg op 'n goeie naam en aansien* 91

3.4.2.1.3 *Die reg op menswaardigheid* 92

3.4.2.2 Regte wat betref welstand en ontwikkeling 92

3.4.2.2.1 *Onderhoud en welsyn* 93

3.4.2.2.2 *Opvoeding en onderwys* 94

3.4.2.2.3 *Beskerming en veiligheid* 99

3.4.2.2.4 *Vertroulikheid en korrektheid van inligting* 101

3.4.2.2.5 *Spel* 103

3.4.2.2.6 *Gesag en dissipline* 104

3.4.2.3 Prosessuele regte 105

3.4.3 Die verpligtinge van die minderjarige leerling 108

3.4.3.1 Onderwerping aan gesag 109

3.4.3.2 Morele verpligting 110

3.4.3.3 Skoolplig 110

3.4.3.4 Deelname aan aktiwiteite 110

3.5 **SAMEVATTING** 111

# HOOFSTUK 4

# SAMEVATTING, BEVINDINGS EN AANBEVELINGS


4.1 **INLEIDING** 113

4.2 **SAMEVATTING VAN VORIGE HOOFSTUKKE** 113

4.3 **BEVINDINGS** 116

4.3.1 Inleiding 116

4.3.2 Status as determinant van opvoedende onderwys 116

4.3.2.1 Statusbepalende faktore 117

4.3.2.2 Die inhoud en omvang van die leerling se kompetensies 118

4.3.3 *Bona fide*-onderwysoptrede as determinant van opvoedende onderwys 121

4.3.4 Sorgsaamheidsplig as determinant van opvoedende onderwys 124

4.3.4.1 Onderhoud en welsyn 125

4.3.4.2 Opvoeding en onderwys 125

4.3.4.3 Beskerming en veiligheid 126

4.3.4.4 Vertroulikheid en korrektheid van inligting 127

4.3.4.5 Spel 128

4.3.4.6 Gesag en dissipline 128

| | | | |
|---|---|---|---|
| | 4.3.4.7 | Prosesregtelike voorskrifte | 129 |
| | 4.3.5 | Leerlingverpligtinge as determinant van opvoedende onderwys | 129 |
| 4.4 | **AANBEVELINGS** | | 130 |
| | 4.4.1 | Aanbevelings wat voortspruit uit hierdie navorsing | 130 |
| | 4.4.2 | Aanbevelings vir verdere navorsing | 135 |
| 4.5 | **SLOTOPMERKING** | | 136 |

**BIBLIOGRAFIE** 137

# HOOFSTUK 1

## ORIëNTERING

### 1.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die probleem waaroor die skripsie handel, uiteengesit. Die doelstellings van die navorsing word vervolgens geformuleer. Ook word sowel die navorsingsontwerp as die hoofstukindeling aangedui.

### 1.2 PROBLEEMSTELLING

Die Suid-Afrikaanse onderwys funksioneer nie binne 'n regsvrye gebied nie, aangesien dit 'n vervlegte struktuur binne die gemeenskap is *(Bray, 1988:8)*. *Beckmann en Prinsloo (1989: 7)* omskryf die verband nog duideliker deur daarop te wys dat elke handeling op die gebied van die onderwys 'n regsgrondslag het. Terwyl dit op skool uiteindelik om <u>opvoedende</u> onderwys gaan, is daar derhalwe 'n vervlegting tussen opvoedkundige, bestuurs- en juridiese aspekte. Laasgenoemde is onmisbaar met die oog op goeie orde, harmonieuse samewerking, goeie tydsbenutting en doeltreffende onderwys *(Van Wyk, 1987:102)*.

Wat die funksie van die regswese betref, haal *Oosthuizen en Bondesio (1988:19)* die beskrywing van Mostert aan: die reg kan gesien word "as die geheel bindende reëls wat in 'n gemeenskap geld en wat deur 'n proses van erkenning, afweging en beskerming van belange die gemeenskap vreedsaam orden." Vir *Bray (1988:5)* is die uitstaande kenmerk van die reg dat dit die samelewing orden; op onderwysgebied orden dit dan die onderwyssituasie.

In die geval van die onderwys word daar aan die ouer, kind, onderwyser en staat afsonderlike en gesamentlike regte én pligte toegeken sodat opvoedende onderwys ten beste kan verloop *(Beckmann & Prinsloo, 1989:4)*. Die reg definieer hierdie regte en pligte, en hanteer die afweeg van wedersydse belange: eerstens bepaal die reg sy aandag by die oorsprong, inhoud, uitoefen en nakom van regte; tweedens hou dit 'n wakende oog oor die konsekwensies wat spruit uit nalatigheid by die uitvoer van pligte *(Boberg, 1977:1-2)*.

Gesien in die lig van die belang van 'n drieledige eensgesindheid *(Beckmann, 1985:304)* in die vervlegte verhoudingstruktuur tussen onderwyser/ouer/leerling *(Oosthuizen & Bondesio, 1988:21)*, wys Suid-Afrikaanse navorsers soos onder andere *Van Wyk (1987)*, *Prinsloo en Beckmann (1987)* en *Brady (1988)* daarop dat dit ter wille van opvoedende onderwys nodig is vir die afweeg van belange (dit wil sê regte en pligte) van die onderwysbelanghebbendes: onderwysers/ouers/leerlinge. In die VSA blyk dit ook uit navorsing *(Brady, 1984:28-29)* dat daar nie na die regte van die leerlinge verwys kan word sonder om in die besonder dié van onderwysers te erken nie.

Ten opsigte van leerlinge word *Gatti en Gatti* in die tydskrif THE CLEARING HOUSE soos volg aangehaal: "...students have the same constitutional rights as adults and these rights do not end at the school house gate..." *(Essex, 1987:213)*. Terwyl dit nou duidelik blyk dat die leerling oor sekere regte beskik (soos byvoorbeeld die reg op opvoeding en onderwys, volgens *Prinsloo & Beckmann, 1987:85*), is dit ook waar dat regte en pligte met mekaar hand aan hand gaan *(Bondesio, 1989: 21)*. Die navorsing van *Van der Vyver en Joubert (1980: 523)* wys onder meer daarop dat die reg (a) die gehoorsaamheidsplig van die leerling erken en (b) 'n tugkompetensie aan die ouer (en ook onderwyser) verleen om die leerling tot gehoorsaamheid te verplig. In gepaste gevalle mag lyfstraf selfs redelik wees as vergelding vir ongehoorsaamheid. Dit is juis hier waar frustrasie in onder meer die skoolverband ont-

staan: wanneer die leerling en onderwyser van mekaar verskilten opsigte van wat hulle onderskeie regte behels, voel die een party dat die ander party sy regte versteur het *(Brady, 1984: 30)*. Twee sulke probleemsituasies op skool is dié van Lyfstraf en Sorgsame Toesig:

> <u>Tshabalala v Jacobs</u> 1942 TPD 310
>
> Wanneer 'n ouer besluit het sy kind moet gestraf word, is dit sy reg om die toedien van lyfstraf aan 'n ander persoon te delegeer; die straf is onderworpe aan redelikheid.
>
> Die Appélhof het bevind dat Jacobs matige en redelike lyfstraf ter handhawing van gesag en dissipline toegepas het en gevolglik is die appél van die hand gewys.
>
> <u>Knouwds v Administrateur</u> Kaap 1981 1 544 (C)
>
> Die verweerder en skoolhoof is gesamentlik aanspreeklik gehou vir die versuim om stappe te doen wat leerlingveiligheid sou waarborg. Sorgsame toesig het hier ontbreek en gevolglik is 'n eis om skadevergoeding toegestaan.

In 'n studie van die juridies-pedagogiese ouer-onderwyser-vennootskap word die besondere statusposisie van die leerling as van belang beskou, omdat hy (in vergelyking met die volwassene) aan 'n besondere hoeveelheid veranderlikes onderwerp word *(Oosthuizen, 1986:40)*. *Farmer (1982:82)* versoek opvoeders om ernstig oor die begrip "Die Regte van die Kind" te besin. Volgens haar bly die idee steeds vaag en vormloos en vereis dit gespesialiseerde aandag.

Die regte van die kind is al onder andere deur die Verenigde Nasies in 'n internasionaal-aanvaarde kinderakte *(UN, 1981)* vasgelê. Gesien in die lig van die Suid-Afrikaanse regering se

interimverslag ten opsigte van 'n toekomstige menseregteakte *(RSA, 1991)* en ander organisasies se voorstelle in hierdie verband, word daar ter wille van 'n wye perspektief benewens die juridiese status van die leerling ook oorsigtelik na 'n menseregtelike beskouing van leerlingregte gekyk.

Uit die voorafgaande blyk die probleem van hierdie navorsing te wentel rondom die volgende vrae:

* Wat is die huidige staanplek van die leerling in die opvoedende onderwys in Suid-Afrika?

* Wat is die regte en verpligtinge van die Suid-Afrikaanse leerling? ('n Literatuuroorsig)

* Wat is die regte en verpligtinge van die leerling buite die huidige Suid-Afrikaanse regsbestel, volgens menseregteaktes/kinderregteaktes? ('n Regsvergelykende studie)

* Watter riglyne kan neergelê word met die oog op die verdere verwesenliking van leerlingregte in die opvoedende onderwys?

## 1.3 DOEL MET DIE NAVORSING

In hierdie navorsing sal

* bepaal word wat die huidige staanplek van die leerling in die opvoedende onderwys in Suid-Afrika is;

* uit die literatuur bepaal word wat die regte en verpligtinge van die Suid-Afrikaanse leerling is;

* deur middel van 'n oorsigtelike regsvergelykende studie bepaal word wat die regte en verpligtinge van die leerling buite die huidige Suid-Afrikaanse regsbestel is, soos vervat in menseregteaktes/kinderregteaktes; en

* riglyne neergelê word met die oog op verdere verwesenliking van leerlingregte in die opvoedende onderwys.

## 1.4 NAVORSINGSONTWERP

### 1.4.1 LITERATUURSTUDIE

Primêre en sekondêre bronne is gebruik. Gegewens wat versamel is, is oorweeg en geëvalueer, sodat sekere gevolgtrekkings en aanbevelings gedoen kan word.

Verskeie artikels is met 'n DIALOG-soektog opgespoor, met behulp van die volgende trefwoorde: child's rights, teacher's rights, law of child, law of teacher, child advocacy, *in loco parentis*, human rights, child education, teacher education, personality rights.

### 1.4.2 'N REGSVERGELYKENDE STUDIE

Die regsvergelykende metode word deur *Venter (1990:213)* omskryf as 'n "unieke, sistematiese, regswetenskaplike werkmetode" wat gebruik word om op grond van ooreenkomste en verskille ten opsigte van 'n besondere onderwerp binne 'n verskeidenheid van regsisteme tot nuwe insigte oor daardie onderwerp te kom.

So 'n oorsigtelike studie is gedoen, met spesifieke verwysing na geskrifte van die VN, die ANC en THE COMMITTEE OF CONCERN FOR CHILDREN.

## 1.5 HOOFSTUKINDELING

HOOFSTUK 1: ORIëNTERING

HOOFSTUK 2: ONDERWYSREGTELIKE DETERMINANTE VAN OPVOEDENDE ONDERWYS

HOOFSTUK 3: DIE REGTE VAN 'N LEERLING: 'N MENSEREGTELIKE PERSPEKTIEF AS DETERMINANT VAN OPVOEDENDE ONDERWYS

HOOFSTUK 4: SAMEVATTING, BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

## 1.6 SAMEVATTING

Elke handeling op die gebied van die onderwys het 'n regsgrondslag. Opvoedende onderwys noodsaak daarom 'n vervlegting wat betref opvoedkundige, bestuurs- en juridiese aspekte. Dit is veral die juridies-relevante aspekte wat die goeie orde en harmonieuse samewerking in die vervlegte verhoudingstruktuur tussen onderwyser, ouer en leerling reël.

'n Grondige beskouing van die reg se erkenning, afweging en beskerming van ook leerlinge se regte en verpligtinge is nodig vir doelmatige opvoedende onderwys. Daarmee saam is dit ook relevant om 'n menseregtelike siening van individue se regte en verpligtinge onder die loep te neem, aangesien Suid-Afrika op die vooraand van die aanvaarding van 'n menseregteakte en daarmee gepaardgaande grondwetlike vernuwing staan.

# HOOFSTUK 2

## ONDERWYSREGTELIKE DETERMINANTE VAN OPVOEDENDE ONDERWYS

### 2.1 INLEIDING

Volgens *Van Wyk (1987:11), Oosthuizen en Bondesio (1988:10)* en *Bray (1988:5)* bestaan die onderwys uit 'n komplekse netwerk van menseverhoudinge, wat hoofsaaklik bestaan uit skoolhoofde, onderwysers, die ouergemeenskap en leerlinge van skole. Hierdie verhoudinge word regtens georden deurdat elke deelnemer se status in sulke verhoudinge bepaal word *(Beckmann & Prinsloo, 1989:4)*.

Uit die werk van *Prinsloo en Beckmann (1987)*, blyk dit duidelik dat sonder 'n positiefregtelike ordening van die verhoudings, en die omlyning van elkeen se juridiese status, die onderwys in wanorde sou verval. Opvoedende onderwys sou dan onmoontlik word, aangesien dit op struktuur en orde berus.

Aangesien daar in hierdie onderwysgerigte werkstuk dikwels na die "leerling" of die "kind" verwys word, is dit nodig om daarop te wys dat hiermee nie die reg se omskrywing van "minderjarige" bedoel word as synde iemand tussen die ouderdom van 7 en 21 jaar *(Barnard et al.,1986:58; Van Zyl, 1987:380 & Cronje, 1990:88)* nie. Hoewel daar regtens 'n verskil is tussen die 6-jarige en die 7-jarige se status (vergelyk onder andere *Boberg, 1977:235* en *Van Zyl, 1987:376)*, verwys leerling/kind/minderjarige vir die doeleindes van hierdie werkstuk na iemand tussen 6 en 20 jaar: dit wil sê, iemand binne die skoolgaande ouderdomsgrense van die Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie (TOD, 1993).

Wat die onderwys betref, word daar van regsweë aan die leerling,

ouer, onderwyser en die staat afsonderlike en gesamentlike kompetensies, subjektiewe regte en regsverpligtinge (vergelyk 2.2.3 en 2.2.4) toegeken; die doel hiermee is om die opvoeding van die leerling tot sy volle potensiaal te laat ontwikkel *(Beckmann & Prinsloo, 1989:4)*. Hierdie skrywers wys voorts daarop dat dit vir elke deelnemer aan die opvoedingsgebeure noodsaaklik is om ten volle met die kompetensies, subjektiewe regte en regsverpligtinge wat aan hom toegeken is, op hoogte te wees. Slegs op hierdie manier sal hy sy eie regte teenoor dié van ander kan handhaaf en ook sy pligte kan uitvoer.

*Boberg (1977:2)* is van mening dat subjektiewe regte en regsverpligtinge (vergelyk 2.2.1.1) in wedersydse betrekking tot mekaar staan, in die sin dat daar vir elke reg waarop daar aanspraak gemaak word, 'n ooreenstemmende verpligting bestaan. *Van der Vyver en Joubert (1985:600)* verskil van hierdie standpunt as hulle daarop wys dat (a) 'n minderjarige moeder nie selfstanding oor haar buite-egtelike kind gesag kan uitoefen nie, maar wel met die bystand van die persoon onder wie se voogdy sy staan; (b) die vader van 'n buite-egtelike kind regtens wel geen ouerlike gesag oor die kind mag uitoefen nie, maar wel sy onderhoudsplig moet nakom.

Met verwysing na die onderwyssituasie staan onderwysers en ouers uit hoofde van albei partye se gesagsposisie wat betref die formele onderwys en algemene opvoeding van die kind in 'n regsverhouding tot mekaar *(Van Wyk, 1987:65)*. Kinders en hulle ouers staan in 'n regsverhouding tot mekaar *(Van der Vyver & Joubert, 1985:443)*, en tussen onderwyser en leerling bestaan daar sowel 'n algemene as 'n verbesonderde regsverhouding, wat maak dat die leerling nie as 'n minderwaardige onderwysvennoot gesien moet word nie *(Van Wyk, 1987:74)*.

In 'n juridies-pedagogiese studie van die ouer-onderwyser-vennootskap ten opsigte van die opvoeding van die leerling, word die besondere juridiese status van die leerling as van belang beskou, aangesien hy in 'n vervlegtingsverhouding met die kompetensies, subjektiewe regte en regsverpligtinge van die ouer

en onderwyser staan *(Oosthuizen & Bondesio, 1988:14)*.

Terwyl *Oosthuizen en Bondesio (1988:11)* daarop wys dat die leerling onlosmaaklik deel van die onderwysvennootskap is, is *Van Wyk (1987:74)* van mening dat die leerling een van die belangrikste vennote in die onderwysvennootskap is.

Aangesien net 'n entiteit wat regtens 'n persoon is kompetensies, subjektiewe regte en regsverpligtinge kan hê *(Cronje, 1990:3)*, is hierdie studie daarop afgestem om aan te toon (a) dat onderwyshandelinge volgens voorskriftelike prosedure-reëls uitgevoer moet word ten einde aan opvoedende onderwys reg te laat geskied; (b) dat die onderwyser op skool regtens in die plek van die ouer optree; en (c) dat die leerling regtens 'n persoon is en as sodanig kompetensies, subjektiewe regte en regsverpligtinge het.

In hoofstuk 2 word die onderwysregtelike determinante van opvoedende onderwys soos volg van nader beskou:

(i) 'n ontleding van die regsubjek se status;
(ii) die vereistes waaraan 'n onderwysowerheid se administratiewe onderwyshandelinge moet voldoen ten einde opvoedende onderwys te bevorder;
(iii) beginsels van die gemene reg wat bepalend vir die opvoedende onderwys en ook onlosmaaklik aan administratiewe handelinge gekoppel is;
(iv) wetgewing wat help om aan die opvoedende onderwys struktuur en stabiliteit te verleen;
(v) hofuitsprake van vroeëre sake as toeligting vir bogenoemde determinante van die opvoedende onderwys; en
(vi) die bestaande regsposisie van die leerling.

## 2.2 DIE STATUS VAN DIE REGSUBJEK AS DETERMINANT VAN OPVOEDENDE ONDERWYS

Die status van die regsubjek onderlê die regsubjek se deelname aan die regsverkeer. Dit is daarom noodsaaklik dat die begrippe

"regsubjek" en "status" deeglik onder die loep geneem word.

### 2.2.1 Regsubjek

*Van der Vyver en Joubert (1985:39)* omskryf 'n regsubjek, hetsy 'n natuurlike of 'n regspersoon, as 'n entiteit wat van regsweë met kompetensies (vergelyk 2.2.3.1), subjektiewe regte (vergelyk 2.2.3.2), verpligtinge (vergelyk 2.2.4) en ook bevoegdhede (vergelyk 2.2.3.3) beklee word. Deur sodanige bekleding met regsubjektiwiteit word die regsubjek in staat gestel om aan die regsverkeer deel te neem.

*Van der Vyver en Joubert (1985:44-45)* definieer regsubjektiwiteit as die vermoë om juridiese kompetensies, subjektiewe regte en ook regsverpligtinge te kan hê. Hoewel die omvang van sy regsubjektiwiteit deur talle faktore soos ouderdom en buite-egtelikheid beïnvloed word, is géén regsubjek geheel en al sonder regsubjektiwiteit nie.

Die mens tree egter nie net as enkeling in die regsverkeer op nie, maar ook in groepsverband wanneer hy in 'n sosiale verhouding met sy medemens staan. Die mens as enkeling word regtens 'n natuurlike persoon genoem, terwyl 'n groep mense wat as 'n eenheid saam in die regsverkeer optree, 'n regspersoon genoem word *(Pienaar, 1984:5)*.

Daar is dus twee klasse regsubjekte, naamlik die natuurlike persoon en die regspersoon. Die eerste regsubjek is die natuurlike persoon wat menslike wesens is. Ingevolge ons reg het álle mense regsbevoegdheid (vergelyk 2.2.3.1.3) wat impliseer dat hulle regsubjekte is. Tweedens onderskei die reg ook die regspersoon wat nie menslike wesens is nie, maar deur die reg met regspersoonlikheid beklee word *(Hosten et al.,1979: 296)*. Die natuurlike persoon (soos byvoorbeeld die leerling) is noodwendig 'n regsubjek wat die draer van subjektiewe regte en regsverpligtinge is *(Neethling et al.,1990:39-40)*.

*Pienaar (1984:5)* wys daarop dat die regsubjektiwiteit van natuurlike persone nie in alle opsigte ooreenstem met die regsubjektiwiteit van regspersone nie. In eersgenoemde kategorie word regsubjektiwiteit by geboorte verkry, maar in laasgenoemde kategorie verwerf die regspersoon sy regsubjektiwiteit deur aan sekere statutêre vereistes te voldoen. 'n Voorbeeld hiervan is die maatskappy wat regspersoonlikheid deur registrasie verkry.

Die leerling as natuurlike persoon het dus reeds vanaf geboorte regsubjektiwiteit en geniet die status om juridiese kompetensies, subjektiewe regte en regsverpligtinge te hê.

'n Persoon is in regstegniese sin hy wat as subjek aan die regsverkeer deelneem *(Van Zyl, 1987:375)*. Slegs die natuurlike persoon en die regspersoon tree in die regswerklikheid as regsubjek op, aangesien stoflike dinge, plante en diere as objekte in die juridiese wetskring optree *(Cronje, 1990: 4-5)*.

## 2.2.2 **Status**

"Status" beteken in juridiese sin die <u>staanplek</u> van 'n regsubjek in die regslewe, die <u>posisie</u> wat hy as regsubjek in die juridiese werklikheid beklee en die <u>rol</u> wat hy in die regsverkeer speel *(Van der Vyver & Joubert, 1985:53)*. Die kompetensies van 'n regsubjek gee gestalte aan die status wat die regsubjek in die regsverkeer beklee *(Van der Vyver & Joubert, 1985:1)*, en die status wat hy beklee, word deur juridiese faktore soos ouderdom en bloedverwantskap bepaal *(Van Zyl, 1987:384; Oosthuizen & Bondesio, 1988:35)*.

Regstatus as 'n persoon se regsposisie in die oë van die reg, dui op sy kompetensie om subjektiewe regte en regsverpligtinge te verkry en regshandelinge (vergelyk 2.2.3.1) te verrig *(Van Wyk, 1987:80)*. Die inhoud van 'n persoon se regstatus word deur die geheel van sy kompetensies (vergelyk 2.2.3.1) bepaal.

2.2.2.1 Faktore wat status beïnvloed

By die daarstel en regulering van verskillende kategorieë persone (byvoorbeeld die infans en die minderjarige) se regsubjektiwiteit, is daar persoonlike faktore wat noodwendig deur die regsvormer in ag geneem moet word as hy sy taak as vormer en handhawer van orde in die gemeenskap wil volbring *(Van Zyl, 1987:384)*. Die volgende faktore is vir die doeleindes van hierdie skripsie belangrik: ouderdom, bloedverwantskap en geslag.

2.2.2.1.1 Ouderdom

Die ouderdom van 'n kind word deur *Oosthuizen en Bondesio (1988:37)* as 'n besonder belangrike bepalende faktor vir sy status beskou. *Van Zyl (1987:383-384)* verwys na drie implikasies wat ouderdom as statusbepalende faktor vir die kind inhou:

(i) sy beperkte analitiese subjektiwiteit (beperkte denkvermoë);

(ii) sy beperkte biotiese subjektiwiteit (geslagtelike onrypheid); en

(iii) sy beperkte psigiese subjektiwiteit (psigiese onrypheid).

Uit hoofde van bogenoemde faktore word die inhoud en omvang van sy status ter wille van "gemeenskapsordenende werking" ooreenstemmend beperk.

'n Persoon se ouderdom (veral as hy minderjarig is) is van kardinale belang vir die bepaling van:

(i) hoe ver sy regsbevoegdheid, met ander woorde sy kompetensie om draer van subjektiewe regte en regsverpligtinge te wees, strek (vergelyk 2.2.3.2 en 2.2.4);

(ii) tot watter mate hy selfhandelingsbevoeg is (vergelyk 2.2.3.1);

(iii) tot watter mate hy selfverskyningsbevoeg is (vergelyk 2.2.3.1); en

(iv) tot watter mate hy toerekeningsvatbaar is (vergelyk 2.2.3.1) by die pleeg van 'n onregmatige daad of 'n misdaad (vergelyk 2.2.3.1).

In die verhouding waarin die leerling se vermoë om (a) selfstandig te kan oordeel en besluit, (b) die gevolge van sy besluite in te sien, en (c) die verantwoordelikheid vir die gevolge van sy besluite te aanvaar, toeneem, net so neem die omvang van sy status toe *(Bondesio, 1989:22)*.

2.2.2.1.2 Bloedverwantskap

*Van der Vyver en Joubert (1985:629)* wys daarop dat bloedverwantskap of vermeende bloedverwantskap (of wanneer die reg die partye soos bloedverwante behandel), die basis tot byvoorbeeld die bepaling van onderhoudsplig (vergelyk 2.7.2.2) is. Die binne- of buite-egtelikheid van 'n kind is dus hier relevant.

Volgens *Van der Vyver en Joubert (1985:630-631)* geld die volgende:

(i) albei ouers van die buite-egtelike kind is regtens verantwoordelik vir die kind se onderhoud;

(ii) die vader is vir dieselfde mate van onderhoud vir sy buite-egtelike kinders verantwoordelik as vir sy binne-egtelike kinders; en

(iii) die vader van die buite-egtelike kind is steeds vir sy onderhoud verantwoordelik al trou die moeder van die kind met iemand anders.

Die *Wet op Intestate Erfopvolging 81/1987* en die *Wet op Status van Kinders 82/1987* bepaal dat buite-egtelikheid nie die bevoegdheid van een bloedverwant om intestaat uit die boedel van 'n ander te erf, raak nie. Met "intestaat" word bedoel iemand wat sonder testament gesterf het *(HAT, 1979: 472)*.

Wat van belang vir die onderwys is, is die wetlike aspek dat die moeder van die buite-egtelike kind die gesag, beheer en toesig (vergelyk 2.7.2.2) en voogdyskap *(Bondesio, 1989: 26-27)* het. *Bondesio* wys daarop dat ook die buite-egtelike kind se subjektiewe regte (vergelyk 2.7.2) regtens beskerm word.

2.2.2.1.3 Geslag

Die geslag van 'n kind is regtens bepalend vir sy status. *Van der Vyver (1987:157 en 158)* en *Van der Vyver en Joubert (1985:225)* bespreek die bereiking van die puberteitsouderdom as 12 jaar vir dogters en 14 jaar vir seuns. Die bereiking van puberteit het regtens bepaalde implikasies, onder meer die bekleding met die kompetensie om te kan trou.

Van belang vir die onderwys, is die feit dat dogters besondere beskerming van regsweë geniet (vergelyk 2.7.2.2.6).

2.2.3 **Regte**

Vir die doeleindes van hierdie skripsie val die konsep regte in twee begrippe, naamlik kompetensies en bevoegdhede.

2.2.3.1 Kompetensies

Soos reeds in 2.2.2 aangedui is, is die inhoud en omvang van die kompetensies van 'n regsubjek statusbepalend vir hom. Vir *Van der Vyver en Joubert (1985:3-4)* verwys die begrip kompetensie na (a) 'n persoon se vermoë om 'n regsubjek te <u>kan</u> wees, en (b) sy vermoë om sekere juridiese handelinge te <u>kan</u> verrig. Terwyl alle persone (ook die kind) die kompetensie het om regsubjek te wees, kan 'n kind onder die ouderdom van 16 jaar, byvoorbeeld, regtens nie 'n bindende testament opstel nie *(Van der Vyver & Joubert, 1985:3)*.

Uit die voorafgaande paragraaf blyk dit dat 'n persoon uit hoofde van sy regsubjektiwiteit, van regsweë bepaalde kompetensies het. Terwyl dit waar is dat sekere kompetensies alle natuurlike persone (ook die leerling) van regsweë toekom, is dit ook waar dat die status van die minderjarige natuurlike persoon minder omvangryk as díe van die meerderjarige natuurlike persoon is, soos hieronder aangedui sal word.

2.2.3.1.1 Handelingsbevoegdheid

Volgens *Barnard et al. (1986:33)*, verwys handelingsbevoegdheid na die kompetensie om selfstandig geldige regshandelinge uit te voer, soos byvoorbeeld om 'n kontrak op te stel. Die kind se handelingsbevoegdheid word deur statusbepalende faktore, soos byvoorbeeld ouderdom, bepaal *(Bondesio, 1989: 28)*. Vir *Van Zyl (1987:378)* en *Wiechers (1984: 310)* verwys handelingsbevoegdheid na die kompetensie om selfstandig of deur middel van iemand anders regshandelinge te verrig.

'n Regsubjek wat die kompetensie het om self deur sy eie wilsuiting 'n regshandeling te verrig, se kompetensie staan as selfhandelingsbevoegdheid bekend *(Van Zyl, 1987:379)*.

Die volgende voorbeelde toon aan dat nie alle regsubjekte in dieselfde mate handelingsbevoegdheid het nie *(Van Zyl, 1987: 379-381)*:

(i) die infans (0-7 jaar) het geen selfhandelingsbevoegdheid nie (hy kan wel 'n regshandeling soos die sluit van 'n kontrak deur middel van sy voog verrig, maar hy kan bepaalde regshandelinge soos die sluit van 'n huwelik, glad nie verrig nie);

(ii) die geestesongestelde persoon kan net deur middel van 'n kurator regshandelinge verrig;

(iii) die regspersoon handel deur middel van 'n ander persoon of persone (byvoorbeeld die direksie van 'n maatskappy);

(iv) die ongetroude persoon ouer as 7 jaar en jonger as 21 jaar kan sekere regshandelinge self, sonder sy voog se

toestemming, verrig (byvoorbeeld die aanneem van 'n skenkingsaanbod); ander regshandelinge kan hy óf self met die toestemming van sy voog óf met die hulp van sy voog verrig (byvoorbeeld die sluit van 'n koopkontrak); sekere regshandelinge kan hy glad nie verrig nie (hy kan byvoorbeeld nie 'n eksekuteursamp aanvaar nie).

Van die onderwyser wat by sy aanstelling 'n kontrak met die betrokke onderwysdepartement aangaan, word daar verwag dat die handelinge wat hy verrig, altyd in ooreenstemming met die voorskrifte van die reg sal wees *(RSA, 1986:4)*. *Van Wyk (1987:12)* wys daarop dat 'n onderwyser wat te goeder trou (vergelyk 2.3.1.4) 'n regsbepaling oortree, nie kan aanvoer dat hy nie bewus was van die betrokke bepaling nie. Hy moet hom ook deeglik van die beperkte kompetensie van die leerling om regshandelinge aan te gaan, vergewis, aangesien dit dui op die bestaan van maatreëls om die minderjarige teen uitbuiting te beskerm *(Bondesio, 1989:29 en 31-32)*.

2.2.3.1.2 Verskyningsbevoegdheid

'n Besondere soort regshandeling is die voer van 'n privaatregtelike hofgeding as eiser of verweerder. Die kompetensie om as eiser of verweerder op te tree, heet verskyningsbevoegdheid: alle persone het verskyningsbevoegdheid, hoewel nie almal self 'n geding kan voer nie *(Van Zyl, 1987:381)*.

In die reël moet die minderjarige deur sy voog bygestaan word of mét sy toestemming hierdie kompetensie uitoefen *(Van der Vyver & Joubert, 1980:43; Barnard et al., 1986:34)*.

2.2.3.1.3 Regsbevoegdheid

Regsbevoegdheid verwys na die kompetensie om as regsubjek aan die regsverkeer deel te kan neem *(Neethling, 1985:3; Van der*

*Vyver & Joubert, 1985:4). Van der Vyver en Joubert (1985: 4)* omskryf regsbevoegdheid verder as die kompetensie om die ampte van 'n regsubjek te kan vul, en die subjektiewe regte en regsverpligtinge wat uit die ampte voortspruit, te kan hê.

2.2.3.1.4 Toerekeningsvatbaarheid tot onregmatige en/of wederregtelike optrede

'n Onregmatige daad (ook delik genoem) is 'n handeling van 'n persoon wat op 'n regtens ongeoorloofde of onredelike en skuldige wyse nadeel aan 'n ander persoon veroorsaak *(Neethling et al., 1990:2 en 27). Church et al. (1983:113)* stel die onregmatige daad en wederregtelikheid aan mekaar gelyk. *Van der Vyver (1987:509)* illustreer 'n onregmatige daad as 'n situasie waar persoon A op onregmatige en skuldige wyse op 'n subjektiewe reg van persoon B inbreuk maak. *Neethling et al. (1990:36)* voeg hierby dat onregmatigheid (wederregtelikheid) ook in die nie-nakoming van 'n regsplig om positief op te tree, geleë is.

By die pleeg van 'n onregmatige daad handel dit nie oor een of ander kompetensie nie, maar wel oor toerekeningsvatbaarheid *(Van Zyl, 1987:381).* Vir *Van der Vyver en Joubert (1985: 7)* word 'n persoon se toerekeningsvatbaarheid deur veral sy ouderdom en sy geestesgesondheid bepaal.

'n Persoon is toerekeningsvatbaar indien hy oor die nodige geestesvermoëns beskik om 'n onderskeid tussen reg en verkeerd te tref, en indien hy verder ooreenkomstig daardie insig kan handel *(Snyman, 1991:166).* Hy kan regtens nie vir sy onregmatige dade verwyt word net omdat hy dit gepleeg het nie *(Van der Merwe & Olivier, 1985:111).*

Op grond van die juridiese beskouing van die kind se ontwikkelingsfases word daar op die volgende manier onderskei *(Van der Vyver & Joubert, 1985:192):*

(i) infans - vanaf 0-7 jaar word die kind onweerlegbaar vermoed ontoerekeningsvatbaar te wees;
(ii) pupil - tussen 7-12 jaar vir meisies en 7-14 jaar vir seuns is daar 'n weerlegbare vermoede dat die kind ontoerekeningsvatbaar is; en
- tussen 14-21 jaar is daar 'n weerlegbare vermoede dat die kind toerekeningsvatbaar is.

By die kind tussen 7-14 jaar kan daar egter nie nét gevra word of hy geweet het dat wat hy doen, verkeerd is nie. Die toets vir toerekeningsvatbaarheid behoort hier die volgende vrae in te sluit *(Snyman, 1991:181-182)*:
(i) Is die kind in staat om die aard en gevolge van sy handeling te besef?
(ii) Is die kind in staat om te besef dat sy handelinge regtens ongeoorloof is?
(iii) Is die kind in staat om sy handelinge ooreenkomstig sy insig te rig?

Aan die hand van *Boberg (1977:652)* blyk dit dat 'n kind wat weet dat 'n handeling wat hy uitgevoer het, moreel verkeerd is, geen verweer het indien die handeling inderdaad wederregtelik blyk te wees nie.

In R v Le Maitre and Avenant 1947 4 SA 616 (K) is die beskuldigdes ('n koshuisvader en twee mans) in die landdroshof skuldig bevind aan aanranding op sewentien koshuisseuns, wat elk ongeveer vyf houe toegedien is vir kwaadwillige saakbeskadiging wat oor 'n tydperk van twee jaar aangerig is. In die opvolgende Hooggeregshofsaak word die beskuldigdes onskuldig bevind op die aanklag van aanranding.

Regter Steyn skenk onder andere pertinente oorweging aan die volgende aspekte:
(i) die leerlinge het presies geweet waaroor dit gaan en wat hulle gedoen het;
(ii) die leerlinge het opsetlik die gesag van die owerhede probeer ondermyn; en

(iii) nieteenstaande herhaalde waarskuwings, het hulle met die moedswillige beskadiging van eiendom voortgegaan.

2.2.3.2 Subjektiewe regte

*Van der Vyver en Joubert (1985:9)* omskryf subjektiewe regte as die aansprake wat 'n regsubjek op regsobjekte het, soos byvoorbeeld eiendomsreg of die aanspraak wat 'n persoon op sy goeie naam het *(Van der Vyver, 1987:3)*. Die regsobjek is die voorwerp waarop die regsubjek 'n subjektiewe reg het, byvoorbeeld die aansien van die persoon of byvoorbeeld 'n plaas of 'n motor waarop hy eiendomsreg het *(Van der Vyver, 1987: 3)*.

Die begrip subjektiewe regte impliseer twee regsverhoudinge, naamlik (a) <u>'n subjek-objekverhouding</u> ('n regsverhouding tussen die regsubjek en die objek van sy reg) wat behels dat die regsubjek oor beskikkings- en genotsbevoegdheid ten opsigte van die regsobjek beskik en dat die regsobjek regtens tot behoeftebevrediging van die regsubjek bestem is *(Van der Vyver & Joubert, 1985:13)*, en (b) <u>'n subjek-derdesverhouding</u> ('n regsverhouding tussen die regsubjek en ander persone) waarbinne die regsubjek regsbeskerming ten opsigte van ongeoorloofde inmenging van ander regsubjekte op sy regsobjek geniet *(Van Zyl, 1987:418)*. Daar rus op die ander persone (die derdes) die regsverpligting om hulle te weerhou van handelinge wat sou inmeng met die regsubjek se genots- en beskikkingsbevoegdheid wat betref sy regsobjek *(Van der Vyver & Joubert, 1985:13)*. Sien ook paragraaf 2.7.2.1 hieronder.

2.2.3.3 Bevoegdhede

Net soos 'n regsubjek uit hoofde van sy regsubjektiwiteit met kompetensies toegerus is, so het hy uit hoofde van sy subjektiewe regte bepaalde bevoegdhede. 'n Regsubjek se bevoegdhede verwys na die geoorloofdheid van die handelinge wat hy uitvoer

*(Van der Vyver & Joubert, 1985:29)*. Dit gaan met ander woorde om wat die regsubjek regtens met sy regsobjek mag doen uit hoofde van sy subjektiewe reg op die regsobjek. (Oor die aard van regsobjekte, sien paragraaf 2.7.2 hieronder.)

Dieselfde skrywers *(1985:30)* wys daarop dat 'n regsubjek se bevoegdhede normatief is, in die sin dat dit nie gaan om wat die regsubjek werklik met die regsobjek kan doen nie, maar wel om wat geoorloof is.

### 2.2.4 Verpligtinge

Regsverpligtinge impliseer dat die draer van sulke verpligtinge "...hom regtens op 'n bepaalde wyse behoort te gedra...". By gebrek aan die korrekte optrede, word hy weens sy onregmatige optrede deur sanksies getref *(Van Zyl, 1987:436)*.

In S v Meeuwis 1970 4 SA 532 (T) bevind regter Hiemstra dat, hoewel 'n onderwyser volgens die gemene reg die reg het om 'n leerling te kan tug, die laerskoolonderwyseres (Meeuwis) ongeoorloof opgetree het toe sy 'n tienjarige seun ses keer oor die agterkant van sy bene met 'n rottang geslaan het. Sy het die tersaaklike voorskrifte van die onderwyswetgewing ten opsigte van lyfstraf oortree.

## 2.3 DIE ADMINISTRATIEWE ONDERWYSHANDELING AS DETERMINANT VAN OPVOEDENDE ONDERWYS

Die Administratiefreg is die deel van publiekreg wat die organisasie, kompetensies en optredes van die staatsadministrasie reël *(Wiechers, 1984:2)*, en die wyse waarop die administrasie optree, word 'n administratiewe handeling genoem *(Wiechers, 1984:96)*.

Onderwysreg is deel van die administratiefreg en dit dui daarop dat elke handeling op die gebied van die onderwys, hetsy be-

stuurs- of opvoedkundig van aard, 'n regsgrondslag het *(Bray, 1988:5-7)*. Bestuurshandelinge wat binne die skoolsubstruktuur uitgeoefen word, is administratiewe onderwyshandelinge *(Bray, 1988:45)*.

### 2.3.1 Vereistes vir geldige administratiewe onderwyshandelinge

Die bestuurshandelinge wat op skool uitgevoer word, word deur besondere statutêre en gemeenregtelike vereistes bepaal. Oor die algemeen impliseer dit dat die persoon wat 'n bestuurshandeling verrig, die nodige gesag daartoe moet hê, binne perke moet optree en volgens die bepaalde voorskriftelike prosedures moet handel *(Van Wyk, 1987:108)*.

#### 2.3.1.1 Die outeur van die handeling

Volgens *Bray (1988:61)* is die outeur van 'n administratiewe onderwyshandeling die onderwysorgaan of -liggaam wat die handeling verrig. Hy wys ook daarop dat wanneer gespesifiseerde kwalifikasies vir die uitvoer van 'n besondere handeling neergelê is, die betrokke onderwysliggaam die handeling self moet verrig en nie sy funksie aan 'n ander persoon mag delegeer nie. Die breë administratiefregtelike beginsel is volgens *Wiechers (1984:56)* dat 'n funksie wat die uitoefening van diskresionêre magte behels, alleen by uitdruklike magtiging aan 'n ander persoon oorgedra mag word. Dit is 'n regsverbreking om so 'n verantwoordelikheid op 'n laer liggaam of persoon af te skuif *(Wiechers, 1984:56)*.

Verdere vereistes wat betref die outeur van die administratiewe onderwyshandeling, word deur *Bray (1988:62-63)* soos volg aangedui:

(i) die administratiewe onderwyshandeling mag slegs binne die skoolsubstruktuur uitgevoer word, anders is die handeling *ultra vires* (vergelyk 2.4.4);

(ii) administratiewe onderwyshandelinge is oor die algemeen tydgebonde en moet binne die bepaalde tyd uitgevoer word om geldig te wees; en

(iii) oor die algemeen moet daar van die reëls van wetsuitleg gebruik gemaak word by die bepaling van die voorwerp (konkrete aangeleenthede soos byvoorbeeld sportbyeenkomste) en die onderwerp (byvoorbeeld die bestuurs- en leidingsbevoegdhede van die skoolhoof) van die administratiewe onderwyshandeling.

2.3.1.2 Formele vereistes

Wetgewing en die gemene reg bepaal gewoonlik die formele vereistes waaraan administratiewe handelinge moet voldoen, en so word die vorm en prosedure wat by die uitvoer van 'n administratiewe handeling gevolg moet word, bepaal *(Bray, 1988: 63)*.

Die volg van prosedures is van die uiterste belang vir die verkryging van goeie orde, regmatige handelinge, harmonieuse samewerking, knap tydsbenutting en doeltreffende onderwys, as voorbeeld van administratiewe handelinge *(Van Wyk, 1987:105)*.

*Wiechers (1984:221-222)* wys daarop dat, om kenbaar te wees, administratiewe handelinge (a) in 'n bepaalde fisiese vorm ingeklee moet word, en (b) aan bepaalde vereistes ten opsigte van die uiterlike verloop van die handeling moet voldoen. Die aanloop van die handeling word onder meer deur kennisgewing en aanhoor van getuienis (vergelyk 2.4.2) gekenmerk.

*Wiechers (1984:227)* stel die administratiefregtelike beginsel dat daar wel omstandighede bestaan waar die reg die bestaan van 'n diskresie om vrystelling van statutêre vorm- en prosedurevoorskrifte te verleen, sal veroorloof. Kondonering van die nie-letterlike nakoming van so 'n voorskrif kan gegee word indien *(Wiechers, 1984:227-228)*:

(i) die voorskrif wesenlik nagekom is;

(ii) geen benadeling as gevolg van die nie-letterlike nakoming van die voorskrifte plaasgevind het nie; en

(iii) aandrang op die letterlike nakoming van die voorskrifte in die besondere geval tot werklike of potensiële benadeling sal lei.

2.3.1.3 Die doel en gevolge van die handeling

Alle handelinge van die staatsadministrasie (ook dié van die onderwys) word in die breë openbare belang, sowel as met 'n spesifieke doel voor oë, verrig *(Bray, 1988:67)*. Terwyl dit so is dat alle bestuurshandelinge doelgerig is, moet daarop gelet word dat sowel gesag as prosedure nooit ter wille van 'n ongeoorloofde doel gebruik mag word nie *(Van Wyk, 1987: 110)*.

In Van Coller v Administrator, Transvaal 1960 1 SA 110 (T) bevind regter Selikowitz dat 'n hoërskoolhoof deur die onreëlmatige handeling (die volg van 'n minder omslagtige prosedure as wat die wet voorskryf) van die Administrateur ernstig benadeel is. As gevolg van sy onregmatige verplasing as 'n lektor na 'n onderwyskollege het hy 'n verlies aan status gely. Die regter beslis daarbenewens dat die Administrateur onregmatig bevooroordeeld teen die voormalige hoërskoolhoof opgetree het. Die verplasing van die hoërskoolhoof word tersyde gestel. (Van Coller handel dus oor die reg om ekonomies aktief te wees.)

2.3.1.4 Die vereiste van *"bona fides"*

*Hiemstra en Gonin (1981:164)* definieer *"bona fides"* as "goeie trou en opregtheid". Uit die werk van *Bray (1988: 70-72)* blyk dit duidelik dat alle administratiewe handelinge *bona fide* uitgevoer moet word, dit wil sê met goeie bedoelings en opregtheid aan die outeur van die handeling se kant. Voorts lê die "goeie trou-vereiste" die basis waarvolgens die geldigheid van alle administratiewe handelinge beoordeel

word. Dieselfde skrywer *(1988:71)* wys daarop dat die *bona fide*- bedoeling van 'n outeur nie sy ongeldige handeling in 'n geldige handeling kan laat verander nie.

Sou die outeur egter met kwade bedoelings ("te kwader trou") optree, dan tree hy *"mala fide"* op *(Hiemstra & Gonin, 1981:217)* en die gevolge van 'n *mala fide*-handeling kan tot ongeldigheid lei *(Bray, 1988:66-72)*.

Die *mala fide*-optrede van 'n administratiewe orgaan stem uit hoofde van die feit dat hy weet of behoort te weet dat sy handelinge in die volgende gevalle onregmatig is *(Wiechers, 1984:286)*:

(i) by die oorskryding van sy bevoegdhede;
(ii) by die nie-nakoming van formele voorskrifte; en
(iii) by die afwending van die prosedure ter wille van 'n ongeoorloofde doel of 'n ongeoorloofde gevolg.

Die outeur (orgaan of liggaam wat die handeling uitvoer) van 'n *mala fide*-handeling het 'n onregmatigheidsbewussyn ten opsigte van sy onregmatige handeling *(Wiechers, 1984:286)* en hy kan deur sy *mala fide*-optrede die volgende gevolge veroorsaak *(Wiechers, 1984:289; Bray, 1988:71-72)*:

(i) *mala fide*-optrede van die outeur gee aan die veronregte persoon die kompetensie tot regstreekse geregtelike hersiening (bepalings in die wetgewing dat interne remedies eers uitgeput moet word voordat na die hof gegaan word, sal nie hier geld nie);
(ii) *mala fide*-optrede gee aan die hof hersieningsbevoegdheid, al sluit wetgewing geregtelike kontrole uit;
(iii) *mala fide*-optrede veroorsaak dat die hof nie die saak na die outeur vir hersiening sal terugverwys nie, maar dat die hof aan hom opdrag oor <u>hoe</u> hy sy handeling moet wysig, sal gee (in die reël meng howe hulle nie by die uitoefening van diskresionêre bevoegdhede van administratiewe organe in nie, maar by *mala fides* verval hierdie reël); en

(iv) *mala fide*-optrede van die outeur stel die staat aanspreeklik vir sy optrede, selfs al word hierdie aanspreeklikheid deur wetgewing uitgesluit of beperk.

*Bray (1988:71)* wys gevolglik daarop dat die skoolhoof wat *mala fide* optree, weet of behoort te weet dat sy optrede as gevolg van sy kwade bedoelings ongeldig sal wees. 'n Hoër gesagsorgaan kan sy handeling ongeldig verklaar en opdrag gee oor hoe opgetree moet word.

Vir die leerling op skool hou die *bona fide*-vereiste die implikasie in dat geen onderwyser, ook nie die skoolhoof, met kwade bedoelings stappe teen hom mag doen nie.

In P v Board of Governors of St Michael's Diocesan College, Balgowan 1961 4 SA 440 (N) bevind regter Wessels dat die skoolhoof nie met kwade bedoelings opgetree het toe 'n leerling geskors en uitgesit is nie. Hy wys terselfdertyd daarop dat die hof sál inmeng met so 'n besluit indien daar bewyse van *mala fide*-optrede is.

Onlosmaaklik aan die administratiewe onderwyshandeling gekoppel, is bepaalde konsepte soos kwasi-judisiële bevoegdhede, die reëls van natuurlike geregtigheid, middellike aanspreeklikheid, die *ultra vires*-beginsel en die *in loco parentis*-posisie van die onderwyser.

## 2.4 GEMEENREGTELIKE KONSEPTE AS DETERMINANT VAN OPVOEDENDE ONDERWYS

Die gemene reg kan omskryf word as die ongekodifiseerde regserfenis wat ons in Suid-Afrika vanuit die Romeins-Hollandse en die Engelse Reg oorgeneem het. Hierdie regserfenis is in die eiesoortigheid van die Suid-Afrikaanse regsmilieu en kultuur aangepas en ontwikkel *(Van Wyk, 1987:22)*.

Onderwysregtelike probleme word opgelos deur die formele bronne van die onderwysreg (naamlik gemene reg, wetgewing en regspraak) te raadpleeg *(Bray, 1988:8)*. Hoewel die gemene reg aanvullend tot die wetgewing gebruik word, val verskeie onderwysaangeleenthede in die kategorie van die gemene reg, byvoorbeeld die veiligheid van leerlinge en die reg om gehoor te word *(Van Wyk, 1987:22)*. *Bray (1988:19)* verwys ook na "nalatigheid" en "aanranding" as gemeneregskonsepte.

Tesame met statutêre voorskrifte en regspraak bepaal gemeenregtelike beginsels ook die verloop van die verskillende bestuurshandelinge op skool *(Van Wyk,1987:101)*. Uit hoofde van die feit dat die skoolhoof se funksies (a) omvattend is, en (b) geensins afgebaken kan word nie, lei die uitoefening van sy magte dikwels tot die aantasting van andere se kompetensies, subjektiewe regte en regsverpligtinge. Om vas te stel of die aantasting regmatig geskied het, word ondersoek wat betref die geldigheidsvereistes waaraan die handeling moes voldoen, ingestel *(Bray, 1988:58)*. *Bray (1988:59)* wys daarop dat hierdie geldigheidsvereistes hoofsaaklik deur die howe vasgelê is, maar dat heelwat van hierdie vereistes van gemeenregtelike oorsprong is.

Wat betref die geldigheid van 'n administratiewe onderwyshandeling, word daar vir die doeleindes van hierdie skripsie na vyf konsepte uit die gemene reg gekyk: kwasi-judisiële bevoegdhede, die reëls van natuurlike geregtigheid, middellike aanspreeklikheid, die *ultra vires*-beginsel en die *in loco parentis*-posisie van die onderwyser. Dit het almal ingrypend met die leerling se regte, bevoegdhede en verpligtinge te make.

### 2.4.1 **Kwasi-judisiële bevoegdheid**

"Kwasi" word gedefinieer as "skynbaar, asof" *(WAT, 1991: 498)*. Hierdie bevoegdheid lyk dus soos 'n geregtelike of judisiële handeling, maar in die werklikheid is dit nie.

Hier gaan dit dus om die uitoefening van 'n spesifieke diskresie deur 'n onderwysorgaan, om "...na ondersoek en oorweging van pro en contra, aan iemand 'n reg te verleen of te onthou, of 'n besluit te neem wat hom 'n verpligting sou oplê of sy persoon of goed nadelig sou affekteer..." *(Prinsloo & Beckmann, 1987:268)*. *Wiechers (1984:138)* omskryf dit as die handeling wat deur 'n nie-regsprekende orgaan uitgevoer word, maar wat op die model-optrede van howe lyk.

Kwasi-judisiële handelinge wat deur 'n skoolhoof uitgeoefen word, is administratiewe handelinge waar die uitoefening van sy diskresionêre bevoegdhede die regte, bevoegdhede en vryhede van sy personeel, leerlinge en ouergemeenskap kan aantas *(Bray, 1988:51 & 64)*.

Volgens die proses van beregting (beslissing, toewysing) word daar aan bepaalde administratiewe liggame (soos byvoorbeeld die onderwysdepartemente of bestuursliggame van skole) die kompetensie gegee om ondersoek in te stel, verhore te hou, tot gevolgtrekkings te kom, amptelike besluite te neem en 'n mate van diskresie uit te oefen. Hoewel die handeling administratief van aard is, word regtens verwag dat 'n besluit om téén 'n aangeklaagde op te tree, volgens bogenoemde beregtingsproses geneem sal word *(Baxter, 1989:220-221)*.

In R v Le Maitre and Avenant 1947 4 SA 616 (K) onderstreep regter Steyn die hof se teësinnigheid om in te meng met 'n onderwyser se diskresionêre bevoegdheid ten opsigte van lyfstraf, mits 'n behoorlike ondersoek gehou is en die straf nie onredelik is nie.

### 2.4.2 Die reëls van natuurlike geregtigheid

Volgens *Bray (1988:65)* skryf die reëls van natuurlike geregtigheid billike en regverdige prosedures voor, wat by die toepassing daarvan verseker dat daar op 'n behoorlike wyse aan die betrokke saak aandag bestee word. Een van die voorbeelde

van die groot verskeidenheid regsreëls in Suid-Afrika wat etiese beginsels sanksioneer, is dat administratiewe ondersoeke en verhore aan sekere beginsels van natuurlike geregtigheid moet voldoen *(Van der Vyver, 1987:111-112)*. *Van Zyl (1987:237)* wys daarop dat die reëls van natuurlike geregtigheid die geregtigheidskenmerke van die positiewe reg weerspiëel.

2.4.2.1 Begripspresisering

Die beginsel van natuurlike geregtigheid word in twee Latynse gesegdes verwoord *(Bray, 1988:65-67)*:

(i) *audi alteram partem* - "hoor die ander kant aan" *(Hiemstra & Gonin, 1981:163)*; en

(ii) *nemo iudex in propria causa* - "niemand is geskik om in sy eie saak as regter op te tree nie" *(Hiemstra & Gonin, 1981:225)*.

Dit gaan hier om die feit dat persone wat deur 'n administratiewe handeling geraak word, op 'n regverdige, onbevooroordeelde verhoor geregtig is *(Baxter, 1989:536)*.

2.4.2.2 Die vereistes vir die reëls van natuurlike geregtigheid

Op skool vind die reëls van natuurlike geregtigheid by 'n skoolhoof se kwasi-judisiële handelinge toepassing juis omdat hy by die uitoefening van sy diskresionêre bevoegdhede die subjektiewe regte, bevoegdhede en voorregte van die personeel, leerlinge of ouers kan aantas *(Bray, 1988:64)*.

Dieselfde skrywer *(Bray, 1988:65)* wys daarop dat indien die skoolhoof die reëls van natuurlike geregtigheid en ander regsvereistes nakom, sy optrede billik en regverdig sal wees. (Vergelyk <u>P v Board of Governors of St Michael's Diocesan College, Balgowan</u> 1961 4 SA 440 (N) waar regter Wessels bevind

dat die skoolhoof tydens die skorsing van 'n leerling billik en regverdig opgetree het.)

2.4.2.2.1 Die *audi alteram partem*-beginsel

*Van der Vyver (1981:280)* wys daarop dat *audi alteram partem* 'n basiese geregtigheidsbeginsel is. Vir *Baxter (1989:546-557)* behels die geleentheid om 'n mens se saak te stel, die volgende kenmerke:

(i) toereikende inligting aan die aangeklaagde;
(ii) genoegsame tyd ter voorbereiding van die verdediging;
(iii) persoonlike verskyning van die aangeklaagde is nie 'n vereiste nie;
(iv) die reg van die aangeklaagde om bewyse voor te lê en bewyse te weerlê;
(v) die reg van die aangeklaagde om getuies teen hom onder kruisverhoor te neem;
(vi) die moontlikheid van regsverteenwoordiging vir die aangeklaagde; en
(vii) die reg op 'n openlike verhoor, tensy anders voorgeskryf: ter wille van die beskerming van minderjariges word sulke verhore byvoorbeeld dikwels *in camera* gehou.

Volgens *Brassey et al. (1989:78-80)* word die volgende motiverings vir die hou van 'n regverdige verhoor aangehaal:

(i) 'n verhoor lei tot 'n beter uitspraak;
(ii) selfs God het Adam eers te woord gestaan voordat die vonnis gevel is; en
(iii) die proses van 'n verhoor het inherente waarde:
   - dit voldoen aan die beskuldigde se verwagtings;
   - dit erken die beskuldigde se menswees; en
   - dit gee aan die beskuldigde tevredenheid dat hy homself kan verdedig.

Die *audi alteram partem*-beginsel impliseer dus 'n regverdige verhoor. 'n Regverdige verhoor impliseer nie noodwendig

dieselfde formele standaarde wat geregshowe se verrigtinge behels nie; die verloop van ondersoeke sal wissel van informeel tot streng formeel, afhangende van die aard van die ondersoek, prosedure-reëls en die oortreding *(Brassey et al., 1988:3)*.

Maar die fundamentele vereistes van 'n regverdige verhoor is volgens *Baxter (1989:543-544)* vasgelê in die *audi alteram partem*-beginsel en in tydige kennisgewing.

In Van Coller v Administrator, Transvaal 1960 1 SA 110 (T) word 'n hoërskoolhoof se verplasing onder meer ter syde gestel, aangesien hy nie 'n kans gegun is om sy saak te stel nie.

2.4.2.2.2 *Nemo iudex in propria causa*

*Baxter (1989:536)* verwys na die feit dat niemand juridies 'n oordeel mag vel indien daar sprake van persoonlike vooroordeel is nie.

Die bestaan van vooroordeel word bevestig indien 'n redelike man op straat slegs 'n vermoede sou hê dat 'n persoon betrokke by die lewer van 'n uitspraak, bevooroordeeld was *(Baxter, 1989: 559-561)*.

Vir *Van der Merwe en Olivier (1985:126-127)* word die redelike man se gedrag gekenmerk deur hoedanighede wat val tussen dié van "...'n buitengewoon begaafde, versigtige of ontwikkelde persoon...(en) 'n onontwikkelde, onversigtige mens". In alledaagse terme is die redelike man 'n gemiddelde persoon.

*Baxter (1989:561-564)* onderskei drie omstandighede wat aanleiding tot vooroordeel kan gee:
(i) finansiële belange;
(ii) persoonlike belange; en
(iii) bevooroordeelde sienswyses.

*Bray (1988:67)* wys daarop dat die skoolhoof daarteen moet waak dat sy persoonlike voorkeure of afkeure nie sy objektiewe besluitneming beïnvloed nie.

2.4.2.2.3 Redelikheid en buigsaamheid

Die reëls van natuurlike geregtigheid moet nie in die toepassing daarvan rigied wees nie. Natuurlike geregtigheid behels buigsaamheid ten opsigte van die omstandighede van die saak, die aard van die ondersoek, die aard van die oortreding, ensovoorts *(Baxter, 1989:541;* vergelyk 3.4.2.3).

2.4.2.3 Die waarde van die reëls van natuurlike geregtigheid

Vir *Baxter (1989:538-540)* dien die beginsels van natuurlike geregtigheid 'n drieërlei doel:

(i) Dit maak akkurate, ingeligte besluitneming moontlik. 'n Besluit of 'n uitspraak is slegs moontlik indien alle feite, omstandighede en alternatiewe moontlikhede oorweeg is. Alle persone moes dus hulle saak gestel het.

(ii) Besluite word in die openbare belang geneem. Openbare owerhede mag nie hulle jurisdiksie oorskry nie en moet altyd in die openbare belang optree.

(iii) Dit maak voorsiening vir belangrike proses-waardes. Die onderhouding van die beginsels van natuurlike geregtigheid is 'n doel op sigself. Lord Hewart (soos aangehaal deur *Baxter, 1989:540*) skryf:
*"...justice should not only be done, but should manifestly and undoubtedly be seen to be done..."*.

*Wiechers (1984:243)* wys daarop dat die reëls van natuurlike geregtigheid nagekom moet word wanneer die uitoefening van 'n administratiewe orgaan (soos die skoolhoof) se diskresionêre bevoegdheid die kompetensies, subjektiewe regte en regsverpligtinge van onderdane (byvoorbeeld leerlinge) moontlik kan aantas.

Alle onderwysaangeleenthede, soos byvoorbeeld die skorsing van leerlinge (vergelyk 2.7.2.3), moet langs die regte kanale en volgens die korrekte prosedure gehanteer word *(Van Wyk, 1989:138-139)*.

### 2.4.3 **Middellike aanspreeklikheid**

*Hiemstra en Gonin (1981:137 en 415)* omskryf hierdie gemeenregtelike term as dat een persoon vir die handeling van 'n ander persoon verantwoordelik gehou word. *Hosten et al. (1979:432)* omskryf dit nader, waar hy skryf dat 'n werkgewer vir die onregmatige handelinge van sy werknemer aanspreeklik gehou word.

Bogenoemde gemenereg-beginsel behels vir die onderwys die omstandighede waarin die Departement van Onderwys finaal aanspreeklik vir die handelinge van sy personeel gehou word *(Oosthuizen & Bondesio, 1988:30)*.

*Neethling et al. (1990:308)* omskryf middellike aanspreeklikheid as die skuldlose aanspreeklikheid van een persoon vir die onregmatige daad van 'n ander. Hy wys ook daarop dat hierdie aanspreeklikheid te pas kom waar die twee persone in 'n besondere verhouding teenoor mekaar te staan kom.

Middellike aanspreeklikheid is dan ook slegs van toepassing indien die volgende aspekte aanwesig is *(Botha, 1990:38)*:

(i) 'n werknemer-werkgewer-verhouding moes ten tye van onregmatige handeling bestaan het;

(ii) die werknemer moes 'n onregmatige handeling uitgevoer het;

(iii) die onregmatige handeling moes tydens die uitvoering van die pligte van die werknemer geskied het; en

(iv) die werknemer moes binne die perke van sy bevoegdhede opgetree het.

Omdat die onderwyser as orgaan van die onderwysowerhede by die uitvoering van sy werk optree, kan die onderwysowerhede op grond van die beginsel van middellike aanspreeklikheid vir enige onregmatige handeling aan die kant van die onderwyser (by die uitvoering van sy pligte) aanspreeklik gehou word *(Oosthuizen & Bondesio, 1988:30)*, mits die eiser opset of nalatigheid by die onderwyser bewys *(Bray, 1988:86)*.

In Broom v Administrator, Natal 1966 3 SA 505 (D) is die ervare liggaamlike-opvoeding-onderwyser van nalatigheid aangekla toe hy seuns toegelaat het om 'n krieketpaaltjie as 'n kolf vir sagtebal te gebruik. Soos uit die titel van die hofsaak blyk, is die Administrateur tot finale aanspreeklikheid vir die onderwyser se optrede geroep. Regter Harcourt wys die eiser (Broom) se eis om skadevergoeding van die hand, aangesien die onderwyser nie nalatig opgetree het nie.

Indien 'n buitestaander (byvoorbeeld 'n ouer) sou slaag in 'n poging om skadevergoeding van die onderwysowerhede te eis, het die onderwysowerhede die reg om by die hof aansoek te doen om regresreg *(Oosthuizen & Bondesio, 1988:31)*, dit wil sê hulle kan van die werknemer (wat die onregmatige daad gepleeg het) self die skadevergoeding verhaal *(HAT, 1984:888)*.

### 2.4.4 Die *ultra vires*-leerstuk

'n Geldige administratiewe handeling berus op die basis van verleende owerheidsmagtiging, en wie daarbuite optree, se handeling is *ultra vires (Wiechers, 1984:196)*.

*Hiemstra en Gonin (1981:278)* omskryf *ultra vires* as "buite (sy) bevoegdheid". Indien 'n persoon (byvoorbeeld die skoolhoof) dus die perke van sy bevoegdhede (soos in die magtigende wetgewing uiteengesit) oorskry, sou hy *ultra vires* optree *(Bray, 1988:59-60)* en sou sy handelinge dan ongeldig wees (vergelyk S v Meeuwis 1970 4 SA 532 (T) soos reeds in 2.2.4 aangehaal).

*Baxter (1989:445)* onderskei sewe gebreke by die uitvoering van administratiewe handelinge wat tot die nietigverklaring (ongeldigheid) van sulke handelinge aanleiding kan gee:

(i) waar die kennisgewing van optrede teen 'n beskuldigde nie betyds aan hom uitgestuur word nie;

(ii) waar die kennisgewing nie in beide landstale gestuur is nie;

(iii) waar die kennisgewing nie in die korrekte koerant gepubliseer is nie;

(iv) waar openbare staatsorgane nie eie prosedure-reëls nagekom het nie;

(v) waar 'n tugkomitee nie behoorlik vir 'n ondersoek aangewys is nie;

(vi) waar die nodige verslae nie voorgelê en behandel is voordat besluite geneem is nie; of

(vii) waar besluite geneem is sonder die nodige samespreking.

Owerheidsoptrede moet volgens *Baxter (1984:301)* aan die volgende vereistes voldoen ten einde regmatig te wees:

(i) die persoon wat die handeling uitvoer, moet die bevoegdheid daartoe hê;

(ii) die handeling mag slegs deur die wettige gesagsdraer uitgevoer word;

(iii) die handeling moet volgens die toepaslike prosedure-voorskrifte uitgevoer word;

(iv) die persoon wat die handeling uitvoer, moet deurgaans billik en redelik optree; en

(v) die persoon wat die *ultra vires*-handeling uitvoer, hoop in dieselfde mate aanspreeklikheid teen hom op as wat dit onder dieselfde besondere omstandighede teen 'n private persoon sou opgehoop het.

In <u>R v Scheepers</u> 1915 AD 338, <u>R v Muller</u> 1948 4 SA 848 (O), <u>S v Meeuwis</u> 1970 4 SA 532 (T) en <u>S v Lekgathe</u> 1982 3 SA 104 (BT) was die vier beskuldigdes almal aan die onderwys verbonde en is al vier skuldig bevind aan optredes buite die perke van hulle bevoegdhede.

Om die raamwerk waarbinne administratiewe liggame hulle bevoegdhede moet uitoefen, te beskryf, word daar na die *ultra vires*-leerstuk verwys *(Bray, 1988:59)*. *Wiechers (1984:198-199)* en *Bray (1988:60-61)* is dit eens dat die beginsel wat onderliggend aan die algemene regsvereistes vir administratiewe handelinge is, die algemene legaliteitsbeginsel is wat impliseer dat administratiewe handelinge nie net binne die voorskrifte van wetgewing verrig moet word nie, maar ook dat gemeenregtelike voorskrifte en regspraak nagevolg moet word *(Wiechers, 1984:199-201)*.

Wat die onderwyssituasie betref, sou die skoolhoof nie 'n administratiewe handeling (soos byvoorbeeld die sportreëlings van 'n skool) kon delegeer indien hy (a) nie kragtens die Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie (TOD, 1993) vir die beplanning, bestuur en kontrole van daardie handeling verantwoordelik is, of (b) ingevolge die Handleiding nie die bepaalde bevoegdheid mag delegeer nie *(Bray, 1988:60)*. Sulke handelinge sou dan *ultra vires* wees.

### 2.4.5 Die onderwyser *in loco parentis*

Die Latynse regsbeginsel "*in loco parentis*" beteken "in die plek van die ouer" *(Hiemstra & Gonin, 1981:200)* en dit het uit ons Suid-Afrikaanse gemene reg ontwikkel *(Oosthuizen, 1989:108; Bray, 1992:18; Oosthuizen, 1992:56)*.

As *in loco parentis*, voer die onderwyser enersyds gedelegeerde gesag (ouerlike gesag wat vir die doel van kinders se skoolplig aan die onderwyser oorgedra word) en andersyds oorspronklike gesag (die onderwyser se regsverpligting om na die leerling se welsyn om te sien, toereikende stappe te doen ter wille van die voortsetting van die opvoedingsgebeure by en die instandhouding van die onderwysinrigting) oor die leerling op skool uit *(Boberg, 1977:464-465)*.

Wat sy opvoedingsgeroepenheid betref, is die ouerhuis die primêre opvoedingsinstelling *(Oosthuizen, 1989:105; vergelyk 3.4.2.2)*. Die ouer is egter afhanklik van die onderwyser se opvoedende onderwyskundigheid vir die skoling en ook die beroepsgereedmaking van die kind. In die onderwyssituasie tree die onderwyser dus in die plek van die ouer op vandat die kind onder die beheer van die skool inbeweeg *(Oosthuizen & Bondesio, 1988:66)*.

As professionele opvoedende onderwyskundige tree die onderwyser (naas die ouer) as 'n sekondêre opvoeder en die skool as 'n sekondêre samelewingsverband op *(Oosthuizen, 1989:105)*. Terwyl opvoedende onderwys by die huis oor die algemeen spontaan en intuïtief plaasvind, vind dit op skool doelgerig, gedifferensieerd en gespesialiseerd plaas *(Oosthuizen, 1989: 108)*; die onderwyser is verantwoordelik vir die skep van 'n ordelike leermilieu aangesien orde 'n *sine qua non* ('n voorwaarde) vir doeltreffende onderrig is *(Oosthuizen, 1989: 110)*.

In sowel die primêre as die sekondêre samelewingsverband tree die ouer en die onderwyser nie net op eiesoortige wyse op nie, maar wel ook vanuit 'n selfstandige posisie, gegrond op die beginsel van soewereiniteit in eie kring *(Oosthuizen & Bondesio, 1988:14; vergelyk 3.3)*. Die *HAT (1979:1025)* definieer soewereniteit as "oppermagtige heerskappy", wat verwys na die feit dat elke samelewingsverband vanuit sy soewereine bestaans- en beïnvloedingsreg binne sy bevoegdheidsveld 'n "oppermagtige" invloed uitoefen *(Oosthuizen, 1989:105)*.

*Oosthuizen en Bondesio (1988:14)* wys op die potensiaal vir konflik wat bestaan omdat ouer en onderwyser as selfstandige belangegroepe albei op die kind toegespits is. Hulle wys voorts daarop dat samewerking tussen ouer en onderwyser die duidelike omskrywing van die onderskeie terreine van subjektiewe regte, bevoegdhede en regsverpligtinge vereis. *Oosthuizen (1989:105)* skryf dat, hoewel die opvoedingshandeling deur gedifferensieerde opvoedingsinspraak volbring word, dit steeds 'n "een-

heidshandeling" behoort te wees.

Die implikasies van die *in loco parentis*-beginsel verwys aan die hand van *Van Wyk (1987:73)*, *Oosthuizen* en *Bondesio (1988:67)* en *Oosthuizen (1992:56-57)* na die onderwyser se regsverpligting wat betref sorgsame toesig (vergelyk 2.7.2.2.3) en die daarmee gepaardgaande tugbevoegdheid (vergelyk 2.7.2.2.6).

*Oosthuizen (1989:108)* wys daarop dat onderwys op skool gevolglik nie in isolasie van die opvoeding in die ouerhuis staan nie, maar dat die onderwyser in sy hoedanigheid as *in loco parentis* aansluiting by die opvoedkundig verantwoordbare gees en rigting van oueropvoeding moet vind.

## 2.5 STATUTêRE DETERMINANTE VAN OPVOEDENDE ONDERWYS

Die *HAT (1979:1066)* definieer die woord "statuut" as 'n "reël wat die bestuur, regte, beheer ensovoorts van een of ander genootskap bepaal; grondreël, bepaling". Wat die onderwys betref, verwys statutêre bepalende faktore na die wetgewing wat implikasies vir die onderwysprofessie het en waarvan ouers en onderwysers dus deeglik kennis behoort te dra, veral wat die implementering daarvan betref. *Mcloughlin et al. (1983:591)* wys daarop dat kennis van die wetgewing vir sover dit kinders (leerlinge) raak, 'n noodsaaklike komponent van die professionele opvoeder se voorbereiding is. Vir *Bray (1988:9)* en *Bray et al. (1989:4)* is wetgewing die belangrikste bron van die onderwysreg.

Dieselfde skrywers is dit met *Van Wyk (1987:16)* eens dat ten opsigte van die wetgewing onderskei kan word tussen parlementêre (of sentrale vlak-) wetgewing en ondergeskikte (tweede- en derdevlak-) wetgewing.

### 2.5.1 Parlementêre wetgewing

Vir die doeleindes van die onderwys word daar hier tussen algemene wetgewing en onderwyswetgewing 'n verskil getref. Eersgenoemde wetgewing raak die onderwys op 'n indirekte wyse, aangesien onderwysers eweneens deur die wetgewing geraak word *(Van Wyk, 1987:16)*.

#### 2.5.1.1 Algemene wetgewing

Hoewel sommige wette nie werklik van belang vir die onderwys is nie, is daar wel enkele wette waarvan die onderwyser kennis behoort te neem. Hierdie wetgewing het veral implikasies wat betref kinders se beskerming, beveiliging en koestering enersyds en kriminele skuldigbevinding en vonnisoplegging andersyds (vergelyk ook 2.7.2.1.3).

Die algemene wette wat hieronder in behandeling geneem word, het besondere implikasies vir die onderwys.

(a) <u>Wet op Kindersorg 74/1983</u>. Die fokus val onder andere op die beskerming van kinders en die voorkoming van mishandeling van kinders. Wat kindermishandeling betref, waarsku Artikel 50 (1) die ouer, voog of iemand in wie se bewaring die kind is (vergelyk *in loco parentis*, 2.3.6), dat iemand wat die kind mishandel of toelaat dat hy mishandel word, hom aan 'n misdryf skuldig maak. Artikel 50 (2) stipuleer dat iemand wat wettiglik vir die onderhoud van 'n kind verantwoordelik is en versuim om genoegsame voedsel, klere, herberg en mediese behandeling aan die kind te voorsien terwyl hy daartoe in staat is, hom ook aan 'n misdryf skuldig maak.

(b) <u>Wet op Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe en Rehabilitasiesentrums 41/1971</u>. Die primêre doel van hierdie Wet is die opspoor en fnuik van dwelmnetwerke. Daar rus dus ook op onderwysers die plig om inligting in verband met dwelmmisbruik of dwelmhandel aan die ower-

heidsinstansies te rapporteer *(Van Wyk, 1987: 120).*

(c) Die Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid 6/1983. Veral Artikel 9 tot 17 is van belang vir die onderwyser, aangesien hierdie Wet hom daarop instel om die veiligheid van werknemers te verseker. Die Wet geld nie vir leerlinge nie, maar wel vir onderwysers wat betref die uitvoer van hulle pligte en die beveiliging van hulle werkplek en masjinerie in plekke soos werkswinkels.

(d) Die Padverkeerswet 29/1989. Met verwysing na die onderwys bepaal Artikels 14 (2), 15 en 62 (1) dat slegs 'n gelisensieerde motorvoertuig op 'n openbare pad gebruik mag word, dat die bestuurder van so 'n voertuig gelisensieer moet wees en dat 'n voertuig wat nie in 'n padwaardige toestand is nie, nie op 'n openbare pad gebruik mag word nie. Skoolbusse word hierby ingesluit. Wat betref leerlingveiligheid by byvoorbeeld padpatrollies, mag die bestuurder van 'n voertuig wat van agter af kom, nié 'n voertuig wat by 'n voetoorgang tot stilstand gebring is, verbysteek nie (Art.109(4)). Volgens Artikel 110 (4) en (5) mag die voetganger nie op die pad talm nie en mag hy hom nie so gedra dat hy 'n bron van gevaar is of moontlik kan wees vir homself of ander verkeer nie.

(e) Wet op Outeursreg 98/1978. Artikel 12 (4) maak voorsiening vir die matige kopiëring van gedrukte werke vir opvoedkundige doeleindes. 'n Opsomming van die implikasies van hierdie Wet vir die onderwys is volgens *Van Wyk (1987:122)* die volgende:

(i) die verkoop van afdrukke mag nie op 'n winsmakery toegespits word nie. Slegs die werklike uitgawes wat aangegaan is, mag verhaal word;

(ii) die hoeveelheid afdrukke wat uit een bron gemaak mag word, is proporsioneel tot die aantal bladsye wat die werk beslaan. Prakties gesproke verwys dit na hoogstens 10 persent van die inhoud van 'n boek en hoogstens drie artikels uit 'n tydskrif; en

(iii) die afdrukke van een werk mag nie voortdurend gemaak word nie. Hierdie wetgewing moet in 'n ernstige lig beskou en gehanteer word, aangesien 'n oortreding van ook hierdie Wet ernstige strawwe tot gevolg kan hê.

(f) Die Interpretasiewet 33/1957. Die uitleg en vertolking van wetgewing word deur hierdie Wet omvat *(Van Wyk, 1987:123)*. Wat die algemene bepalings oor die uitleg van wette betref, is die Interpretasiewet 33/1957 volgens *Bray (1988:115- 118)* veral ten opsigte van die volgende aspekte vir die onderwys van belang:

(i) toepassing van die wet - Artikel 1 bepaal dat die bepalings van die Wet op die uitleg van elke wet en op die uitleg van alle verordeninge, reëls, regulasies of voorskrifte wat deur so 'n wet uitgevaardig is, van toepassing is;

(ii) die tydsfaktor - Artikel 2 skryf spesifieke wyses vir die bepaling van 'n "kalendermaand" en 'n "maand" voor, en Artikel 4 bepaal die berekening van die aantal dae; en

(iii) herroeping en inwerkingtreding van wette - Artikel 11 bepaal dat die herroepe wetsbepalings van 'n wet wat in sy geheel of gedeeltelik herroep is, van krag bly totdat die latere wet se vervangende bepalings amptelik in werking tree.

*Van Wyk (1987:123)* verwys na nog twee aspekte van die Interpretasiewet wat van algemene belang is:

(i) sekere bepalings wat betref die uitoefening van bevoegdhede en die uitvoering van pligte; en

(ii) hofreëls, wat deur *Wiechers (1984:53)* omskryf word as dít wat regsprosesse van die burgerlike howe reël.

(g) Strafproseswet 51/1977. Daar word in die Suid-Afrikaanse reg spesiale voorsiening gemaak vir alternatiewe strawwe by die skuldigbevinding van jeugdiges, en die howe is verplig om die alternatiewe handelwyses te oorweeg *(Snyman & Morkel, 1988:475)*. Wat hierdie beskermende

gesindheid teenoor die oortredende jeugdige betref, vind die Strafproseswet aansluiting by die Onderwysreg se benadering van geborgenheid *(Van Wyk, 1987:77)* en is as sodanig nie net vir die skoolhoof nie, maar ook vir byvoorbeeld die DSO van belang.

Artikel 153 (5) van die Strafproseswet bepaal dat waar 'n getuie onder die ouderdom van agtien jaar in die hof moet verskyn, die hof kan gelas dat slegs sy ouer of voog of 'n persoon in die plek van die ouer teenwoordig mag wees *(Hiemstra, 1991:339)*. Ook 'n persoon (persone) wie se teenwoordigheid by die verrigtinge (a) noodsaaklik is, of (b) deur die hof gemagtig is, mag teenwoordig wees.

Volgens Artikel 208 van die Strafproseswet word daar nie vereis dat die getuienis van kinders deur ander getuies gestaaf moet word nie. Die hof moet sulke getuienis versigtig benader en in elke geval sy goeie oordeel gebruik. Die betroubaarheid van 'n kind se getuienis moet beoordeel word op grond van sy vermoë om (a) waar te neem, (b) te onthou, en (c) gebeure weer te gee. Ook *Van der Vyver en Joubert (1985:187)* wys daarop dat 'n kind se getuienis nie gestaaf hoef te word nie, maar bepleit tog die toepassing van die "versigtigheidsreël" by die aanhoor van 'n minderjarige se getuienis. Volgens hierdie versigtigheidsreël word die minderjarige se getuienis met dié van 'n ander getuie gekontroleer *(Oosthuizen & Bondesio, 1988:41)*.

Artikel 153 (4) van die Strafproseswet bepaal dat die jeugdige as beskuldigde teen die publisiteit van 'n verhoor wat vir die algemene publiek toeganklik is, beskerm moet word.

Terwyl dit uit bogenoemde uiteensetting blyk dat die Strafproseswet 'n simpatieke houding teenoor kinders inneem, wys *Snyman en Morkel (1988:475)* daarop dat

jeugdigheid nie in alle gevalle as 'n vrywaring teen skuldigbevinding dien nie. Die infans is wel ontoerekeningsvatbaar *(Oosthuizen & Bondesio, 1988:37)*, maar tussen 7 en 14 jaar is daar 'n weerlegbare vermoede van ontoerekeningsvatbaarheid *(Oosthuizen & Bondesio, 1988:42)*. Hoe nader die kind aan 14 jaar is, hoe swakker is die vermoede van ontoerekeningsvatbaarheid *(Snyman, 1991:183)*. Snyman wys ook daarop dat dit vir die staat makliker is om die kind se kennisvermoë wat betref die ongeoorloofdheid van sy handeling by gemeenregtelike misdade soos aanranding en diefstal te bewys. Volgens *Van der Vyver en Joubert (1985:192)* is daar 'n weerlegbare vermoede van toerekeningsvatbaarheid by die kind tussen 14 en 21 jaar.

*Oosthuizen en Bondesio (1988:42-44)* wys daarop dat benewens die simpatieke oog waarmee die hof na die toerekeningsvatbaarheid van die beskuldigde jeugdige kyk, daar ook simpatieke strafoplegging plaasvind vir 'n jeugdige wat skuldig bevind word.

*Hiemstra (1983:629-641)* onderskei die tipes simpatieke strafoplegging wat vir jeugdiges oorweeg word, soos volg:

(i) die oplê van 'n boete wat verband hou met die erns van die misdaad en nie met die beskuldigde se vermoë of onvermoë om te betaal nie;

(ii) plasing in die bewaring en toesig van 'n geskikte persoon;

(iii) verwysing na 'n verbeteringskool as 'n goed-oorweegde, drastiese maatreël, wat nie vir eerste oortreders as 'n moontlike straf mag geld nie;

(iv) die toedien van lyfstraf, mits die statutêre bepalings (vergelyk 2.7.2.2.6) nagekom word; en

(v) die oplê van gevangenisstraf slegs as laaste uitweg, en dan wel afgesonder van volwasse en geharde gevangenes.

2.5.1.2 Onderwyswetgewing

Daar moet op die Wet op Nasionale Beleid vir Algemene Onderwyssake 76/1984 as 'n voorbeeld van algemene onderwyswetgewing ag geslaan word.

Ander onderwyswetgewing wat gemeld moet word, is Wet op Onderwys en Opleiding 90/1979, Wet op Onderwys vir Indiërs 61/1965, Wet op Onderwys vir Kleurlinge 47/1963. Aangesien die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad) 70/1988 uit hoofde van sy resentheid die meeste aan- dag trek, en as 'n moontlike model vir vernuwende onderwyswet- gewing beskou kan word, val die fokus vir die doeleindes van hierdie skripsie op laasgenoemde Wet.

Die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad) 70/1988 is deur die Volksraad opgestel "om voorsiening te maak vir die verskaffing van en beheer oor onderwys in skole, en aangeleenthede wat daarmee in verband staan". Wat leerlinge betref, lê dit bepaalde voorskrifte vir die gladde verloop van opvoedende onderwys vas: ouderdomsvereistes, skoolplig, moedertaalonderrig, sowel as die hantering van Bybelonderrig en godsdiensplegtighede op skool, word in die Wet in behandeling geneem. Wat die beheer, uitsetting, skorsing en dissipline van leerlinge aangaan, bevestig Artikel 64 die regsgeldigheid van die betrokke ondergeskikte onderwyswetgewing se voorskrifte.

2.5.2 Ondergeskikte **wetgewing**

Die parlementêre wetgewing verleen magtiging aan bepaalde administratiewe liggame om ondergeskikte wetgewing uit te vaardig, met dien verstande dat sulke ondergeskikte wetgewing binne die raamwerk van die magtigende parlementêre wet opgestel word *(Bray, 1988:12)*. Die *ultra vires*-leerstuk (vergelyk 2.3.5) wat bepaal of 'n orgaan buite die perke van sy statutêre bevoegdhede opgetree het, het hier betrekking.

Die onderskeie vorme van ondergeskikte wetgewing wat op die onderwys van toepassing is, word deur *Bray (1988:12-15)* soos volg geklassifiseer:

(i) Tweedevlak-wetgewing
- Proklamasies deur Staatspresident uitgevaardig.
- Regulasies deur ministers en direkteure van onderwys uitgevaardig.
- Omsendskrywes, omsendminute, handleidings en ander voorskrifte wat die organisasie en administrasie reël. Die Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie dien tot voorbeeld.

(ii) Derdevlak-wetgewing
- Wetgewende bevoegdhede van die bestuursliggaam van 'n skool ten opsigte van die finansiële en sosiale bestuur.
- Skoolbeleid wat deur die hoof en onderwysers van 'n skool by wyse van skoolreëls uitgevaardig word.

## 2.6 REGSPRAAK AS DETERMINANT VAN OPVOEDENDE ONDERWYS

Gesien die feit dat die reg sy toepassing in die mens se daaglikse handelinge vind (soos die ouer wat sy kind versorg, die skoolhoof wat die skool bestuur en die onderwyser wat sy leerlinge onderrig) *(Bray et al., 1989:5)*, word die regspraak as laaste onderwysregtelike determinant vir opvoedende onderwys van nader beskou, daar dit die subjeksregte en verpligtinge, die administratiewe onderwyshandeling, gemeneregskonsepte en statutêre determinante van nader toelig.

Volgens die *HAT (1979:889)* word die term "regspreek" omskryf as "die reg toepas". Dieselfde bron omskryf "regspraak" as "toepassing van die reg deur vonnis te vel; regspleging". Die regsprekende determinante verwys dus na hofbeslissings van vorige sake wat onder bepaalde omstandighede gesaghebbende invloed op die uitsprake van latere hofsake het. Regspraak vorm dan (saam met die gemene reg en wetgewing) die derde been van

die bronne van Suid-Afrikaanse onderwysreg *(Van Wyk, 1987: 13)*.

Hoewel die reg oor die algemeen byna onopsigtelik funksioneer, word die dwingende optrede deur staatsgesag noodsaaklik by geskille tussen individue (privaatreg), of tussen individue en owerheidsliggame/owerheidsliggame onderling (publiekreg). Waar sulke geskille besleg moet word, word bepaalde prosedures deur die howe gevolg en vorm die beslissing wat gevel moet word, deel van die regspraak *(Bray et al., 1989:5)*.

*Strauss en Strydom* (soos aangehaal deur *Beckmann & Prinsloo, 1989:7*) wys daarop dat die howe enige dubbelsinnighede in, onsekerhede oor en leemtes in die wetgewing vertolk, en daaroor uitsluitsel gee. *Van Zyl (1987:234)* verwys na die *stare decisis*-reël wat bepaal dat 'n enkele hofuitspraak reg vorm en dat 'n hof onder sekere omstandighede absoluut gebonde aan die uitspraak van 'n hoër hof is.

Die hooggeregshof het 'n inherente gemeenregtelike hersieningsbevoegdheid oor alle administratiewe handelinge. Daarbenewens is die uitsprake wat hoër howe lewer, bindend vir alle laer howe se beslissings. Met verloop van tyd is daar op hierdie wyse (hofbeslissings wat geneem is) 'n massa materiële administratiefreg opgebou. Talle uitsprake is ook direk op die onderwys van toepassing *(Bray, 1988:19)*.

In die hofsaak P v Board of Governors of St Michael's Diocesan College, Balgowan 1961 4 SA 440 (N) blyk die regsbeginsel dat howe hulle nie met die interne reëlings van skole inmeng as daar geen onregmatige handeling uitgevoer is nie. Regter Steenkamp en hoofregter Hiemstra is dit egter in S v Lekgathe 1982 3 SA 104 (BT) eens dat die skoolhoof, Lekgathe, hom skuldig gemaak het aan aanranding deur die grense van redelikheid met betrekking tot lyfstraf te oorskry. Die regters het ook in dieselfde saak bevind dat skool A se skoolhoof nie oor die leerlinge van skool B gesag mag uitoefen nie.

Aan die ander kant weer bevind regter Steyn en appélregter Ogilvy Thompson 'n koshuisvader en twee polisiemanne (van wie een lid van die koshuiskommissie was) onskuldig op 'n klag van aanranding. R v Le Maitre and Avenant 1947 4 SA 616 (K) se saak het gedraai om sewentien koshuisseuns wat elk ongeveer vyf houe vir kwaadwillige beskadiging van koshuiseiendom gekry het. Regters Steyn en Thompson het beklemtoon dat die hof teësinnig is om hom in te meng in onderwysers se diskresionêre bevoegdheid tot tuguitoefening en wys daarop dat dit noodsaaklik is om, wanneer die omstandighede dit vereis, streng maatreëls toe te pas "om kinders te leer om hulle ordentlik te gedra" *(Bray et al., 1989:48-50)*.

Wat die versorging, voorsorg en beheer ten opsigte van leerlinge betref, geld die regspraak van Knouwds v Administrateur, Kaap 1981 1 SA 544 (K). In hierdie hofsaak het die regter die relevante regsbeginsel in oorweging geneem, naamlik of die skoolhoof, die arbeider en die opsigter in die bepaalde omstandighede soos 'n redelike man (vergelyk 2.4.2.1) opgetree het. Hy bevind dat die skoolhoof nie die voorsorgmaatreëls met betrekking tot die voorkoming van ongelukke op skoolterreine (wat die redelike man wél sou getref het) getref het nie. Hy stel dit dat die skoolhoof 'n besondere plig ten opsigte van leerlingveiligheid het wanneer hulle buite speel, en dat die drie betrokkenes met die impulsiwiteit en onverantwoordelikheid van kinders rekening moes gehou het. Die regters bevind die skoolhoof, die arbeider en die opsigter skuldig aan nalatigheid ten tye van 'n ongeluk waarin 'n jong dogter haar vinger in die waaierband van 'n grasmasjien laat beland en sodoende die vinger moes laat afsit het.

In Broom v The Administrator, Natal 1966 3 SA 505 (D) val die fokus op die hoedanighede van die redelike man in alledaagse omstandighede, en gee die hof ook riglyne in dié verband. Mnr. Wilson ('n opgeleide en ervare L.O.-onderwyser) is deur 'n seun se pa van nalatigheid aangekla. Regter Harcourt wys onder andere daarop (a) dat daar altyd 'n element van gevaar by 'n aktiwiteit soos L.O. teenwoordig is, (b) dat 'n redelike man

betrokke raak by gebeure en redelike kanse waag, (c) maar ook redelike voorsorg tref om sy eie persoon en eiendom te beskerm en (d) dieselfde redelikheid van ander verwag. Met die oog hierop en in die lig van al die feite, bevind Regter Harcourt die onderwyser onskuldig aan nalatigheid.

Met verwysing na natuurlike geregtigheid wys die regter in General Medical Council v Spackman 1943 AC 627, 644-5 *(Baxter, 1989:540)* daarop dat indien daar op die beginsels van natuurlike geregtigheid inbreuk gemaak word ten opsigte van enige besluit, dit nie ter sake is of daar 'n moontlikheid is dat dieselfde besluit geneem sou word as natuurlike geregtigheid wél geskied het nie. So 'n besluit word eenvoudig ongeldig verklaar.

Die hedendaagse gesin en onderwysstelsel bevind hulle in 'n veranderde en veranderende wêreld, en die vraag is of die ouer en onderwyser die kind as mens in nood raaksien en hom steungewende begeleiding bied *(De Klerk, 1984:33)*. *De Villiers (1982:17)* stel dit dat kinders se besonder belangrike rol in 'n beskaafde regstelsel op twee aspekte gegrond is:

(i) weens hulle onvolwassenheid kan hulle maklik uitgebuit word, en daarom het hulle beskerming nodig; en
(ii) kinders kan self ook onregmatig optree, en daarom kan hulle of hulle ouers vir die onregmatige optrede aanspreeklik gehou word.

In die uitspraak van S v Meer 1981 1 SA 739 (N) wys regters Shearer en Didcott op die noodsaaklikheid van die keurige formulering van 'n regsreël, sodat diegene wat daaraan onderwerp word, presies sal weet wat hulle bevoegdhede, regte en verpligtinge behels.

## 2.7 DIE BESTAANDE REGSPOSISIE VAN DIE LEERLING

Die regte van leerlinge moet beskou word as die regte van mense wat in hulle vroeë ontwikkelingsfases verkeer (vergelyk 3.3.1),

en daar is dus 'n behoefte daaraan om kinderregte van die universele menslike natuur en behoeftes af te lei *(Farmer, 1982: 82-83*; vergelyk 3.1).

Deur die eeue heen is die regte van kinders misken, waarby twee basiese (foutiewe) veronderstellinge inbegrepe was *(Caldwell, 1989:4)*:

(i) ontkenning van die regte wat betref kinders sou lei tot die beskerming van die minderjarige; eers as hy volwasse en in staat tot eie goeie oordeel is, sou hy verantwoordelikheid vir sy eie besluite en handelinge hoef te aanvaar (vergelyk die opvolgende Hooggeregshofsaak van R v Le Maitre and Avenant 1947 4 SA 616 (K) waar regter Steyn daarop wys dat die koshuisseuns presies geweet het waaroor dit gaan en wat hulle gedoen het toe hulle met die moedswillige beskadiging van eiendom voortgegaan het); en

(ii) ouers behoort en moet vertrou word om só op te tree, dat hulle self die regte van hulle kinders beskerm (vergelyk R v Janke and Janke 1913 TPD 382 waar albei ouers skuldig bevind is aan aanranding ten opsigte van hulle 13-jarige dogter).

Dieselfde skrywer *(Caldwell, 1989:4)* is dit eens met *Foster en Freed (1981:344)* dat kinderregte as sodanig nie minderjariges van morele en wetlike verpligtinge vrystel nie. Dit is veel eerder gemik op 'n verdieping van hulle verantwoordelikheidsin. Laasgenoemde skrywers gaan 'n stap verder wanneer hulle skryf dat meer selfbeskikkingsreg en verantwoordelikheid aan minderjariges noodwendig tot groter aanspreeklikheid aanleiding gee.

### 2.7.1 Beperking en beskerming van die leerling se regte

Vir die leerling as regsubjek (vergelyk 2.2.2.1) is dit veral sy ouderdom wat beperkinge op sy volwaardige deelname aan die regsverkeer stel. Soos in 2.2.3.1 aangedui is, beskik die kind

oor volle regsbevoegdheid (as draer van regte en verpligtinge), maar slegs beperkte handelings- en verskyningsbevoegdheid. Wat toerekeningsvatbaarheid betref, is daar die moontlikheid dat 'n leerling skuldig bevind kan word vir die oortreding wat hy begaan het.

Die regsisteem tree simpatiek op teenoor sowel (a) die hantering van die kind, as (b) die straf van die skuldige kind (vergelyk 2.5.1.1 en 3.4.2.3). Artikel 258 (4) van die Strafproseswet 51/1977 *(Hiemstra, 1991:563)* handel juis oor jeugdigheid as 'n faktor wat opset in die uitvoering van 'n handeling beïnvloed. Talle uitsonderings vir jeugdiges onder 18 jaar kom in die Strafproseswet voor. Soos die aantekening na Artikel 294 *(Hiemstra, 1991:669)* dit stel:

> "...die belang van die gemeenskap kan nie gedien word deur die belange van die jeugdige oor die hoof te sien nie, want 'n ongepaste straf kan meebring dat 'n verwronge of nog meer verwronge persoonlikheid na die gemeenskap toe terugkom... Dit moet duidelik wees in hoeverre die jeugdige 'n behoorlike begrip gehad het van hoe afkeurenswaardig sy gedrag is en in hoeverre hy deur oueres op 'n dwaalspoor gelei is."

In die lig van die feit dat kinderverwaarlosing en kindermishandeling al hoe meer voorkom *(Oosthuizen & Bondesio, 1988:52)*, is dit nog dringender dat die kind teen gevare vir sy lewe, gesondheid, verstandelike ontwikkeling en geestelike welsyn beskerm moet word *(Van der Vyver & Joubert, 1985:613; Prinsloo, 1989:90)*. *Van der Vyver en Joubert (1985:625)* haal die uitspraak van Calitz v Calitz 1939 AA 56 aan, waar dit duidelik gestel word dat howe hulle in die uitoefening van ouerlike gesag kan en sal inmeng as die ouer se optrede gevare vir die lewe, gesondheid of sedes van die kind inhou. Howe kan selfs 'n vroeëre bevel wat betref die beheer en toesig oor die kind, wysig.

Waar dit gaan oor die inhoud van ouerlike gesag en die grens wanneer die uitoefening van die gesag onregmatig sal wees, word owerheidsingryping geregverdig (a) by 'n onregmatige inbreukmaking van die ouer op 'n subjektiewe reg van die kind, of (b) by die ouers se verbreking van 'n regsplig *(Fick, 1991:48). Fick* wys voorts daarop dat by bepaling van wat onregmatig sou wees en wat die aard en omvang van die ingryping sal wees, die belange van die kind oorweging geniet (vergelyk 3.3.1).

Wat die onderwys betref, dien R v Scheepers 1915 AD 338 as voorbeeld ten opsigte van die hof se inmenging met die uitoefening van 'n onderwyser se gesag, sou dit onregmatig wees. In hierdie geval is 'n laerskoolhoof, Scheepers, deur sowel die landdroshof as die Appélafdeling skuldig bevind aan onregmatige optrede by die toepassing van tug.

### 2.7.2 Regte waarop minderjarige leerlinge aanspraak kan maak

Die regsubjektiwiteit van die leerling verleen aan hom die kompetensie om spesifieke rolle op bepaalde terreine van die samelewing te vul *(Bondesio, 1989:33;* vergelyk 3.3.1). Onder hierdie rolle is die volgende voorbeelde relevant:

(i) op 16 mag hy sy eie testament opstel;
(ii) op 18 kry hy stemreg;
(iii) op skool kan hy die amp van prefek beklee indien hy bevoeg geag word;
(iv) in 'n hofgeding kan hy as getuie optree; en
(v) hy kan onder sekere omstandighede as eiser of verweerder in 'n hofgeding optree.

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat die minderjarige leerling, terwyl hy die bepaalde rol vul, die draer van spesifieke rolverwante regte en verpligtinge word (vergelyk 3.4.2).

#### 2.7.2.1 Persoonlikheidsregte

Die *HAT (1979:833)* omskryf "persoonlikheid" as "alles wat iemand 'n heeltemal eie karakter gee". *Van der Vyver (1987: 361)* wys daarop dat die regsubjek regtens nie net op regsobjekte met ekonomiese waarde 'n aanspraak het nie, maar wel ook op aspekte van sy eie persoonlikheid, soos reeds in paragraaf 2.2.3.2 genoem. Laasgenoemde aanspraak van die regsubjek omvat twee veronderstellinge *(Van der Vyver & Joubert, 1985: 14)*:

(i) daar bestaan 'n verhouding tussen die regsubjek en sy persoonlikheidsgoed, waaruit hy regtens die bevoegdheid verkry om daaroor te beskik en dit te geniet; en

(ii) daar bestaan 'n verhouding tussen die regsubjek en derde partye, waaruit hy regtens die bevoegdheid verkry om "...van derdes (te) kan vorder om sy aanspraak op sy persoonlikheidsgoed te duld...".

Dieselfde skrywers *(1985:54)* verduidelik dat, gesien die feit dat elke regsubjek oor regsbevoegdheid beskik (vergelyk 2.2.3.1), daar reeds by geboorte (regtens die begin van regsubjektiwiteit) minstens 'n aanspraak op persoonlikheidsregte en onderhoud ontstaan (vergelyk 3.4.2.1).

Die reg verleen erkenning en beskerming aan persoonlikheidsregte wat op liggaamlike integriteit *(corpus)*, die goeie naam *(fama)* en die waardigheid *(dignitas)* van die regsubjek betrekking het *(Neethling et al., 1990:267)*.

##### 2.7.2.1.1 Die reg op liggaamlike integriteit

Die liggaam geld as die mens se hoogste regsgoed *(Neethling et al., 1990:271)* en as sodanig geniet alle regsubjekte regtens die reg op beskerming van sy psigiese en liggaamlike integriteit.

Uit *Neethling (1985:86-88)* blyk dit dat die krenking van die liggaam nie uitsluitlik geweldaadig van aard hoef te wees voordat dit as *iniuria* (persoonlikheidskending) aangemerk word nie. Voorbeelde van sodanige nie-gewelddadige aantasting van die liggaam (wat op veral die minderjarige leerling betrekking het), is aan die hand van dieselfde skrywer die volgende:

(i) kinders wat met alkohol beskonke gemaak word, sodat hulle fisies siek raak (S v Marx 1962 1 SA 848 (N));

(ii) die onthouding van voedsel of beddegoed (Whittaker and Morant v Roos and Bateman 1912 AD 92);

(iii) om in die gesig gespoeg te word (Stoffberg v Elliott 1923 CPD 148, 152);

(iv) om deur die gesig geklap te word (Botha v Pretoria Printing Works Ltd 1906 TS 710, 714); en

(v) ouers en persone *in loco parentis* wat die grense van hulle tugbevoegdheid oorskry (R v Scheepers 1915 AD 338; S v Meeuwis 1970 4 SA 532 (T)).

*Beckmann (1989:55)* wys daarop dat, uit hoofde van 'n onderwyser se werk, sy gespesialiseerde kennis van die kind en sy onderwyservaring, hy daartoe in staat behoort te wees om groter en doeltreffender sorgsaamheid wat betref die beskerming van die fisiese en psigiese integriteit van die kind aan die dag te lê.

2.7.2.1.2 Die reg op 'n goeie naam en aansien

*Neethling et al. (1990:275)* omskryf 'n persoon se "goeie naam" as die agting en aansien wat hy in die samelewing geniet. *Van der Vyver en Joubert (1985:167)* wys daarop dat selfs die infans oor die reg op 'n goeie naam en aansien beskik.

Terwyl die reg op 'n goeie naam op die gebied van die lasterreg lê *(Neethling, 1985:123)*, gaan dit dus om die onregmatige en opsetlike openbaarmaking van woorde of gedrag van 'n ander, met gevolg dat sy aansien of goeie naam ondermyn word. Die objektiewe redelike man-toets (vergelyk 2.4.2.1) is volgens

dieselfde skrywer *(1985:130)* van deurslaggewende belang by die vraag na onregmatigheid op die gebied van laster.

Met verwysing na die minderjarige leerling, is die volgende kategorieë wat aan die hand van die redelike man-toets as lasterlik beoordeel word *(Neethling, 1985:134-136)*, van besondere belang:

(i) neerhalende opmerkings aangaande 'n persoon se fisieke of geestelike gesteldheid (Tothill v Foster 1925 TPD 857);

(ii) bewerings wat die morele en sedelike lewe van 'n persoon swak voorstel (Jasut v Paruk 1983 4 SA 728 (N) 732-3);

(iii) opmerkings wat betref grootmense se finansiële posisie wat die kind in verleentheid bring (Borkum v Cline 1959 2 SA 670 (N)); en

(iv) neerhalende opmerkings oor 'n persoon se ras, of sodanige beskouings (Brill v Madeley 1937 TPD 106).

In S v Legathe 1982 3 SA 104 (BT) het regter Steenkamp die skoolhoof, Legathe, onder andere skuldig bevind aan onregmatige optrede op grond van die vernedering wat die leerling ervaar het toe hy geslaan, geskop en geklap is.

2.7.2.1.3 Die reg op menswaardigheid

*Neethling et al. (1990:13-15)* stel dit duidelik dat die waardigheidsbegrip as 'n omvattende regsterm beskou moet word, in soverre dit die eergevoel, privaatheid, identiteit en gevoelslewe van die regsubjek insluit.

*Joubert* (soos aangehaal deur *Neethling, 1985:40*) omskryf die algemene reg op eergevoel as die erkentlikheid wat aan die geestelik-sedelike waarde van die mens as die kroon van God se skepping gegee word. Vir *Neethling (1985:190-192)* bestaan die krenking van 'n persoon se eergevoel uit belediging van sy persoon, en die volgende gevalle van eerskending, soos dit in sy werk aangetref word, is van besondere belang met be-

trekking tot die minderjarige leerling:

(i) beledigende of vernederende woorde wat mondeling of skriftelik aan 'n ander toegevoeg word (Jackson v NICRO 1976 3 SA 1 (A));

(ii) minagting van 'n ander deur vernederende of bespottende optrede (Tiffen v Cilliers 1925 OPD 23, 31);

(iii) minagting van ouerlike gesag deur 'n buitestaander (Coetzee v Meintjies 1976 1 SA 257 (T)); en

(iv) onkuise seksuele voorstelle of gedrag (R v Terblanche 1933 OPD 65).

Wat die reg op privaatheid betref, omvat dit alle persoonlike feite wat op die bepaalde persoon in sy afgesonderheid van betrekking is *(Neethling, 1985:43)*. By die opvoedende onderwys van die minderjarige leerling word daar uitdruklike statutêre verpligtinge op voogde en persone *in loco parentis* gelê:

(i) Artikel 153 (4) van die Strafproseswet 51/1977 bepaal dat waar 'n beskuldigde onder die ouderdom van 18 jaar in die hof moet verskyn, die hof kan gelas dat slegs sy ouer of voog of 'n persoon in die plek van die ouer teenwoordig mag wees. Die uitsondering is waar 'n ander persoon se teenwoordigheid noodsaaklik of deur die hof gemagtig is (vergelyk 2.5.1.1);

(ii) Artikel 153 (5) bepaal dieselfde met betrekking tot die jeugdige as getuie (vergelyk 2.5.1.1);

(iii) Artikel 154 (3) van die Strafproseswet 51/1977 bepaal dat niemand die reg het om inligting te publiseer wat die identiteit van 'n beskuldigde of getuie (onder die ouderdom van 18 jaar) by strafregtelike verrigtinge openbaar sal maak nie. Die voorsittende regter of regterlike amptenaar kan wel sodanige publikasie van inligting magtig indien dit regverdig, billik en in belang van die jeugdige sal wees;

(iv) Artikel 3.6 van die professionele gedragskode vir onderwysers, opgestel deur die Federale Onderwysersraad, bepaal dat die onderwysbestuurder vertroulike inligting aangaande leerlinge slegs mag bekendstel indien hy

magtiging daartoe het; en

(v) die Wet op Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe en Rehabilitasiesentrums 41/1971, soos bespreek in 2.5.1.1, maak staat op 'n vennootskaplike samewerking tussen ouers en onderwysers wat betref die identifisering en rapportering van jeugdiges en wanpraktyke.

Anders as in die geval van liggaamlike integriteit, goeie naam en eergevoel, is daar (soos blyk uit die voorafgaande paragraaf) by die jeugdige se aanspraak op privaatheid, regtens uitsonderings waar dié besondere reg hom in eie belang ontneem moet word.

Voorbeelde waar 'n jeugdige sy reg op privaatheid ontneem word, is tydens sy aanhouding weens verdenking van 'n misdaad wat hy gepleeg het, of waar hy by wyse van 'n hofbevel in 'n verbeteringskool geplaas word.

Ten opsigte van die minderjarige leerling se reg op 'n identiteit en 'n gevoelslewe, word daar met sy reg op identiteit verwys na dié aspekte van sy persoonlikheid wat hom van ander onderskei: onder andere sy lewensgeskiedenis, karakter, stem, handskrif en naam *(Neethling, 1985:47)*. Die reg op 'n gevoelslewe verwys na die innerlike gewaarwordinge (geestelik-sedelike gevoelens) wat betref aspekte soos die liefde, die geloofslewe, sentiment en kuisheid *(Neethling, 1985:41)*. Dieselfde skrywer *(1985:199 en 254)* wys daarop dat die beskerming van die reg op 'n gevoelslewe regtens tans tot 'n groot mate onverkende terrein is. Wat betref die reg op identiteit, is dit met die uitspraak van Universiteit v Tommie Meyer Films (Edms) Bpk 1979 1 SA 441 (A) dat hierdie reg ten eerste male in Suid-Afrika as 'n selfstandige persoonlikheidsreg erken is.

2.7.2.2 Regte wat betref welstand en ontwikkeling

Die ouer en onderwyser word in 'n vennootskap saamgesnoer om

hulle gesamentlik, en ook aanvullend tot mekaar, vir die ontwikkeling van die minderjarige se potensiaal te beywer *(Oosthuizen & Bondesio, 1988:13)*.

Van Loggerenberg (soos aangehaal deur *Oosthuizen & Bondesio, 1988:13*) wys op die invloed wat kultuur op enige opvoedingstelsel het. Die ontwikkeling van die minderjarige moet as sodanig in samehang met die eise en atmosfeer van die gemeenskap plaasvind (vergelyk 3.4.2.2).

Die ouers se regsverpligtinge teenoor veral hulle minderjarige kinders word in wetgewing en die gemene reg aangedui, maar volgens *Van der Vyver en Joubert (1985:612)* hou die ouers se onderwysplig byvoorbeeld nie noodwendig op by die nakom van wetlike voorskrifte wat betref skoolplig en skoolbesoek nie. Die ouerlike plig om verdere opleiding aan die minderjarige wat aan die vereistes van minimum skoolplig voldoen, te verskaf, word deur faktore soos die minderjarige se vermoëns en die ouers se vermoënsposisie bepaal.

2.7.2.2.1 Onderhoud en welsyn

*Spiro (1985:30)* wys daarop dat die verpligting wat op die ouers rus om te sorg vir die onderhoud en welsyn van hulle kinders (vergelyk 3.3.1.1), voortspruit uit die ouerlike gesag. Hoewel die vlak waarop die minderjarige se onderhoudsreg bestaan, deur die lewensstandaard en die sosio-ekonomiese aansien van die ouers bepaal word *(Prinsloo & Beckmann, 1987: 82)*, moet hierdie ouerlike plig op so 'n wyse uitgevoer word, dat die kind voorberei word om sy plek as volwassene in die samelewing vol te staan *(Boberg, 1977:259)*. In Martins v Martins 1959 2 PH B19 (O) is 'n vader deur die hof verplig om werk te soek ten einde voorsiening vir die onderhoud van sy vrou en kind te kan maak.

Benewens die algemeen gemeenregtelike reg wat die kind op onderhoud en welsyn het, wys *Spiro (1985:31)* op die vol-

gende bepalende aspekte:

(i) indien die minderjarige of meerderjarige kind daartoe in staat is om homself en sy ouers te onderhou, en sy ouers is nié, dan rus daar 'n onderhoudsverpligting op die kind ten opsigte van sy ouers;

(ii) by 'n minderjarige kind wat in staat is daartoe om homself te onderhou, verval die ouerlike onderhoudsplig vir solank die kind vermoënd is, maar die ouerlike gesag oor die kind bly egter onveranderd geld; en

(iii) by 'n kind van meerderjarige ouderdom wat nié daartoe in staat is om homself te onderhou nie, bly daar regtens steeds 'n ouerlike onderhoudsplig, al het die ouerlike gesag reeds verval.

Uit die werk van *Boberg (1977:258-261)* blyk dit (a) dat die ouer se onderhoudsplig en die kind se onderhoudsaanspraak by geboorte van die kind onstaan, en (b) dat die kind se onderhoudsaanspraak nie net tot fisiese middele beperk word nie. Selfs regsaanspreeklikheid van die ouers met betrekking tot betaling van regskoste vir óf teen die kind kan hierby ingesluit word.

Volgens die Suid-Afrikaanse regstelsel beskik die minderjarige oor die reg om sy ouers vir onderhoud te dagvaar indien dit hom ontsê word *(Spiro, 1985:399)*.

*Beckmann (1989:71)* wys daarop dat die onderwyser *in loco parentis* (vergelyk 2.4.5) verplig is tot die volgende:

(i) waaksaamheid oor die fisieke en psigiese welsyn van die leerling solank hy onder sy sorg is;

(ii) die voorsien van moontlike skade of benadeling of besering van die leerling; en

(iii) die doen van redelike stappe om skade, benadeling of besering te voorkom.

2.7.2.2.2 Opvoeding en onderwys

*Boberg (1977:259-260)* en *Spiro (1985:88-89)* stel dit duidelik dat die kind 'n reg het op onderwys of opleiding (vergelyk 3.3.1.1) wat hom in staat sal stel om sy plek in die samelewing in te neem.

*Van Schalkwyk (1988:182-183)* onderskei 'n aantal nie-tipiese verpligtinge van die staat met betrekking tot onderwys, wat ooreenstemmende regte vir die minderjarige leerling teweegbring:

(i) die staat is verantwoordelik vir die instelling van verpligte onderwys, wat die voortbestaan en ontwikkeling van gemeenskappe sal verseker;

(ii) die staat moet bekostigbare finansiële hulp aan ouers wat nie opvoedende onderwys van hulle kinders kan bekostig nie, verleen;

(iii) die staat moet toesien dat gelyke onderwysgeleenthede, ooreenkomstig elke minderjarige leerling se potensiaal, voorsien word;

(iv) die staat behoort 'n vasgestelde minimum onderwysstandaard te vereis en te handhaaf;

(v) die staat is verantwoordelik vir die juridiese wettiging van die karakter van die onderwys, vir sover dit deur die gemeenskap begeer word. Terselfdertyd behoort die staat egter ook die breë nasionale vorming van sy burgers en die inskerping van die lewensfilosofie van die gemeenskap te vereis;

(vi) die staat behoort sake soos moedertaal- en godsdiensonderrig volgens die lewensfilosofie van die gemeenskap te reël; en

(vii) die staat behoort toe te sien dat die betrokke onderwysliggame nie hulle bevoegdheidsperke oorskry nie: soewereiniteit in eie kring moet verseker word.

Hoewel die staat sy rol moet vervul, wys *De Vries (1984:40)* daarop dat opvoedende onderwys onmoontlik is indien daar nie wedersydse aanvaarding tussen volwassene en kind is nie. Die

kind word nie nét opgevoed deur wat die volwasse opvoeder sê nie, maar ook deur die voorbeeld wat hy stel *(De Vries, 1984: 41)*.

Vir die volwassene berus die aanvaarding van die kind by die voorsiening van veiligheid (vergelyk 2.7.2.2.3) en geborgenheid *(De Vries, 1984:40)*.

2.7.2.2.3 Beskerming en veiligheid

Die eerste belangrike stap na akademiese prestasie is die kind (leerling) se fundamentele reg op beskerming *(Distad, 1987: 745; vergelyk 3.3.1.1)*.

By die bespreking van Algemene Wetgewing (vergelyk 2.5.1.1), is dit veral die volgende wette wat kinders se beskerming, beveiliging en koestering wil verseker:

(i) Wet op Kindersorg 74/1983 - beskerming en voorkoming van mishandeling;
(ii) Wet op die Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe en Rehabilitasiesentrums 41/1971 - beskerming van die kind teen gevare en onheile;
(iii) Padverkeerswet 29/1989 - verkeersveiligheidsaspekte; en
(iv) Strafproseswet 51/1977 - beskermende gesindheid teenoor die oortredende jeugdige.

*Beckmann (1985:141)* wys op sogenaamde "negatiewe regte" waarop die kind aanspraak kan maak:

(i) die reg om nie mishandel te word nie;
(ii) die reg om nie as die eiendom van volwassenes beskou te word nie;
(iii) die reg om nie aan 'n onbegrendse interpretasie van die *in loco parentis*-begrip onderwerp te word nie (vergelyk 3.4.2.2.6);
(iv) die reg op beskerming teen andere wat sy vryheid wil aantas; en

(v) die reg op beskerming teen mediese eksperimentering op hom.

Ook wat die skool betref, maak wetgewing voorsiening vir die beskerming en veiligheid van die kind. In 2.5.1.2 is daar verwys na Onderwyswetgewing en die gepaardgaande regulasies en omsendminute wat die belange van die kind op die hart dra. Daar moet egter daarop gelet word dat minderjarige leerlinge nie net ten opsigte van hulle ouers, voogde, onderwysers en ander volwassenes regte het nie, maar ook ten opsigte van ander leerlinge *(Bray, 1992:24)*.

So wys *Beckmann (1985:141)* op die moontlike skorsing of verwydering van 'n leerling indien hy deur sy taal of gedrag die handhawing van 'n hoë sedelike peil, dissipline-vlak of sosiale welsyn op skool in die gevaar stel. Noodwendig moet die korrekte prosedure by die skorsing of uitsetting van leerlinge gevolg word, soos uiteengesit in die Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie *(TOD, 1993:33-39)* en die Regulasies ingevolge die Wet op Onderwysaangeleenthede 70/1988 (RSA, 1992).

Verskillende skrywers *(Henderson, 1987:435; Van Wyk, 1987:88; Bondesio et al., 1989:35-36)* stem saam dat sowel ouers as onderwysers 'n verpligting ten opsigte van die veiligheid van die minderjarige leerling het. *Botha (1990:34-35)* neem dit verder as hy wys op twee faktore wat die toets vir moontlike nalatige optrede van die onderwyser beïnvloed: (a) as professionele persoon word die feit van deskundigheid in sy optrede aanvaar, en (b) gegrond op die onbekwaamheid van kinders *(Neethling et al., 1990:123)* vereis die reg 'n hoër mate van volwassenes se sorgsaamheid wanneer hulle met kinders werk. Daar word van onderwysers verwag om soos 'n redelike persoon, nie nalatig nie en ook in ooreenstemming met formele regulasies wat betref toesighouding oor en veiligheid van leerlinge, op te tree *(Bray et al., 1989:96-97)*.

By die moontlike nalatige optrede van byvoorbeeld 'n onderwyser, moet die bestaan van sowel die voorsienbaarheids-

komponent ("sou die redelike man die intrede van die nadeel as 'n moontlike gevolg van sy gedrag voorsien het?"), as die voorkombaarheidskomponent ("sou die redelike man stappe ter voorkoming van hierdie voorsienbare nadeel gedoen het?") ten opsigte van die tersaaklike nadeel bewys word *(Bray et al., 1989: 96-97; Botha, 1990:32; Neethling et al., 1990:118-123)*.

Op skool hou die vervoer van leerlinge, die speelterrein, die sportveld, die swembad, liggaamlike opvoedings- en gimnastiekklasse en buitemuurse aktiwiteite die meeste gevare vir die veiligheid van die minderjarige leerling in. Gevolglik wys *Van Zyl (1987:89)* op 'n aantal vereistes wat onderwysdepartemente aan skole stel:

(i) elke skool is verantwoordelik vir die opstel van 'n duidelike skoolbeleid wat betref leerlingveiligheid;

(ii) die onderwysers en leerlinge moet voortdurend voorligting wat die veiligheidsbeginsels betref, ontvang;

(iii) die opgestelde skoolbeleid moet daadwerklik in die praktyk uitgevoer word;

(iv) onveilige toestande moet op skool uitgeken word;

(v) waar dit nodig en moontlik is, moet voorsorgmaatreëls getref word;

(vi) dissiplinêre stappe moet by die opsetlike oortreding van veiligheidsbeginsels gedoen word; en

(vii) daar moet konsekwent en noukeurig van alle skoolongelukke rekord gehou word.

Hoofstuk 14 van die Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie *(TOD, 1993)* handel uitsluitlik oor die veiligheid van leerlinge. Vanaf beserings wat leerlinge op skool opdoen, tot by riglyne vir die implementering van die Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid 6/1983, word hier gedek. In 14.1.2 van hierdie handleiding *(TOD, 1993:98)* word skoolhoofde op die volgende gewys: "Onderwysers behoort egter te onthou dat kinders noukeurige toesig vereis en dat daar gevolglik 'n groot verantwoordelikheid op die onderwyser rus".

Wat sy sorgsaamheidsplig betref, is die onderwyser vir sielkundige én fisiese toesig oor en beheer van die leerling verantwoordelik *(Bray, 1992:20)*. Voorbeelde in die praktyk is volgens Bray (a) die visentering van leerlinge se tasse/ sluitkassies/persoon en beslaglegging op verbode goedere, en (b) die inperking van hulle reg op vrye meningsuiting om ander leerlinge se fisiese veiligheid en fyngevoeligheid te beskerm.

Hoewel *Bray (1992:20)* daarop wys dat <u>visentering/ beslaglegging</u> moontlik die leerling se menswaardigheid en sy reg op privaatheid mag aantas (vergelyk 3.4.2.2.4), en ook sy reg op opvoeding en onderwys wanneer skorsing/uitsetting (vergelyk 2.7.2.3) die gevolg van dissiplinêre optrede is, is visentering/ beslaglegging tog volgens haar dikwels die enigste manier waarop (a) 'n leerling se veiligheid beskerm kan word en (b) die opvoedingsproses ononderbroke kan voortgaan. Die rede vir, doel met en wyse waarop visentering plaasvind, is die bepalende faktor. Indien die onderwyser straf, verkleinering, onredelikheid of onregverdigheid met visentering beoog (vergelyk die vereiste van *bona fides* soos in 2.3.1.4), sou die handeling onregmatig wees. Ook hier geld die leerlinge se prosessuele regte (vergelyk 2.7.2.3 en 3.4.3).

In haar artikel stel *Bray (1992:22)* die volgende riglyne vir die hantering van visentering/beslaglegging (vergelyk 3.4.2.2.4) voor:

(i) leerlinge en ouers moet oor die prosedure ingelig word;

(ii) visentering moet slegs uitgevoer word indien daar 'n redelike vermoede bestaan dat verbode goedere gevind sal word;

(iii) die onderwyser met die magtiging om te visenteer, moet nog 'n personeellid by hom hê om prosedures te verifieer;

(iv) skole moet hulle van naak-deursoeking of massavisentering weerhou; en

(v) indien die polisie betrokke is, moet skole op 'n lasbrief aandring.

2.7.2.2.4 Vertroulikheid en korrektheid van inligting

Daar is reeds in 2.7.2.1 verwys na die vertroulike hantering van 'n jeugdige se getuienis, en in 2.5.1.1 is spesifieke artikels van wette wat betrekking op minderjarige leerlinge het, uitgelig. In die Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie *(TOD, 1993:262-264)*, word die vertroulikheid van leerling-aangeleenthede beklemtoon. Die verskaffing van inligting oor afwykende leerlinge word slegs op grond van 'n dagvaarding aan instansies verskaf; sodanige inligting word uiters vertroulik aan die Departement van Gesondheid en Welsyn voorsien, mits dit amptelik en skriftelik aangevra word; dit word nie deur die Transvaalse Onderwysdepartement wenslik geag dat van sy amptenare in hofsake waarby leerlinge betrokke is, verskyn nie; die bekendmaking van ouers se adresse aan buite-instansies word aan die skoolhoof se diskresie oorgelaat, maar by die opsporing van skuldenaars word provinsiale of staatsdepartemente daadwerklik bygestaan deur die verskaffing van ouers se adresse.

In die professionele Gedragskode vir Onderwysers *(RSA, 1986: 3)*, word onderwysers in artikel 3.6 op die leerling se reg op vertroulikheid gewys (vergelyk 3.3.1.1). Tog wys artikel 4.2 ook op die onderwyser se plig om die leerling se ouers genoegsaam, wat betref sy vordering, op hoogte te hou.

Wat die botsing tussen verskillende partye se regte betref, skryf *Grant (1982:97-98)* dat leerlinge byvoorbeeld die reg op beskerming van sekere vertroulike verhoudings op skool het, maar dat skoolhoofde die reg het om samewerking van die leerling te verwag wat betref redelike opdragte, en dat ouers terselfdertyd die reg het om oor hulle kinders ingelig te word.

*Oosthuizen (1991:1-7)* wys op die besondere verantwoordelikheid ten opsigte van die oordra van inligting wat op die skouers van die Departementshoof: Opvoedkundige Leiding rus. Uit hoofde van (a) sy eksklusiewe inligting wat betref beroepe en hulle voorvereistes, en (b) sy toegang tot leerlinge se skolastiese vordering en hulle aanlegtoetse *(TOD, 1993:50-*

51), is die Departementshoof: Opvoedkundige Leiding regtens verplig om inligting aangaande beroepsaangeleenthede op 'n verantwoordelike, professionele wyse aan die leerling oor te dra (vergelyk 3.3.1.1). Nalatige wanvoorstelling kan tot 'n verkeerde beroepskeuse van die leerling lei. Die ouers van so 'n waningeligte leerling kan die onderwyser en die onderwys-departement daarvoor aanspreeklik hou *(Oosthuizen, 1991:1)*.

2.7.2.2.5 Spel

*Caldwell (1989:5)* verwys na die Verenigde Nasies se 1979-lys van kinderregte, waarvolgens elke kind die reg op volle geleentheid tot spel en ontspanning het (vergelyk 3.3.1.1). *Zettersten (1991:14)* sluit hierby aan, waar hy skryf dat elke kind geregtig is op "kindwees".

Sowel *Almy (1984:350)* as *Gotts (1988:274)* is dit eens dat spel (a) 'n belangrike komponent van die gesonde ontwikkeling van die kind, en (b) bepalend vir sy welstand en vaardigheid is. Eersgenoemde skrywer neem die saak heelwat verder deur op die volgende uitstaande kenmerke van hierdie spesiale aktiwiteit te wys:

(i) deurdat kinders se belangstelling tydens spel veral op hulleself gerig is, bestaan daar intrinsieke motivering om oplossings vir probleme in hulle fisiese of sosiale wêreld te vind;

(ii) tydens spel lei die eksperimentering met verskillende moontlikhede om 'n doelwit te bereik, tot plooibare denke en probleemoplossings;

(iii) die simboliek in kinders se gedragspel lei tot vaardigheid wat betref hipotetiese beredenering en logiese transformasie;

(iv) tydens spel is die kind vry van eksterne reëls, en kry hy die geleentheid om sy eie op te stel: sodoende maak hy van 'n veel ryker woordeskat as andersins gebruik;

(v) tydens spel ontdek die kind wat hy alles met verskillende voorwerpe kan doen, en leer hy só die wêreld en sy

eie vermoëns verstaan; en

(vi) tydens spel is sy konsentrasievlak só intens, dat sy aandag nie maklik afgelei word nie.

Volwassenes behoort 'n kind se spel te waardeer en te respekteer, en het daarom die plig om die kind van genoegsame tyd en spasie vir spel te voorsien *(Almy, 1984:350)*.

Volgens die Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie *(TOD, 1993:2.2.2)*, moet daar in die skoolrooster tyd ingeruim word vir een of meer pouses, wat in totaal minstens 30 minute per skooldag duur.

2.7.2.2.6 Gesag en dissipline

Die kind se reg om gesag te ontvang, spruit voort uit sy onvermoë om buite gesag om heen, volwaardige verstandelike en geestelike selfstandigheid te bereik *(De Vries, 1984:42)*. By die kind bewerkstellig gesag eers orde ('n uitwendige toestand van reëlmatigheid) en later dissipline ('n inwendige, verinnerlikte toestand van reguleerbaarheid) *(Van der Walt, 1983:75)*.

In sy hunkering na simpatieke gesagsleiding, maak hy staat op die volwassene se verantwoordelikheidsin by die stel van bepaalde grense. Solank die grense billik is en 'n veilige ruimte vir die kind skep, sal die kind die nodige respek en agting teenoor die volwassene betoon *(De Vries, 1984:42)*.

Terwyl *Van der Walt (1983:74-75)* skryf dat daar nie sprake van opvoeding kan wees indien gesag nie teenwoordig is nie, wys *De Vries (1984:41)* op die kind se hunkering na 'n navolgenswaardige voorbeeld. In die opvoedingsituasie bly dit vir 'n opvoeder 'n goue reël om te alle tye konsekwent met strengheid en liefdevol met die uitoefening van gesag op te tree *(Van der Walt, 1983:75)*.

Dieselfde skrywer *(Van der Walt, 1983:75)* dui aan dat bogenoemde uitoefening van gesag terselfdertyd ook tug behels, en dat die kind die reg het op die uitoefening van tug as 'n liefdeshandeling, en nie as vorm van vergelding nie. Met "vergelding" word hier verwys na "wraakneming" (HAT, 1979: 1243).

Hoewel sy bevoegdheid nie sover strek as dié van die ouer nie, beskik die onderwyser oor die gemeenregtelike bevoegdheid om die kind te straf *(Snyman, 1991:144; Bray, 1992:17-18)*. *Snyman (1991:144)* en *Heaton (1987:399)* is dit eens dat die tugbevoegdheid van die onderwyser uit juridiese oogpunt sy oorsprong in die verhouding onderwyser-leerling het.

Te midde van die vennootskaplike verhouding waarin die ouer en onderwyser staan, wys *Boberg (1977:465), Prinsloo en Beckmann (1987:109)* en *Oosthuizen (1992:80)* daarop dat die onderwyser *in loco parentis* (vergelyk 2.4.5) oor sowel 'n oorspronklike tugbevoegdheid (waar die skool 'n soewereine gesagsfeer binne sy eie kring handhaaf) as 'n gedelegeerde tugbevoegdheid (waar die ouer aan die onderwyser die bevoegdheid oordra om gesag oor die leerling op skool uit te oefen) beskik.

Hoewel *Bray (1992:18)* in haar artikel skryf dat onderwysers slegs oor 'n gedelegeerde tugbevoegdheid beskik, is die *Federale Onderwysersraad (1980:19)* dit eens met *Oosthuizen en Bondesio (1988:68 en 72)* en *Van der Merwe en Olivier (1985:108)* dat 'n juridiese beskouing van die regsbeginsel *in loco parentis* 'n oorspronklike tugbevoegdheid aan die onderwyser toeken (vergelyk 3.4.2.2.6).

Regter Horwitz wys in <u>R v Muller</u> 1948 4 SA 848 (O) daarop dat 'n onderwyser se tugbevoegdheid nie noodwendig net voortvloei uit gedelegeerde gesag aan hom oorgedra vanaf die ouer nie, maar dat dit ook oorspronklike gesag kan wees wat voortspruit uit die onderwyser se plig om ook die welsyn van die skool en die ander leerlinge te beskerm.

Terwyl *Olmesdahl (1984:529 e.v.)* wys op die beperkings wat voorskriftelike ordonnansies, wette en regulasies ongetwyfeld op die toedien van byvoorbeeld lyfstraf op skool plaas, wys *Bray (1992:17-18)* daarop dat onderwysers hulle tugbevoegdheid op 'n behoorlike en redelike manier moet uitoefen.

Die statutêre voorskrifte met betrekking tot lyfstraf, skorsing en uitsetting as vorme van leerlingtug is vervat in die Regulasies ingevolge die <u>Wet op Onderwysaangeleenthede 70/1988</u>. Wat die determinante vir lyfstraf betref, is dit in die besonder Regulasie 4 (1992:269-271) wat betrekking het:

(i) Slegs oortredings van 'n ernstige aard regverdig die toedien van lyfstraf. Voorbeelde wat in die Regulasie genoem word, is die volgende: ernstige pligsversuim, ernstige ongehoorsaamheid, weerspannigheid, opsetlike eiendomsbeskadiging, diefstal, oneerlikheid, aanranding, onwelvoeglikheid, afknouery en stokkiesdraai.

(ii) Die oortreding moet volgens die korrekte prosedure gehanteer word (vergelyk 2.7.2.3), voordat die lyfstraf toegedien word.

(iii) Slegs die skoolhoof, 'n skriftelik gemagtigde persoon of 'n onderwyser in teenwoordigheid van die skoolhoof of gemagtigde, mag lyfstraf toedien.

(iv) Lyfstraf word in die skoolhoof se kantoor of 'n plek deur hom aangewys, toegedien. By afwesigheid van die skoolhoof word die lyfstraf in die kantoor van die onderwyser in beheer of in die plek deur hom aangewys, toegedien.

(v) Die toediening van lyfstraf word aan sekere voorwaardes onderwerp:

* slegs op die sitvlak "...wat met gewone kleding bedek is...";
* slegs met 'n rottang of gladde lat;
* slegs tot 'n maksimum van vyf houe;
* slegs nadat die ouderdom en fisiese gesondheid van die leerling in ag geneem is;
* slegs aan manlike leerlinge bokant standerd 1, mits hulle ouers nié mediese sertifikate wat sertifiseer

dat lyfstraf 'n nadelige uitwerking op die seun kan hê, by die skoolhoof ingelewer het nie; en

* slegs in afwesigheid van ander leerlinge.

(vi) Daar moet stiptelik register gehou word van (a) die naam en ouderdom van die leerling, (b) die rede vir die lyfstraf, (c) die houe toegedien, (d) die datum waarop en (e) die naam van die persoon deur wie die lyfstraf toegedien is. Hierdie register moet te alle tye vir die Superintendent van Onderwys (in die geval van die openbare skool) en aan Bestuursliggame (in die geval van die staatsondersteunde skool) beskikbaar wees.

Die toelaatbaarheid en gewenstheid van massastraf en ontgroening kom nou ter sprake. Wat ontgroening betref, stel die Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie *(TOD, 1993:39 en 39.1)* dit dat ontgroening en inlywing van nuwelinge (hetsy byvoorbeeld op skool of op die leerlingraad) in enige verskyningsvorm ten strengste verbied word. 'n Waarskuwing wat betref vergeldingstappe word teen oortreders gerig. Terselfdertyd word daarop gewys dat skoolhoofde op die gewenstheid van voorligting en leiding van nuwelinge in dié verband moet let. Skoolhoofde bly verantwoordelik vir 'n opvoedkundig gefundeerde program, wat op verantwoordelike wyse uitgevoer word.

*Prinsloo en Beckmann (1987:260)* beskou die toepas van sogenaamde massastraf as 'n verskyningsvorm van lyfstraf wat met die grootste omsigtigheid gehanteer moet word. Ook *Bondesio et al. (1989:94-95)* is dit eens met *Prinsloo en Beckmann* waar hulle daarop wys dat daar aan bepaalde vereistes (vergelyk 2.7.2.3) voldoen moet word om die toediening van massastraf sowel opvoedkundig as juridies te verantwoord.

Wat regspraak betref, is daar in die uitspraak van <u>R v Muller</u> 1948 4 SA 848 (A) deur regter-president De Beer en regter Horwitz die volgende bevindings bereik: Muller (die koshuisvader) is skuldig bevind aan aanranding op 27 seuns, uit hoofde van die feit dat (a) genoegsame getuienis wat betref al 27 seuns se skuld aan uittartende optrede ontbreek, (b) die korrekte prose-

dure nie voor die toediening van massastraf gevolg is nie, en (c) lyfstraf soos hier toegedien, 'n vorm van sadisme is.

In die strafregtelike saak van aanranding wat teen 'n koshuisvader en twee polisiemanne ingestel is (R v Le Maitre and Avenant 1947 4 SA 616 (K) soos bespreek in 2.6), het regter Steyn en regter Thompson die drie beskuldigdes onskuldig op 'n klag van aanranding op 17 koshuisseuns (wat elk omtrent vyf houe gekry het) bevind. Regter Steyn wys daarop dat dit onder sekere omstandighede vir 'n onderwyser nodig is om streng maatreëls toe te pas ten einde kinders hulle ordentlik te laat gedra. Hy gaan voort deur daarop te wys dat howe hulle nie maklik met onderwysers se diskresionêre bevoegdheid, veral wat betref die uitoefening van tug, inmeng nie. Met inagneming van die besondere omstandighede van hierdie saak (17 koshuisseuns wat hulle oor 'n tydperk van twee jaar aan kwaadwillige eiendomsbeskadiging skuldig gemaak het), beslis regter Steyn dat slegs massastraf die "gesag van die onderwyser" kon laat geld, op grond van die feit dat behoorlike ondersoek ingestel is.

Uit bogenoemde uiteensetting blyk dit duidelik dat daar in Suid-Afrika groot meningsverskil ten opsigte van die tugtiging deur middel van lyfstraf aan minderjariges heers. Om hierdie rede bepleit *Olmesdahl (1984:544)* die Sweedse verbod op lyfstraf as 'n vorm van ouerlike óf skooldissipline.

Dit is veral *Bray (1992:17-19)* wat die meningsverskil oor die wenslikheid en effektiwiteit van tug in die vorm van lyfstraf in behandeling neem. Met die eerste oogopslag blyk dit dat lyfstraf op skool die bepalinge van 'n handves van regte (vergelyk hoofstuk 3) - naamlik die reg op menswaardigheid en privaatheid; die beskerming van die individu teen vernederende straf - aantas. Dieselfde skrywer wys daarop dat indien die howe hiermee sou saamstem, lyfstraf as vorm van skooldissipline as ongrondwetlik beskou sal word. Onderwyswetgewing wat lyfstraf toelaat, sal dan ongeldig verklaar word.

*Bray (1992:18-19)* is daarvan oortuig dat enige soort lyfstraf op 'n skending van die individu se basiese regte uitloop (vergelyk 3.4.2.2.6). In die praktyk is dit onmoontlik om volle beheer oor die uitoefening van lyfstraf op skool te hê (ten spyte van regulasies en voorskrifte), en gevolglik kan dit steeds op wrede en oormatige straf uitloop. *Bray (1992:19)* stel dit duidelik dat die bekwame, sorgsame en oordeelkundige onderwyser van alternatiewe opvoedkundig verantwoordbare dissiplinêre maatreëls gebruik sal maak.

*Prinsloo (1990:53-54)* verskil van laasgenoemde standpunt wanneer hy na tug, straf of bestraffing as 'n "onontbeerlike opvoedingsmiddel" verwys. Hy grond sy sienswyse op kinders se geestelike onvolwassenheid, en hulle neiging om neergelegde reëls, norme óf waardes te verontagsaam. *Salomo (Spr. 22: 15)* onderskryf hierdie geneigdheid waar hy sê:

> "Onverstandigheid is eie aan 'n jongmens,
> maar 'n pak slae haal dit uit hom uit".

*Prinsloo (1990:53-54)* beskou die uitoefening van tug op skool as die poging van onderwysers om die minderjarige leerling tussen reg en verkeerd te leer onderskei, met dien verstande dat (a) die korrekte prosedure gevolg word, en (b) die tuguitoefening redelik en matig geskied.

2.7.2.3 Prosessuele regte

In die opsomming van die Interimverslag oor Groeps- en Menseregte *(RSA, 1991:11)* word die term gebruik om na die individu se regte wat tydens arrestasie, aanhouding, verhoor en strafoplegging geld, te verwys (vergelyk 3.4.2.3).

*Bray (1992:23)* neem die beginsel "op geregtelike wyse; volgens regsvoorskrifte" in behandeling, en wys daarop dat hierdie beginsel sowel die individu se reg op 'n regverdige verhoor in siviele/kriminele howe as sy reg op administratiewe regverdigheid insluit. Laasgenoemde aspek streef die regverdige en rede-

like optrede van byvoorbeeld die onderwysowerheid na (vergelyk 3.4.2.3).

In hierdie skripsie word daar met hierdie term verwys na die korrekte prosedure wat by die toedien van lyfstraf en die skorsing en/of uitsetting van die minderjarige leerling gevolg moet word. Vir die onderwys word die voorgeskrewe prosedures in die Regulasies ingevolge die Wet op Onderwysaangeleenthede 70/1988 vervat.

*Heaton (1987:401-402)* wys daarop dat die *bona fides* (goeie trou en opregtheid, soos in 2.3.1.4 bespreek) van die persoon wat tug of bestraffing uitoefen, nie afdoende bewys van regmatigheid is nie. Daar moet terselfdertyd ook 'n redelike ondersoek gehou word voordat die diskresie om tug toe te pas, uitgeoefen word. Ook *Bray (1992:20)* bepleit die uitoefening van redelikheid. Die onderwyser moet regverdig en sover moontlik onbevooroordeeld optree en die leerling 'n kans gee om sy saak te stel.

2.7.2.3.1 Die toepassing van natuurlike geregtigheid

Soos daar reeds in 2.4.2 aangedui is, impliseer die reëls van natuurlike geregtigheid dat alle partye in 'n betrokke saak die kans gegun moet word om hulle kant te stel en te probeer verdedig (vergelyk ook 3.3.1).

Vrye meningsuiting is volgens *Bray (1992:22)* 'n fundamentele vryheid van die mens, wat op skoolgebied manifesteer in die leerlinge se vryheid om te mag praat, te publiseer, te betoog en hulle menings te mag lug (vergelyk 3.4.2.2.4). Dieselfde skrywer stel dit onomwonde dat die inkorting of beperking van leerlinge se vrye meningsuiting, op 'n redelike wyse in die onderwys moet plaasvind: 'n leerling moet die geleentheid kry tot 'n regverdige en onpartydige aanhoor van sy kant van die saak (vergelyk 2.4.2.1).

Met betrekking tot lyfstraf in die onderwys verbied Regulasie 4 (1) (b) (1992:269) van die Regulasies ingevolge die Wet op Onderwysaangeleenthede die uitoefening van lyfstraf, tensy die minderjarige leerling se skuld "...in 'n volledige ondersoek waartydens die leerling 'n geleentheid moet kry om sy saak te stel...", bewys is. Onderwysers word hier verplig tot die erkenning van die kind se reg op die *audi alteram partem*-beginsel *(Bray, 1992:23)*.

Met verwysing na die skorsing van 'n leerling (vergelyk 2.7.2. 3.2) verplig Regulasie 5 (2) (a) (RSA, 1992:271) van die Regulasies ingevolge die <u>Wet op Onderwysaangeleenthede 70/1988</u> die skoolhoof om by die oorweging van die skorsing van 'n leerling "...al die wesenlike feite wat ter sake is gedurende 'n onderhoud aan die betrokke leerling en sy ouer (te) stel om hulle in staat te stel om vertoë te rig waarom die leerling nie geskors behoort te word nie...", met die uitsondering dat die skoolhoof in dringende gevalle 'n leerling sonder die hou van 'n onderhoud mag skors.

Die Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie *(TOD, 1993:33-39)* maan skoolhoofde tot groot omsigtigheid by die skorsing en/of uitsetting van 'n minderjarige leerling, aangesien dit beide sy toekoms én sy regte as persoon ernstig kan benadeel. Die volgende riglyne word ten opsigte van die skorsing en uitsetting van 'n leerling gebied:

(i) skorsing moet nie as 'n strafmaatreël, gerig daarop om die leerling later weer toe te laat, beskou word nie;
(ii) skorsing moet as 'n laaste uitweg gekies word; en
(iii) skorsing moet nie in 'n groepverband uitgevoer word nie: elke leerling moet individueel geëvalueer word.

2.7.2.3.2 Prosedure voor en na die skorsing en/of uitsetting van 'n leerling

Skorsing beteken dat die leerling deur die skoolowerheid tydelik van skoolaktiwiteite uitgesluit word. Uitsetting is 'n

ernstige stap wat kan beteken dat so 'n leerling permanent deelname aan skoolaktiwiteite ontsê word *(Bray, 1992:19)*.

Soos reeds in 2.7.2.3.1 aangedui is, vereis Regulasie 5 (2) (a) van die Regulasies ingevolge bogenoemde Wet 70/1988 dat sowel die leerling as sy ouer 'n kans gegun moet word om hulle saak te stel wanneer skorsing oorweeg word, tensy dit 'n dringende geval is. Regulasie 5 (2) (b) en (c) (1992:273) verplig die skoolhoof om die leerling in kennis te stel indien hy wel geskors word, om sy ouers skriftelik van die skorsing in te lig en om 'n verslag aan die Superintendent van Onderwys (in die geval van 'n openbare skool) of die Bestuursliggaam (in die geval van 'n staatsondersteunde skool) beskikbaar te stel, met insluiting van vertoë wat gerig is om die skorsing af te weer.

Volgens Regulasie 6 (1992:273-274A) beslis die Uitvoerende Direkteur (in die geval van 'n openbare skool) of die Bestuursliggaam (in die geval van 'n staatsondersteunde skool) ná oorweging van die skoolhoof se verslag of 'n leerling wat deur die skoolhoof geskors is, uitgesit moet word, en of hy onder sekere voorwaardes hertoelating behoort te kry. Selfs die ongereelde skoolbywoning sonder goeie rede van 'n leerling wat nie meer skoolpligtig is nie, regverdig uitsetting van so 'n leerling, mits die skoolhoof die ouer skriftelik gewaarsku het dat voortgaande pligsversuim van die leerling tot uitsetting sal lei.

Om die vraag te beantwoord of die skorsing en/of uitsetting van 'n leerling sy basiese regte skend, wys *Bray (1992:19)* op drie vrae:

(i) Bestaan daar 'n verpligte, gratis onderwysstelsel?

(ii) Weeg die belange van die individuele leerling swaarder as dié van ander leerlinge?

(iii) Word die reg op onderwys beskerm en verseker in 'n Handves van Regte (vergelyk hoofstuk 3)?

Terwyl dit so is dat selfs 'n kort skorsing van 'n leerling 'n nadelige uitwerking op sy lewe kan hê (wat betref sy akademiese rekord, sy reputasie onder onderwysers en maats, latere ge-

leenthede vir verdere opleiding en sy indiensneming), skryf *Bray (1992:19-20)* dat skoolowerhede 'n leerling mag skors of uitsit indien die breë openbare belang van die onderwys in die gedrang kom (vergelyk 3.4.2.3). Sy bepleit die regverdige en onbevooroordeelde optrede van die onderwysowerheid en 'n billike kans vir die leerling om sy kant te stel.

2.7.2.3.3 Die reg op appél

Kragtens Regulasie 6 (soos in die voorafgaande paragraaf bespreek) het ouers/voogde die reg op appél indien hulle veronreg voel oor 'n beslissing wat betref die skorsing of uitsetting van 'n minderjarige leerling. Ingevolge 'n beslissing oor skorsing kan ouers/voogde hulle op die Superintendent van Onderwys (in die geval van openbare skole) of op die Bestuursliggaam (in die geval van staatsondersteunde skole) beroep om die beslissing ter syde te stel. Die Superintendent of Bestuursliggaam se beslissing is dan finaal.

2.7.3 Die verpligtinge van die minderjarige leerling

Alle konflikterende aansprake van die individu op sy regte, die Staat op sy regte, die onderwysowerheid op sy regte en die ooreenstemmende pligte en verantwoordelikhede moet in die perspektief van die bepaalde omstandighede gesien en beoordeel word *(Bray et al., 1989:93-96)*.

2.7.3.1 Onderwerping aan gesag

Gesag, dissipline en tug gaan gepaard met die uitoefening van toesig en beheer oor die minderjarige leerling. *Bondesio (1989:43)* wys daarop dat die kind hom hieraan moet onderwerp, gehoorsaam moet wees en alle redelike opdragte moet uitvoer. Ook *Prinsloo en Beckmann (1987:31)* en *Van Wyk (1987:81)* is dit hiermee eens dat die leerling verplig is om eerbied en

gehoorsaamheid teenoor sy ouers/voogde/onderwysers te betoon.

*Foster en Freed (1972:352)* gaan verder wanneer hulle dit stel dat weerspannige kinders nie toegelaat moet word om hulle te laat begaan nie. Kinders behoort meer verdraagsaam teenoor volwassenes te wees, solank regverdige en redelike eise aan hulle gestel word.

Volgens *De Vries (1984:42)* is dit nie net 'n kind se reg om gesag te ontvang nie (vergelyk 2.7.2.2.6), maar sal hy terselfdertyd eers gehoorsaam wees as die volwassene self sy eie gehoorsaamheid aan gesag laat blyk.

### 2.7.3.2 Morele verpligting

Daar rus aan die hand van *Beckmann (1985:121)* 'n morele verpligting op die minderjarige leerling wat betref die volgende aspekte:

(i) die minderjarige leerling mag nie sy gesondheid in die gevaar stel deur byvoorbeeld aan gevaarlike aktiwiteite deel te neem of dwelmmiddels te gebruik nie;

(ii) die minderjarige leerling is verplig daartoe om homself só toe te rus vir die samelewing dat hy in staat is daartoe om voordeel uit die tegnologiese ontwikkeling te trek; en

(iii) die minderjarige leerling is verplig daartoe om sy reeds bestaande kennis en vaardighede te verfyn, aan mense bekend te maak en ook beskikbaar te stel.

Dit blyk duidelik dat die minderjarige leerling die plig het om sy lewe en aktiwiteite so te rig dat dit tot voordeel van almal om hom strek.

### 2.7.3.3 Skoolplig en skoolreëls

Terwyl die ouer/voog verantwoordelik is vir die opvoeding en

onderwys van die minderjarige leerling, word die leerling regtens verplig om skool by te woon vir solank hy skoolpligtig is. Herhaalde ongehoorsaamheid of verbreking van redelike reëls kan die algemene welsyn van die skool bedreig en dus op skorsing (vergelyk 2.7.2.3.2) uitloop *(Bondesio, 1989:43)*. Laasgenoemde beteken egter nié dat die ouers van hulle opvoedingsplig onthef word of dat die minderjarige leerling sy reg op opvoeding ontneem word nie.

Wat skoolplig betref, word daar van die minderjarige leerling verwag om hom aan die skoolreëls te onderwerp, in die besonder sover dit skoolbywoning, ordereëls, gehoorsaamheid aan onderwysers en die uitvoer van opdragte aangaan *(Bondesio, 1989: 43)*.

### 2.7.3.4 Deelname aan aktiwiteite

Die VN se *Declaration of Rights* (soos aangehaal deur *Prinsloo en Beckmann, 1987:65*) wys daarop dat kinders hulle regte en vryhede tot hulle eie voordeel sowel as dié van die gemeenskap moet aanwend. Aansluitend hierby stel *Prinsloo en Beckmann (1987:95)* en *Bondesio (1989:43)* dit dat wat deelname en vryheid betref, dit die kind se plig is om aan gebeure en aktiwiteite in die gemeenskap deel te neem.

## 2.8 SAMEVATTING

Die status wat die Suid-Afrikaanse leerling in die opvoedende onderwys beklee, word deur sy staanplek binne die regsverkeer bepaal. Die kind is as regsubjek 'n natuurlike persoon wat in eie reg 'n draer van kompetensies, subjektiewe regte en regsverpligtinge is. Uit hoofde van sy jeugdigheid is die omvang van sy status beperk. Die beperkings wat hom opgelê word (byvoorbeeld beperkte handelingsonbevoegdheid ten opsigte van kontraksluiting), is nie 'n poging om sy menswees aan te tas nie, maar dui eerder op die ordeningsfunksie van die reg en

dien om die kind te beskerm. Die omvang van die kind se status neem toe en sy regsbeperkings word minder namate hy ouer word.

Terwyl die kenbronne van die reg bestaan uit die gemene reg, wetgewing en regspraak, is dit juis die gemene reg wat aan onderwysers (a) die gesag verleen om onderwys-relevante handelinge uit te voer, (b) in *loco parentis*-verpligtinge oplê, en (c) besondere kompetensies gee.

Die uitoefening van 'n skoolhoof se kompetensies lei dikwels tot die aantasting van ander onderwysbelanghebbendes se subjektiewe regte, kompetensies en verpligtinge. Om hierdie rede is daar bepaalde voorskriftelike prosedures wat deur middel van veral die gemene reg en regspraak vasgelê is. Vir 'n administratiewe handeling om geldig te wees, moet daar aan al die geldigheidsvereistes voldoen word. Sodoende sal die regte van die leerling geëerbiedig word.

Alle mense, dus ook leerlinge, is byvoorbeeld geregtig op 'n regverdige en billike verhoor. Dit impliseer dat ook leerlinge 'n kans gegun moet word om hulle kant van 'n saak te stel, en dat die optrede van volwassenes aan die kriterium van die redelike man beoordeel word. Hoewel daar vasgestelde prosedures is, vereis geregtigheid tog dat sodanige prosedures buigsaam sal wees. Hiermee word verwys na (a) die omstandighede, (b) die aard van die saak, (c) die toepaslike reëls, en (d) die erns van die oortreding wat in oorweging geneem moet word, voordat daar tot 'n besluit gekom word.

Verbreking van bepaalde statutêre en gemeenregtelike voorskrifte maak so 'n persoon skuldig aan 'n misdryf. Ofskoon die *Wet op Kindersorg 74/1983* en die *Strafproseswet 51/1977* 'n simpatieke instelling teenoor minderjariges het en dus 'n waarskuwende houding teenoor volwassenes inneem wat 'n verkeerde invloed op hulle uitoefen, kan jeugdiges aan ernstige oortredings skuldig bevind word. Jeugdigheid sal in so 'n geval egter as 'n strafversagtende faktor in ag geneem word.

Die verslae van vorige hofsake maak gesamentlik die regsprekende gesag as 'n bron van die Suid-Afrikaanse reg uit. Dit is vir die onderwys gebiedend noodsaaklik om op die feite en bevindings van vorige regsgedinge te let.

Dissipline op skool is een van die aspekte waaroor groot meningsverskil bestaan. Hoewel skooldissipline sekere basiese menseregte van die leerling mag skend, is regte nooit absoluut of sonder beperkinge nie: die belange van die individuele leerling moet teen die belange van ander leerlinge en ook dié van die onderwysowerhede opgeweeg word, ten einde te besluit of die aantasting van regte wettig of onwettig is.

# HOOFSTUK 3

## DIE REGTE VAN 'N LEERLING: 'N MENSEREGTELIKE PERSPEKTIEF AS DETERMINANT VAN OPVOEDENDE ONDERWYS

### 3.1 INLEIDING

Uit die vorige hoofstuk blyk dit dat die status wat die Suid-Afrikaanse leerling in die opvoedende onderwys beklee, deur sy staanplek binne die regsverkeer bepaal word. As regsubjek is die leerling draer van kompetensies, subjektiewe regte en regsverpligtinge. In hierdie hoofstuk word daar gepoog om die fokus te laat val op die subjektiewe regte en gepaardgaande regsverpligtinge van die kind, afgelei vanuit die universeel-menslike natuur en universeel-menslike behoeftes soos voorgestel deur *Farmer (1982:83)* en reeds genoem in 2.7.

Met die oog op 'n omskrywing van die universeel-menslike natuur en behoeftes word verskillende menseregteaktes (sowel bestaande as voorgestelde) van nader beskou, met die doel om op grond van ooreenkomste en verskille wat betref kinderregte tot nuwe insigte te kom (vergelyk 1.4). Daar is reeds in 2.7.2.2.6 verwys na die meningsverskil wat onder andere bestaan oor die uitoefening van lyfstraf gesien in die lig van 'n Handves van Menseregte. In hierdie hoofstuk word daar ingrypend hierna gekyk.

Terwyl sowel *Bray (1992:16)* as *Beckmann en Prinsloo (1993:44)* daarop wys dat die instelling van 'n Suid-Afrikaanse menseregtehandves 'n uitgemaakte saak is, stel *Robinson (1993:1)* dit duidelik dat 'n Suid-Afrikaanse menseregteakte benewens grondwetlike vernuwing ook 'n ingrypende verandering op die privaatreg en privaatregtelike verhoudinge (waarvan die ouer-kind-verhouding en daarmee saam die

beskerming van kinders van regsweë 'n voorbeeld is) sal uitoefen. Volgens *Robinson* lê laasgenoemde verandering daarin dat, hoewel die ouer-kind-verhouding op die oomblik in Suid-Afrika hoofsaaklik deur die privaatreg (vergelyk 2.1) beheers word, voorstelle waarvolgens kinders in die voorgestelde menseregteakte beskerm word, die aangeleentheid nou in 'n publiekregtelike kader plaas. *Van der Vyver (1987:343)* omskryf die publiekreg as dat dit onder andere die verhouding tussen die staatsowerheid as gesagsliggaam en die staatsonderdane reël.

Aan die hand van *Robinson (1984:213)* is die verhouding tussen onderwysowerheid en leerling 'n bepaalde verskyningsvorm van die publiekregtelike verhouding tussen owerheid en onderdaan wat nie deur 'n ongenuanseerde menseregtebenadering verklaar kan word nie (vergelyk 3.2). Dit wil sê die <u>regte</u>, <u>belange</u> en <u>verpligtinge</u> van die owerheid én die individu moet afgebaken en geharmonieer word. 'n Menseregtebenadering moet dus nie (a) bloot oor ongeïnhibeerde aansprake, of (b) oormatige owerheidsdwang gaan nie.

In hoofstuk 3 word die menseregtelike perspektief as determinant van opvoedende onderwys soos volg van nader beskou:
(i) 'n omskrywing van die begrip menseregte;
(ii) 'n ontleding van die aard en oorsprong van menseregte;
(iii) kinderregte as verskyningsvorm van menseregte;
(iv) kinderregte beskou vanuit 'n menseregteakte/kinderregteakte; en
(v) 'n menseregtelike beskouing van die verpligtinge van die leerling as minderjarige.

## 3.2 BEGRIPSPRESISERING

*Van der Vyver (1987:313)* omskryf 'n menseregteakte as grondwetlike of ander statutêre bepalings wat die regsvormende organe van die staat bind aan bepaalde geregtigheidsnorme. In die Verenigde State van Amerika dwing gewone geregshowe die menseregteakte af, terwyl spesiale grondwetlike howe in sommige

ander lande ingestel is vir die handhawing van menseregteaktes.

Terwyl *Boulding (1979:5)* van mening is dat regte en verpligtinge samelopende aspekte van die konsep menseregte is (vergelyk 3.3), wys *Robinson (1984:211-213)* op die gevaar van menseregte wat slegs 'n vergestalting is van regte waarop die individu teenoor die staat aanspraak maak. So gesien, ontbreek die verpligtinge wat as teenpool van hierdie regte op die individu rus. Terwyl die reg hom besig hou met die harmoniëring van regte en verpligtinge, ontbeer 'n ongenuanseerde menseregtebenadering kennelik hierdie afbakeningsmoontlikheid (vergelyk 3.1).

Te midde van bogenoemde paragraaf se problematiek haal *Prinsloo en Beckmann (1987:28)* vir Neethling aan waar hy die onderskeid bepleit tussen (a) blote aansprake op menseregte en (b) menseregte as publieke vryhede, subjektiewe regte of bevoegdhede binne die privaatreg wat daarop afgestem is om die individu te beskerm teen ongeoorloofde aantasting van die owerheid.

Wat die implikasies hiervan vir die onderwys betref, skryf *Van Schalkwyk (1981:121-122)* dat die emansipasie van die mens gepaard gegaan het met die siening dat hy die reg het om onderwys te ontvang. Dieselfde skrywer voeg by dat hierdie siening aanvaarbaar is solank die mens terselfdertyd ook bereid is daartoe om sy verantwoordelikhede na te kom.

## 3.3 DIE AARD VAN MENSEREGTE

Die leerstuk van menseregte is volgens *Van der Vyver (1987: 74-77)* deur die Engelse filosoof, John Locke (1632-1704), geïnisieer toe hy in reaksie teen die outokratiese optrede van Engeland se vorstehuis in die sewentiende eeu, in die konflik wat tussen die owerheid en sy onderdane ontstaan het, die onderdane se kant gekies het. Gedurende die twintigste eeu is hierdie leerstuk wêreldwyd aanvaar as 'n maatstaf aan die hand

waarvan regstelsels beoordeel word.

In 'n neutedop gesien, was Locke van mening dat elke mens hom oorspronklik in 'n idilliese natuurstaat bevind met natuurlike aansprake *(Van der Vyver, 1987:77-78)*:

(i) op lewe;

(ii) op vryheid (die kompetensie van elke mens om sy natuurlike regte na eie goeddunke te vervreem); en

(iii) op eiendom (die kompetensie van elke mens om hom private eiendomsreg toe te eien).

Volgens Locke se menseregteteorie (soos omskryf deur *Van der Vyver, 1987:78)* lê die enigste bestaansreg van 'n politieke owerheid opgesluit in sy plig om die mens se reg op lewe, vryheid en eiendom te beskerm.

Die Calvinisme in Suid-Afrika staan simpatiek teenoor die idee van menseregte: *Van der Vyver (1987:84-85)* verwys na H.G. Stoker, Potchefstroomse filosoof, se veronderstelling dat die fokuspunt van die mens se ontiese regte (ander skrywers verwys na basiese menseregte) geleë is in sy geroepenheid om 'n vooraf bestemde roeping te vervul (sogenaamde ampsbediening) en sodoende aan sy bestemming as mens te beantwoord. Wat opvoedende onderwys betref, vind *Van der Walt (1983:21)* hierby aansluiting waar hy skryf dat die mens 'n wese met 'n bestemming is en dat opvoeding gerig is op die ewige bestemming van die kind êrens in die toekoms.

*Van der Vyver (1987:85)* beklemtoon twee elemente van Stoker se menseregteteorie:

(i) sowel die individu as sosiale strukture (byvoorbeeld die gesin en die onderwys) het ontiese regte (basiese menseregte); en

(ii) 'n reg gaan hand aan hand met ooreenstemmende verpligtinge (vergelyk 3.2).

Die Calvinistiese menseregteteorie sentreer om 'n besondere mensbeskouing en is gekoppel aan die leerstuk van sosiale

entiteite se soewereiniteit in eie kring (vergelyk 2.4.5).

Vir Dooyeweerd (soos aangehaal deur *Van der Vyver, 1987:490-491*) beteken die beginsel van sosiale entiteite se soewereiniteit in eie kring die volgende:

(i) verskillende soorte sosiale entiteite het elk 'n eie aard, bepaal deur die interne struktuur daarvan;

(ii) die tipiese struktuur van 'n bepaalde sosiale entiteit word nie deur historiese omstandighede of sosiale toestande van die samelewing bepaal nie; en

(iii) elke soort sosiale entiteit is onherleibaar.

Uit die voorafgaande paragraaf blyk dit duidelik dat byvoorbeeld die gesin en die onderwys nie sy interne kompetensies of gesag aan byvoorbeeld die staat ontleen nie: dit is die natuurlike uitvloeisel uit die soewereiniteit in eie kring van daardie sosiale entiteite. *Van der Vyver (1987:494)* wys daarop dat elke sosiale entiteit sy aktiwiteite sover moontlik behoort te beperk tot die kring van sy bestemmingsfunksie: "opvoedkundige inrigtings moet hulle met onderwyssake besig hou".

### 3.3.1 Kinderregte as verskyningsvorm van menseregte

Hoewel talle skrywers die blote gedagte dat kinders onvervreembare regte het, mag bevraagteken, is dit vir *Zirbes (1988:24)* 'n onweerlegbare feit dat die fundamentele regte van die kind sosiale en opvoedkundige planne en bepalinge behoort te oriënteer. Sy gaan voort deur daarop te wys dat die regte van kinders uitgedruk word in 'n akte of 'n handves wanneer maatskaplik-gevoelige leiers vorder tot die aanvaarding van hierdie kinderregte (vergelyk 3.4.2).

By die oorweging van 'n kinderregteakte geld die volgende beginsels *(Foster & Freed, 1981:346)*:

(i) kinders is mense (vergelyk 2.7);

(ii) kinders is daarop geregtig om aanspraak te maak op

individuele belange (vergelyk 2.7.2);

(iii) kinders is geregtig op 'n billike oorweging van hulle bewerings of aansprake (vergelyk 2.7.2.3.1); en

(iv) kinders is daarop geregtig dat die "beste belange van die kind" (vergelyk 2.7.1) beoordeel sal word in terme van die werklike gevolge wat dit vir die kind self sal inhou.

Wat Suid-Afrika betref, verwys die Suid-Afrikaanse Regskommissie na Artikel 20 van sy Interimverslag *(RSA, 1991:16 en 18)*, wat in die besonder voorsiening maak vir die regte van kinders as een van die vernaamste kenmerke van sy voorgestelde Suid-Afrikaanse menseregteakte. Die Komitee vir Kinderbeskerming *(CCC, 1986:1)* belig in hulle voorgestelde Suid-Afrikaanse Kinderakte die noodsaaklike behoeftes en vereistes van kinders, en gaan voort deur in beginsel 4 van die akte *(CCC, 1986:1)* te konstateer dat alle kinders op gelyke basis op alle voorregte geregtig is. Ook die ANC se Grondwetlike Komitee *(ANC, 1990:17)* erken die individuele belange van die kind deur artikel 9 van hulle voorgestelde menseregteakte aan kinderregte af te staan.

*Robinson (1993:2)* wys daarop dat voordat daar sinvol oor bestaande en voorgestelde menseregte- en kinderregteaktes besin kan word, daar eers duidelikheid oor die juridiese aard van kinderregte as verskyningsvorm van menseregte verkry moet word. Dit is veral die indeling van menseregte in <u>generasies van menseregte</u> wat hier betrekking op die regte van die leerling het.

### 3.3.1.1 Juridiese aard van kinderregte as verskyningsvorm van menseregte

Die Suid-Afrikaanse Regskommissie (1991:11-21) verwys na die generasies van menseregte soos volg:

(i) <u>eerstegenerasieregte</u> wat onder andere die klassieke Westerse burgerlike en politieke regte insluit, wat om die individu sentreer en waarvan tipiese voorbeelde die

reg op beskerming van lewe (vergelyk 2.7.2.2.3)/die reg op privaatheid (vergelyk 2.7.2.2.4)/die reg op vryheid van spraak (vergelyk 2.7.2.3.1)/prosessuele regte (vergelyk 2.7.2.3) is;

(ii) <u>tweedegenerasieregte</u> wat die sosio-ekonomiese regte insluit wat met 'n sosialistiese siening van die owerheid se rol (vergelyk 3.3.1.1.2) vereenselwig word en waarvan tipiese voorbeelde die reg op mediese versorging (vergelyk 2.7.2.2.1)/die reg op onderwys (vergelyk 2.7.2.2.2)/die reg om te rus en te ontspan (vergelyk 2.7.2.2.5) is; en

(iii) <u>derdegenerasieregte</u> wat die sogenaamde "peoples' rights" insluit en waarvan tipiese voorbeelde die reg op ontwikkeling (vergelyk 2.7.2.2)/die reg op inligting (vergelyk 2.7.2.2.4)/die reg op 'n skoon en veilige omgewing (vergelyk 2.7.2.2.3) is.

Vervolgens word daar kortliks gekyk na die klemverskuiwing van bogenoemde generasies van menseregte (soos dit in internasionaal-aanvaarde en in huidige voorgestelde Suid-Afrikaanse menseregteaktes/kinderregteaktes voorkom) vir sover dit 'n beduidende invloed op die regte van die leerling sou hê.

#### 3.3.1.1.1 Juridiese kenmerke van internasionaal-aanvaarde menseregte- en kinderregteaktes

Die voorafgaande generasies van menseregte (eerstegenerasie, tweedegenerasie en derdegenerasie) kom voor in die Verenigde Nasies se <u>Universal Declaration of Human Rights</u> (1948), <u>Declaration of the Rights of the Child</u> (1959) en <u>Convention on the Rights of the Child</u> (1989).

Met die oog op die regte van die leerling is dit veral die Verenigde Nasies se onlangse Konvensie van die Regte van die Kind (1989) wat hier betrekking het. By die lees van die relevante artikels blyk dit dat daar met sorg gelet is op 'n geïntegreerde weergawe van al drie die generasies van menseregte

vir sover dit die kind aangaan.

Indringende aandag is in die 1989-Konvensie geskenk aan die beklemtoning van die kind as beskermingswaardige subjek binne gesinsverband (*Robinson, 1993:6*; vergelyk 3.3.1.1.2/ 3.3.1.1.4), soos vervat in artikels 5, 10, 14 (2) en 18 van die dokument *(VN, 1989:3-5)*. Ook *Ray* en *Tarrow (1987:10-11)* wys op die belangrikheid van die gesin se rol in 'n menseregte-akte.

3.3.1.1.2 Juridiese kenmerke van die African National Congress se voorgestelde menseregteakte

*Robinson (1993:4)* wys daarop dat tweedegenerasieregte prominent figureer in die ANC se konsephandves van menseregte *(ANC, 1990:1-37)*. Gesien in die lig van 3.3.1.1 (waar daar aangedui is dat tweedegenerasieregte vereenselwig word met 'n sosialistiese siening van die staat se rol), verskuif die voorstelle van die ANC die fokus weg van die ouer as primêre opvoeder/versorger van die kind (vergelyk 2.4.5). Die staat word nou primêr verantwoordelik gehou vir die kind se onderwys, veiligheid en gesondheid (*Robinson, 1993:6*; vergelyk 3.4.2. 2) en die kind word as individueel-selfstandige aanspraakmaker op tweedegenerasieregte gesien (*Robinson, 1993:9*; vergelyk 3.4.3.4).

3.3.1.1.3 Juridiese kenmerke van die Committee of Concern for Children (Suid-Afrika) se voorgestelde kinderregte-akte

In hierdie voorgestelde Suid-Afrikaanse kinderregteakte met sy 11 beginsels *(CCC, 1986:1-3)* val die klem op eerstegenerasie- en derdegenerasieregte. Groot ophef word gemaak van die prosessuele regte (vergelyk 2.7.2.3 en 3.4.2.3) van die kind in beginsels 6, 8 en 9 van die dokument *(CCC, 1986:2-3)*. Wat die kind se reg op ontwikkeling en sy reg op 'n veilige omge-

wing (vergelyk 3.4.2.2) betref, word dit vervat in beginsels 2, 4, 6, 8 en 9 van die dokument.

#### 3.3.1.1.4 Juridiese kenmerke van die Suid-Afrikaanse regering se voorgestelde menseregteakte

By die bestudering van die interimverslag oor groeps- en menseregte *(RSA, 1991)* blyk daar 'n geïntegreerde weergawe van eerstegenerasie-, tweedegenerasie- en derdegenerasieregte te wees. Gesinsregte (vergelyk 3.3.1.1.1) word in artikel 19 spesifiek verwoord en die regte van kinders geniet besondere aandag in artikel 20 *(RSA, 1991:47-48)*.

*Robinson (1993:17)* wys op inherente vaaghede met betrekking tot die regte van die leerling in die Regering se voorgestelde menseregteakte *(RSA, 1993)*, soos die werking van staatlike toesig oor die ouer-kind-verhouding wanneer die ouer uit hoofde van sy ouerlike gesag die kind byvoorbeeld verplig om werk aan die ouer se werkgewer te lewer. Tog stel artikel 20 van die interimverslag *(RSA, 1991)* dit dat die belange van die kind altyd voorop staan.

## 3.4 DIE REGTE VAN DIE LEERLING BESKOU VANUIT 'N MENSEREGTE-AKTE/KINDERREGTEAKTE

Terwyl *Farmer (1982:88)* daarop wys dat daar nie aan die regte van kinders reg geskied kan laat word deur eenvoudig volwassenes se regte só te verleng om ook kinders in te sluit nie, onderskei *Wald (1979:260)* vier verskillende tipes aansprake onder die titel "kinderregte":

(i) veralgemeende regte (soos die reg op behuising);
(ii) beskermende regte (soos die reg op toereikende sorg);
(iii) gelyke regte met volwassenes wat betref regstatus (soos wanneer die kind soortgelyke grondwetlike beskerming geniet); en
(iv) die reg om onafhanklik van sy ouers op te tree.

In hoofstuk 2 (vergelyk 2.7.2) is die leerling se privaatregtelike regsposisie ten opsigte van veralgemeende en beskermende regte reeds aangetoon. Wat sy regstatus betref, blyk dit duidelik uit 2.2.2.1 dat die omvang daarvan toeneem namate die leerling se onderskeidingsvermoë toeneem. *De Klerk (1984: 34)* wys daarop dat die kind uit hoofde van sy afhanklikheid en hulpbehoewendheid steungewende begeleiding van 'n volwassene behoef en dus nie soos Wald in bogenoemde paragraaf beweer, oor die algemeen onafhanklik van sy ouers behoort op te tree nie.

By die oorweging van die regte van die leerling, stel *Brady (1984:25)* vier algemeen relevante kenmerke wat betref die aard van die skool en die leerling voor:
(i) daar is 'n element van verpligte skoolbywoning;
(ii) die leerling moet vir lang periodes op skool wees;
(iii) die leerling beleef kollektiewe ervaringe as deel van 'n massa/groep; en
(iv) die leerling word blootgestel aan evaluatiewe oordele van onderwysers.

Met die voorafgaande drie paragrawe in gedagte en gesien in die lig van die bestaande regsposisie van die leerling (soos in 2.7 uiteengesit), volg 'n elementêre regsvergelykende bestudering van bestaande en voorgestelde menseregteaktes, vir sover dit die regte van die leerling raak.

### 3.4.1 Beperking en beskerming van die leerling se regte

Die Verenigde Nasies proklameer in artikel 25 van sy Universele Verklaring van Menseregte *(VN, 1948)* dat kinders spesiale sorg en bystand behoef. In die Konvensie van die Regte van die kind *(VN,1989)* word dit in die aanhef gestel dat die erkenning van alle gesinslede se (a) inherente menswaardigheid (vergelyk 3.4.2.1.3) en (b) gelyke/onvervreembare regte, die hoeksteen is vir vryheid, geregtigheid en wêreldvrede.

In beide bogenoemde dokumente word daar ook voorsiening gemaak vir die beperking van leerlingregte vervat in die aktes soos opgelê deur wetgewing, en wat noodsaaklik is vir die bevordering van nasionale sekuriteit, openbare orde, openbare gesondheid, openbare sedelikheid of ander se regte, vryhede en aansien.

In 'n voorgestelde Suid-Afrikaanse kinderakte van die Komitee vir Kinderbeskerming *(CCC, 1986)* word eerstens verwys na die noodsaaklike behoeftes en vereistes van kinders, en stel beginsel 2 *(CCC,1986:1)* voor dat die bepalings van wetgewing wat spesifiek die beskerming van kinders beoog (byvoorbeeld die Wet op Kindersorg 74/1983 soos bespreek in 2.5.1), altyd bo alle ander wetgewing voorrang moet geniet.

Artikel 16 van die ANC se voorgestelde menseregteakte *(ANC, 1990:34-37)* bepleit 'n Kommissie vir Menseregte om die handhawing van die handves van regte te bevorder. Artikel 2 *(ANC, 1990:2-7)* stel dit dat wat die beperking van persoonlikheidsregte (vergelyk 2.7.2.1 - 2.7.2.3) betref, redelike stappe toegelaat sal word om geweldpleging of mishandeling in die huis te verhinder. Die aanduiding van wat met "redelike stappe" bedoel word, is dat dit deur die wet gesanksioneer en in 'n oop en demokratiese samelewing aanneemlik moet wees.

Wat die Suid-Afrikaanse Regering betref, omskryf artikel 1 van die *Regskommissie* se *Interimsverslag (1991:41)* die regte van die voorgestelde menseregteakte as fundamentele regte wat elke individu in Suid-Afrika teenoor wetgewende en regeringsliggame toekom. Artikel 39 (1991:58) bepaal dat geen individu sy regte op so 'n wyse mag uitoefen dat dit inbreuk maak op die regte van enige ander individu nie. Volgens artikel 34 (1991: 53-55) mag geen wetgewing of uitvoerende of administratiewe handeling (vergelyk 2.3) van enige aard kinderregte (soos vervat in artikel 20, 1991:48) afgrens, beperk, opskort of daarop inbreuk maak nie.

Die simpatieke hantering van minderjarige leerlinge by dissiplinêre ondersoeke en skuldigbevinding soos vervat in menseregteaktes, word in 3.4.2.3 uiteengesit.

### 3.4.2 Regte waarop minderjarige leerlinge kan aanspraak maak

Die Wêreld Assosiasie Vir Die Skool As Vredesinstrument (gestig in 1967) het 'n kode, bekend as die universele beginsels van burgerlike onderwys, opgestel *(Anon, 1990:48)*:

(i) die skool staan in diens van die mensheid;
(ii) die skool baan die weg vir wedersydse begrip van leerlinge vir mekaar;
(iii) die skool kweek by die leerling 'n respek vir lewe en die mensdom;
(iv) die skool leer die leerling verdraagsaam wees teenoor sy medemens;
(v) die skool ontwikkel in die leerling 'n verantwoordelikheidsin, sodat hy leer dat sy verantwoordelikhede meer word namate hy ontwikkel; en
(vi) die skool help die leerling afsien van sy selfsug, sodat hy besef menslike vooruitgang word slegs moontlik deur individuele pogings én samewerking met ander.

Daar is reeds in 3.3.1 aangedui dat sosiale en opvoedkundige planne en bepalinge met inagneming van leerlinge se regte opgestel behoort te word.

#### 3.4.2.1 Persoonlikheidsregte

Terwyl daar in 2.7.2.1 na die privaatregtelike beskerming van die leerling verwys is, word hier gelet op die leerling se publiekregtelike beskerming wat betref sy liggaamlike integriteit, sy goeie naam en sy menswaardigheid, en ander regte waarop hy reeds vanaf geboorte geregtig is.

3.4.2.1.1 Die reg op liggaamlike integriteit

Volgens die Konvensie van die Regte van die Kind *(VN, 1989: 9)* beskerm artikel 34 die kind teen seksuele uitbuiting en mishandeling, en artikel 37 stel dit dat geen kind aan vernederende of onmenslike optrede blootgestel mag word nie.

In die voorgestelde Suid-Afrikaanse Kinderakte van die Komitee vir Kinderbeskerming *(CCC, 1986:2-3)* wys beginsel 8 daarop dat eensame opsluiting of die weerhouding van voedsel (vergelyk 2.7.2.1) nooit gebruik mag word om kinders te straf nie; beginsel 9 beskerm kinders teen uitbuiting en beginsel 10 stel dit dat kinders op geen manier verhandel mag word nie.

Sowel die ANC se voorgestelde menseregteakte *(ANC, 1990:2-3)* as die Suid-Afrikaanse Regskommissie se Interimverslag oor groeps- en menseregte *(RSA, 1991:41-42)* erken alle regsubjekte (dus ook leerlinge) se reg op beskerming van psigiese en liggaamlike integriteit (vergelyk 2.7.2.1). Hierdie bronne omskryf die aantasting van die regsubjek se psigiese en liggaamlike integriteit as (a) psigiese of liggaamlike marteling, (b) aanranding, (c) onmenslike behandeling, of (d) vernederende behandeling (vergelyk 3.4.2.2.6).

3.4.2.1.2 Die reg op 'n goeie naam en aansien

Artikel 9 van die Suid-Afrikaanse Regskommissie se voorgestelde akte vir Groeps- en Menseregte *(RSA, 1991:45)* sê onder andere dat elke persoon die reg op die beskerming van sy goeie naam en aansien het. Artikel 9 van 'n werksdokument van die ANC *(ANC, 1990:17)* handel oor die regte van die kind en stel dit onder andere dat alle kinders op 'n naam en gelyke behandeling geregtig is. Ook Beginsel 3 van 'n voorgestelde Suid-Afrikaanse Kinderakte *(CCC, 1986:1)* stel dit dat alle kinders op 'n naam geregtig is.

Die Konvensie van die Regte van die Kind *(VN, 1989)* beskerm die minderjarige leerling se reg op 'n goeie naam en aansien in artikels 7 en 16. Laasgenoemde artikel maak ook melding van die leerling se beskerming teen onregmatige skending van sy eer en reputasie.

3.4.2.1.3 Die reg op menswaardigheid

Daar is reeds in 3.4.1 verwys na die aanhef van die Verenigde Nasies se Konvensie van die Regte van die Kind *(VN, 1989:1)* wat die erkenning van die inherente menswaardigheid van gesinslede vooropstel vir universele geregtigheid en vrede. Ook artikels 8 en 16 bepleit die erkenning en beskerming van minderjarige leerlinge se reg op menswaardigheid.

Sowel artikel 9 van die Suid-Afrikaanse Regskommissie se voorgestelde akte vir Groeps- en Menseregte *(1991:45)* as artikel 2 van 'n werksdokument van die ANC *(ANC, 1990:2-3)* sê dat elke persoon die reg op die erkenning en beskerming van sy menswaardigheid het (vergelyk 2.7.2.1.3).

3.4.2.2 Regte wat welstand en ontwikkeling betref

Wat die invloed van kultuur op die ontwikkeling van die leerling betref (vergelyk 2.7.2.2), neem die aanhef van die Konvensie van die Regte van die Kind *(VN, 1989:2)* die invloed in ag wat tradisies en kulturele beginsels op die beskerming en ontwikkeling van die leerling het.

Artikel 20 *(VN, 1989:6)* dui op die gewenstheid dat die kind se opvoeding plaasvind met inagneming van sy etniese, godsdienstige, kulturele en taal-agtergrond. Artikel 29 *(VN, 1989:8)* bepleit 'n opvoedingstelsel wat die leerling opvoed tot respek vir onder meer sy ouers (vergelyk 3.4.3), sy eie kulturele identiteit en sy moedertaal (vergelyk 3.4.2.2).

Die voorgestelde Suid-Afrikaanse kinderakte van die Komitee vir Kinderbeskerming *(CCC, 1986:1-3)* en die ANC se werksdokument vir 'n menseregteakte *(ANC, 1990:1-37)* verwys nie uitdruklik na die implikasies van die leerling se eie kulturele agtergrond vir sy opvoeding en ontwikkeling nie. Laasgenoemde dokument bepaal wel in artikel 5 *(1990:10-12)* dat primêre en sekondêre onderwys sover moontlik (onderhewig aan die beskikbaarheid van openbare en private bronne en die beperkinge wat deur redelikheid gestel word) in die taal van die leerling aangebied moet word (vergelyk 3.4.2.2.2).

Artikel 1 van die ANC se werksdokument *(ANC, 1990:1)* en artikel 18 van die Suid-Afrikaanse Regskommissie se Interimverslag *(RSA, 1991:47)* wys daarop dat geen individu (dus ook nie die leerling nie) benadeel of bevoorreg mag word weens sy kultuur of taal nie. Laasgenoemde dokument *(RSA, 1991:47-48)* wys in artikels 19 en 20 op die noodsaaklikheid van die gesinsverband vir die versorging (vergelyk 3.4.2.2.1) en opvoeding van die kind (vergelyk 3.4.2.2.2).

3.4.2.2.1 Onderhoud en welsyn

In die Konvensie van die Regte van die Kind bepaal artikel 18 *(VN, 1989:5)* dat die ouers (of wettige voogde van die kind) primêr verantwoordelik vir die opvoeding en ontwikkeling van die kind is. Artikel 27 *(VN, 1989:7)* wys voorts op die verantwoordelikheid wat op die ouers rus om, met inagneming van hulle vermoë en finansiële omstandighede, aan die kind se behoefte aan fisiese, psigiese, geestelike, morele en sosiale ontwikkeling te voorsien. Die owerheid moet sorgbehoewende kinders in die besonder bystaan wat betref voeding, kleding en behuising. In artikel 24 word die owerheid verplig om te voorsien in gesondheidsdienste en om tot stappe oor te gaan om tradisionele praktyke wat die welsyn en ontwikkeling van kinders benadeel, te verbied.

Terwyl beginsel 6 van die voorgestelde Suid-Afrikaanse kinderakte *(CCC, 1986:2)* die ouers as primêre opvoeders van die kind aandui, stel beginsel 2 *(CCC, 1986:1)* voor dat die kind op sowel geregtelike as op ander maniere, geleenthede en geriewe moet kry waardeur hy fisiek, verstandelik, sedelik, geestelik en sosiaal op 'n gesonde en normale wyse tot 'n toestand van waardigheid en vryheid kan ontwikkel. Volgens Beginsel 4 (CCC, 1986:1-2) behoort alle kinders altyd oor genoegsame voeding, behuising, ontspanning en gesondheidshulp te beskik.

Artikel 10 van 'n werksdokument van die ANC *(ANC, 1990:18-22)* stel dit dat die Staat vir die instel van minimumstandaarde vir kosvoorsiening dwarsdeur die land moet sorg om te verhoed dat iemand hongerly. Daar moet op voorskoolse en skoolvoeding toegespits word. Soos reeds in 3.3.1.1.2 aangedui is, wys *Robinson (1993:6)* op die ANC se klemverskuiwing vanaf die ouer as primêre opvoeder na die staat as primêr verantwoordelik vir die kind se onderwys (vergelyk 3.4.2.2.2), veiligheid en gesondheid.

In artikel 20 van die Interimverslag *(RSA, 1991:48)* word die regte van kinders spesifiek aangespreek en lui die eerste drie beginsels soos volg:

"(a) Elke kind het die reg om by sy of haar ouers te woon en deur hulle versoeg en opgevoed te word, tensy die kind se belange 'n ander reëling verg.

(b) Elke kind het die reg om deur die staat versorg te word indien daar geen onderhoudspligtige familielede of ander persone is wat die kind kan of wil versorg nie.

(c) Elke behoeftige kind het die reg op gratis staatsondersteunde mediese sorg."

### 3.4.2.2.2 Opvoeding en onderwys

*De Villiers (1992:85)* verwys na die reg op opvoeding en onderwys as een van die sensitiefste en bepalendste aspekte van

die sosiale lewe in Suid-Afrika. Hy gaan voort deur daarop te wys dat die reg op opvoeding en onderwys (vergelyk 2.7.2.2.2) internasionaal as 'n basiese mensereg erken word, en dat dit die beskerming en ondersteuning van die staat nodig het.

Volgens die *Suid-Afrikaanse Regskommissie (RSA, 1991:326)* sluit 58 van die lande wat oor 'n geskrewe grondwet of 'n handves van regte beskik, die reg op onderwys in. Die ander 71 lande (waaronder die Verenigde State van Amerika) verwys nié uitdruklik na sulke regte nie.

Die Konvensie van die Regte van die Kind *(VN, 1989:8)* stel in artikel 28 die volgende bepalinge voor wat betref die kind se reg op onderwys:

(i) verpligte, gratis primêre onderwys;
(ii) verskillende tipes sekondêre onderwys wat vir alle kinders toeganklik is;
(iii) hoër onderwys wat vir almal op die basis van vermoë toeganklik is;
(iv) inligting en berading met betrekking tot beroepsvoorligting wat vir alle kinders beskikbaar is; en
(v) stappe wat deur onderwysowerhede gedoen word om gereelde skoolbywoning onder leerlinge aan te moedig en vroeë skoolverlating te ontmoedig.

Artikel 29 *(VN, 1986:8)* bepaal dat die onderwys in die besonder op die volgende aspekte van die leerling se ontwikkeling gerig moet wees:

(i) potensiaal-ontwikkeling van die leerling se persoonlikheid, gawes en vermoëns (vergelyk 3.4.3.4);
(ii) ontwikkeling van respek vir menseregte en fundamentele vryhede;
(iii) ontwikkeling van respek vir sy ouers, kulturele identiteit, moedertaal en norme van die samelewing (vergelyk 3.4.3.1);
(iv) voorbereiding om uiteindelik 'n verantwoordelike lewe in die samelewing te voer (vergelyk 3.4.3); en

(v) ontwikkeling van respek vir sy natuurlike omgewing (vergelyk 3.4.3).

Met die huidige politieke en sosiale verwikkelinge in Suid-Afrika staan die opstel van 'n handves van menseregte in die brandpunt. *De Villiers (1992:94)* identifiseer onderwysregte as een van die belangrikste aspekte waarvoor daar in so 'n handves voorsiening gemaak moet word. Daar word tans in Suid-Afrika 'n hewige debat oor die vraagstuk van moedertaalonderrig, die gewenstheid al dan nie van godsdiensonderrig en die twispunt van gratis verpligte onderwys gevoer (vergelyk onder andere Suid-Afrikaanse Regskommissie, Die Voorgestelde Menseregte-akte, 1991; ANC Constitutional Committee, A Bill of Rights for a Democratic South Africa - working draft for consultation, 1990; Committee of Concern for Children, A South African Children's Charter, 1986).

In laasgenoemde voorgestelde Suid-Afrikaanse kinderakte *(CCC, 1986:2)* vra beginsel 7 dat alle kinders in dieselfde onderwysstelsel opgevoed moet word, en dat die beste belange van die kind (vergelyk 2.7.1) by die mense wat hom opvoed en voorlig, die deurslag moet gee. Sy ouers moet in hierdie hoedanigheid mede-verantwoordelik wees.

Wat die reg op onderwys betref, wys artikel 10 van die ANC se werksdokument *(ANC, 1990:20-21)* daarop dat, om die reg op onderwys te verseker, die owerheid saam met nie-regeringsinstansies en private onderwysinstansies moet sorg vir:

(i) gratis, verpligte laerskoolonderwys tot die sestiende jaar van die kind;

(ii) toenemende geleentheid vir alle leerlinge om sekondêre onderwys te ontvang;

(iii) toenemende geleentheid vir leerlinge om in voorskoolse inrigtings te kom en beroepsgerigte onderwys asook naskoolse opleiding te ontvang; en

(iv) toenemende geleentheid vir volwassenes om ongeletterdheid te bowe te kom en verder te leer.

Soos reeds genoem in 3.4.2.2, bepaal artikel 5 *(ANC, 1990:10-12)* dat, onderhewig aan die beskikbaarheid van bronne en die beperkinge van die redelikheid, leerlinge se primêre en sekondêre onderwys sover moontlik in die taal van die leerling aangebied moet word.

In sy Interimverslag oor groeps- en menseregte *(RSA, 1991:48-49)*, identifiseer die Suid-Afrikaanse Regskommissie ses opvoedkundige beginsels wat by 'n menseregteakte ingesluit moet word:

(i) gratis onderwys tot minstens die einde van die primêre vlak;
(ii) dat die individu die vryheid het om self 'n keuse ten opsigte van 'n opvoedkundige instansie te doen;
(iii) dat daar nie teen 'n individu op grond van ras, velkleur, godsdiens of etniese herkoms gediskrimineer mag word nie;
(iv) dat dit individue vrystaan om privaatskole te stig en te onderhou;
(v) dat staatsgeld aan privaatskole wat nie teen leerlinge op grond van ras, velkleur of etniese herkoms diskrimineer nie, beskikbaar gestel mag word; en
(vi) dat moedertaalonderrig as 'n fundamentele reg beskerm moet word.

*De Villiers (1992:85-94)* wys in sy kritiese ondersoek van die Suid-Afrikaanse Regskommissie se Interimverslag op die beperkings wat betref beskikbare fondse, personeel en infrastruktuur waarvan deeglik kennis geneem moet word voordat onrealistiese verwagtings begin posvat. Hy doen (aan die hand van verskeie ander grondwette) die volgende wysigings aan die hand:

(i) die reg op gratis onderwys behoort òf aan die bekostigbaarheid daarvan onderhewig te wees, òf as 'n doelstelling (eerder as 'n afdwingbare reg) van die staatsbeleid gestel te word;
(ii) rasse-diskriminasie behoort selfs in privaatskole verbied te word;

(iii) die reg op die oprigting van privaatskole behoort aan die handhawing van spesifieke minimum-vereistes ten opsigte van onderwysstandaarde onderhewig te wees;

(iv) daar behoort nie finansieel teen individue wat op 'n privaatskool of moedertaalonderrig besluit, gediskrimineer te word nie;

(v) daar behoort voorsiening vir staatsondersteunde taalinrigtings gemaak te word om hulp aan individue te verleen ten einde die onderrigmedium toeganklik te maak;

(vi) die gesin se rol in en deelname aan die kind se opvoedende onderwys behoort erken te word; en

(vii) daar behoort voorsiening vir gemeenskapsbetrokkenheid in opvoedkundige aangeleenthede gemaak te word.

Prof. J.F. Steyn word aangehaal in Mondstuk *(Anon., 1992:1 en 7)* waar hy verwys na artikel 21 (b) van die Suid-Afrikaanse Regskommissie se Interimverslag *(RSA, 1991:48)* wat bepaal dat "geen leerling of student op grond van onderwyskundig-irrelevante gronde uitgesluit mag word van die beskikbare openbare onderwysgeleenthede waarby hy of sy met die oog op die verwerwing van kennis, vaardigheid en waardes baat kan vind nie." Prof. Steyn wys op die vaagheid van wat "onderwyskundig-relevant" sou wees, maar gaan voort in sy referaat (gelewer by die tweede Nasionale Onderwysbestuurskonferensie op 12 September 1992 by die Randse Afrikaanse Universiteit) deur te sê dat daar aangeneem kan word dat hiermee vereistes soos ouderdom in standerdgroepe, ontwikkelingsvlak en amptelike bewys van goeie vordering by vorige onderwysinstansies bedoel kan word. Hy sê voorts dat dit die moderne skool se taak is om die leerlinge met 'n positiewe gesindheid so te begelei dat 'n geskrewe menseregteakte na letter en gees ten uitvoer gebring kan word.

*Louw (1993:3)* haal prof. Jan Senekal, hoofnavorser van UOVS se navorsingsinstituut vir onderwysbeplanning, aan waar hy sê dat die onderwys onlosmaaklik aan taal verbind is. Die heropbou van Suid-Afrika se "gefragmenteerde onderwysstelsel" moet op die erkenning van die taleprobleem gegrond wees. Hy bepleit voorts die erkenning van verskillende Afrika-tale, die

opleiding van vertalers op groot skaal en groter klem op beroepsgerigte en tegniese onderwys (waar taalverskeidenheid 'n rol speel).

Dr. Cynthia Marivate, verbonde aan UNISA se departement Afrika-tale, is van mening dat talle swart ouers moedertaalonderrig verwerp het omdat hulle geglo het dit is deel van 'n minderwaardige "Bantoe-onderwys". Terselfdertyd glo kinders dat dit geen nut het om Afrika-tale aan te leer nie. Sy bepleit 'n verhoging van Afrika-tale se status deur dit 'n nuwe rol op skool en in die samelweing te gee *(Louw, 1993:3)*.

3.4.2.2.3 Beskerming en veiligheid

Die volgende artikels van die Konvensie van die Regte van die Kind *(VN, 1989:3-9)* omskryf die leerling se reg op beskerming en veiligheid.

Artikel 3 vereis dat alle instellings verantwoordelik vir die sorg van kinders (dus ook skole), konformeer met standaarde wat gestel is (a) vir die beskerming van die veiligheid en gesondheid van die kind, en (b) vir bekwame personeel wat vir sorgsame toesig (vergelyk 2.7.2.2.3) oor die kinders in hulle sorg verantwoordelik is.

Artikel 19 bepaal dat wetgewende, administratiewe, sosiale en opvoedkundige stappe gedoen moet word om die kind te beskerm teen fisiese of psigiese geweld, besering of mishandeling, nalatige optrede, verwaarlosing en uitbuiting terwyl hy in die sorg van sy ouer, wettige voog of enige ander verantwoordelike persoon (dus ook die onderwyser) is.

Artikel 32 beskerm die kind teen ekonomiese uitbuiting en die doen van werk wat tot sy nadeel sal wees, en vereis dat daar bepalings neergelê word met betrekking tot (a) 'n ouderdomsgrens vir indiensneming en (b) werksure en -omstandighede by wettige indiensneming van 'n minderjarige.

Artikel 33 bepaal dat wetgewende, administratiewe, sosiale en opvoedkundige stappe gedoen moet word om die kind te beskerm teen handeldryf met of die onwettige gebruik van verdowingsmiddele.

Artikel 35 beskerm die kind teen ontvoering of verhandeling.

Artikel 38 bepleit uitvoerbare maatreëls om te voorkom dat minderjariges onder die ouderdom van 15 aan geweldpleging deelneem en vereis terselfdertyd in die besonder die beskerming van kinders tydens geweldpleging.

Beginsel 8 van 'n voorgestelde Suid-Afrikaanse kinderakte *(CCC, 1986:2-3)* stel dit dat alle kinders in alle omstandighede teen 'n ramp- of konfliktoestand beskerm moet word. Ook beginsel 9 *(CCC, 1986:3)* sê dat alle kinders teen elke soort verwaarlosing, wreedheid en uitbuiting beskerm moet word, ongeag die bron waaruit dit kom. Hierdie beskerming moet in alle omstandighede vir alle kinders geld, en wel in hul tuistes, skole, inrigtings, veiligheidsplekke of versorgingsplekke. Hierdie bepaling is dan volgens die kinderakte van krag ongeag of die polisie, gevangenisbeamptes of die veiligheidsmagte die kinders aanhou.

In <u>The Christian Child's Bill of Rights</u> *(Zettersten, 1991:14)* stel die skrywer 'n alternatiewe kinderregteakte voor. Aan die hand van hierdie akte het die kind onder meer (a) die reg op beskerming teen seksuele, fisiese en emosionele mishandeling, (b) die reg op beskerming teen pornografie, alkoholisme, verdowingsmiddels en dobbelary, en (c) die reg op 'n stabiele en veilige huislike milieu.

Die Suid-Afrikaanse Regskommissie *(1991:42 en 52)* wys in artikel 5 daarop dat elke persoon die reg op persoonlike vryheid en veiligheid het, en in artikel 30 dat elke persoon die reg het om nie aan 'n omgewing wat gevaarlik vir die mens se gesondheid of welsyn is, blootgestel te word nie. Elke persoon het ook die reg op bewaring en beskerming van sy omgewing.

Sowel Artikel 20 van die voorgestelde akte vir groeps- en menseregte *(RSA, 1991:48)* as artikel 9 van 'n werksdokument *(ANC, 1990:17)* en beginsel 11 van 'n voorgestelde Suid-Afrikaanse kinderakte *(CCC, 1986:3)* stipuleer dit dat kinders daarop geregtig is om teen ekonomiese uitbuiting beskerm te word, en dat hulle nie werk mag verrig wat allig gevaarlik is of hul skoolgang, gesondheid of sedelike welsyn kan strem nie. Die belange van die kind moet in alle handelinge wat kinders raak, die swaarste weeg *(CCC, 1986:1; ANC, 1990:17; RSA, 1991:48)*.

3.4.2.2.4 Vertroulikheid en korrektheid van inligting

In die Konvensie van die Regte van die Kind *(VN, 1989:5)* bepaal artikel 16 dat geen kind aan willekeurige of onwettige inmenging wat betref sy privaatheid en korrespondensie onderwerp mag word nie.

Hierdie artikel vind aansluiting by die vereiste *bona fides* (goeie trou en opregtheid) van 'n onderwyser wanneer hy teen 'n leerling optree, soos reeds in 2.3.1.4 uiteengesit. Dit is veral van belang met betrekking tot die regte van die leerling dat 'n onderwyser se *bona fide*-bedoeling nie sy ongeldige optrede teenoor 'n leerling in 'n geldige handeling kan laat verander nie. *Wiechers (1984:286)* wys op drie gevalle waar die onderwyser se optrede teenoor 'n leerling onregmatig sal wees, naamlik by die oorskryding van sy bevoegdhede, die nie-nakoming van formele voorskrifte en die afwending van prosedure te wille van 'n ongeoorloofde doel of gevolg (vergelyk 2.3.1.4).

In die praktiese situasie van die onderwyser en die leerling, dui bogenoemde artikel 16 van die Konvensie van die Regte van die Kind *(1989:4-5)* veral op die visentering/beslaglegging van leerlinge se eiendom.

Soos reeds in 2.7.2.2.3 aangedui is, word 'n leerling se menswaardigheid en sy reg op privaatheid moontlik deur visentering/ beslaglegging aangetas. Tog wys *Bray (1992:20-22)* daarop dat dit dikwels die enigste manier is waarop 'n leerling se veiligheid beskerm kan word en die opvoedingsproses kan voortgaan. Haar riglyne vir die hantering van die visentering van en beslaglegging op besittings van leerlinge, is soos volg (vergelyk 2.7.2.2.3):

(i) leerlinge en ouers moet oor die prosedure ingelig word;
(ii) visentering moet slegs uitgevoer word indien daar 'n redelike vermoede bestaan dat verbode goedere gevind sal word;
(iii) die onderwyser wat deur die skoolhoof gemagtig word om te visenteer, moet nog 'n personeellid by hom hê ter verifiëring van prosedures;
(iv) skole moet hulle van naak-deursoeking of massa-visentering weerhou; en
(v) indien die polisie betrokke is, moet skole op 'n lasbrief aandring.

Artikel 13 van die Konvensie van die Regte van die Kind *(VN, 1989:4)* wys op die kind se reg op vrye meningsuiting (vergelyk 2.7.2.3), met insluiting van sy reg op vryheid met betrekking tot die soek na, ontvang en meedeel van inligting ongeag die medium waarin dit voorkom, hetsy mondeling, geskrewe, gedruk of in kunsvorm. Die beperking van artikels 16 en 13 sal geld ten opsigte van die respekteer van ander se regte of aansien, die beskerming van nasionale sekuriteit, openbare orde, openbare gesondheid of openbare sedes. Artikel 17 *(VN, 1989:5)* beskryf die belangrike funksie wat die massamedia verrig wat betref die verskaf van inligting aan kinders, in die besonder inligting gerig op die kind se sosiale, geestelike, sedelike, fisiese en psigiese welsyn.

Tog stipuleer artikel 12 van dieselfde dokument *(VN, 1989: 4)* dat die handhawing van die kind se reg op vrye meningsuiting onderhewig is aan sy ouderdom, sy volwassenheid en sy vermoë om 'n eie mening uit te spreek. Indien die kind aan die

vereistes voldoen, moet hy toegelaat word tot 'n vrye meningsuiting ten opsigte van sake wat kinders raak.

Die werksdokument van die ANC *(ANC, 1990:1)* stipuleer in artikel 2 dat daar nie van ouers en hulle kinders verlang moet word om teen mekaar te getuig nie, tensy gesinsgeweld of mishandeling gepleeg is. Voorts moet die privaatheid van tuistes eerbiedig word en net soos die Suid-Afrikaanse Regskommissie *(RSA, 1991:45)* in artikel 10 van die Interimverslag, is die visentering of betreding van 'n persoon se eiendom, woon- of werkplek en beslaglegging op sy eiendom of besitting ontoelaatbaar, tensy dit om 'n redelike oorweging soos deur wetgewing bepaal, genoodsaak word.

Sowel artikel 4 van die ANC *(ANC, 1990:1-2)* as artikel 12 van die Suid-Afrikaanse Regskommissie *(RSA, 1991:46)* bepaal die mens se reg op vrye meningsuiting en sy reg op die bekom en versprei van inligting.

*Bray (1992:22)* wys daarop (vergelyk 2.7.2.3) dat die inkorting of beperking van leerlinge se reg op vrye meningsuiting slegs mag geskied nadat die leerling die geleentheid gekry het tot 'n regverdige en onpartydige aanhoor van sy kant van die saak (vergelyk 3.4.3).

3.4.2.2.5 Spel

Artikel 31 van die Konvensie van die Regte van die Kind *(VN, 1989:8)* erken die reg van die kind om te rus, te ontspan, te speel en deel te neem aan ontspanningsaktiwiteite. Alle kinders behoort gelyke geleenthede hiertoe te geniet.

Beginsel 4 van 'n voorgestelde Suid-Afrikaanse kinderakte *(CCC, 1986:1-2)* sê dat alle kinders altyd toegang tot genoegsame ontspanning moet hê.

Terwyl artikel 6 van die ANC se werksdokument *(ANC, 1990:13-14)* net wys op werkgewers wat verplig is tot die voorsiening van "redelike vakansies" vir hulle werknemers, dui artikel 28 van die Suid-Afrikaanse Regskommissie se Interimverslag *(RSA, 1991:51)* die reg op voldoende geleentheid vir rus, ontspanning en vakansie aan.

3.4.2.2.6 Gesag en dissipline

In die Konvensie van die Regte van die Kind *(VN, 1989:8-9)* stipuleer artikel 28 dat skooldissipline in ooreenstemming met die menswaardigheid van die leerling uitgeoefen moet word. Artikel 37 bepaal dat geen kind aan wrede, onmenslike of vernederende straf onderwerp mag word nie.

Beginsel 8 van 'n voorgestelde Suid-Afrikaanse kinderregteakte *(CCC, 1986:2-3)* stel dit dat lyfstraf (saam met eensame opsluiting en die weerhou van voedsel) nooit gebruik mag word om kinders en jeugdiges wat aangehou word, te straf nie.

Die werksdokument van die ANC *(ANC, 1990:2-7)* bepaal dat geen foltering, wrede en onmenslike of vernederende behandeling of straf aan iemand opgelê mag word nie. Artikel 4 van die Suid-Afrikaanse Regskommissie *(RSA, 1991:41-42)* sluit hierby aan waar dit bepaal dat niemand aan psigiese of liggaamlike marteling, aanranding of onmenslike of vernederende behandeling onderwerp mag word nie.

Soos reeds bespreek in 2.7.2.2.6, is *Bray (1992:18-19)* van mening dat enige soort lyfstraf op 'n skending van die leerling se basiese regte uitloop. Ten spyte van regulasies en voorskrifte is dit onmoontlik om volle beheer oor die uitoefening van lyfstraf op skool uit te oefen. Gevolglik kan dit op wrede en oormatige straf uitloop.

*Bray (1992:18)* voorspel dat onderwysers ingevolge 'n toekomstige Suid-Afrikaanse menseregteakte nie toegelaat sal word

om lyfstraf toe te dien nie. Indien lyfstraf deur 'n menseregteakte as inherent onaanvaarbaar beskou word, bestaan daar geen rede waarom toediening van lyfstraf aanvaarbaar sal wees omdat dit op leerlinge in openbare onderwys toegepas word nie.

Indien die onderwyser hom nie op statutêre magtiging kan beroep wat betref die toediening van lyfstraf op leerlinge nie, bly daar net die gemeenregtelike *in loco parentis*-gesag (vergelyk 2.4.5) oor waarop hy hom sou kan beroep *(Bray, 1992: 18)*. Sy wys voorts daarop dat dit onseker is of die verbiedinge van so 'n menseregteakte nie ook geïnterpreteer moet word as dat die *in loco parentis*-bevoegdheid van 'n onderwyser nié sy bevoegdheid tot uitoefening van lyfstraf insluit nie.

Volgens *Bray (1992:18)* se mening dat onderwysers slegs oor 'n gedelegeerde tugbevoegdheid beskik (wat in 2.7.2.2.6 verwerp word deur 'n juridiese beskouing van *in loco parentis*-bevoegdhede wat ook 'n oorspronklike tugbevoegdheid aan onderwysers toeken), tesame met die feit dat gemene reg ongeskrewe reg is, mag die ouer dus die gedelegeerde tugbevoegdheid aan die onderwyser onttrek. Sodoende sal die onderwyser dan geen magtiging tot die toediening van lyfstraf hê nie. In die praktyk sou dit beteken dat ouers skriftelik toestemming tot die uitoefening van lyfstraf op hulle kinders moet gee *(Bray, 1992:18)*.

Soos reeds aangedui in 2.7.2.2.6 stel *Bray (1992:19)* dit duidelik dat die bekwame, sorgsame en oordeelkundige onderwyser van alternatiewe opvoedkundig-verantwoordbare dissiplinêre maatreëls gebruik sal maak, hoewel Suid-Afrikaanse howe nog nie in terme van 'n menseregteakte oor die geldigheid van lyfstraf as dissiplinêre maatreël op skool besin het nie.

### 3.4.2.3 Prosessuele regte

Vir die doeleindes van 'n menseregtelike perspektief word daar

hier ook op die Suid-Afrikaanse Regskommissie *(RSA, 1991: 11)* se omskrywing van "prosessuele regte" gelet, soos reeds bespreek in 2.7.2.3: "regte wat in geval van arrestasie, aanhouding, verhoor en strafoplegging aanwending vind". Daarmee saam geld ook die volg van korrekte prosedures waarop leerlinge op skool geregtig is.

Artikel 37 van die Konvensie van die Regte van die Kind *(VN, 1989:9)* bepaal dat die doodstraf of lewenslange tronkstraf sonder die moontlikheid van vrylating nie vir minderjariges wat aan oortredings skuldig bevind word, opgelê mag word nie. Arrestasie, aanhouding of opsluiting van minderjariges mag slegs as laaste uitweg, in ooreenstemming met statutêre voorskrifte en vir die korts moontlike tyd plaasvind. So 'n kind moet deurgaans met waardigheid en respek gehanteer word en hy is geregtig op regsverteenwoordiging en ander toepaslike bystand. Voorts het die kind die reg (a) om die wettigheid van die ontneming van sy vryheid te betwis en (b) op spoedige besluitneming wat betref aksie wat geneem gaan word.

Artikel 40 van dieselfde dokument *(VN, 1989:10)* ken aan die minderjarige wat krimineel beskuldig word, die volgende waarborge toe:

(i) daar word veronderstel dat hy onskuldig is totdat die teendeel bewys is;

(ii) spoedige en direkte kennisgewing van die aanklag teen hom en toegang tot regsverteenwoordiging met betrekking tot voorbereiding van sy verdediging;

(iii) spoedige voortsetting van die verrigtinge deur 'n bekwame, onafhanklike en onbevooroordeelde gesags- of regsliggaam, volgens die verloop van 'n regverdige verhoor en (tensy dit nie in die beste belang van die kind is nie) met inagneming van sy ouderdom en omstandighede;

(iv) hy mag nie daartoe verplig word om getuienis te lewer of om skuld te beken nie, en hy het die reg op kruisverhoor van getuies teen hom;

(v) hy het die reg op appél;

(vi) gratis bystand van 'n tolk indien die minderjarige nie die taal wat gebruik word, magtig is nie;

(vii) die reg op die respektering van sy privaatheid tydens die verloop van die saak;

(viii) wanneer toepaslik en gewens sal daar op 'n ander wyse as juridiese prosedures met klagte teen 'n minderjarige te werk gegaan word, op voorwaarde dat sy fundamentele regte en regsvoorskrifte gerespekteer word; en

(ix) alternatiewe reëlings (soos berading en pleegsorg) moet eers vir kinders oorweeg word voordat daar op institusionele sorg vir hulle besluit word: dit sal verseker dat daar met kinders gehandel word op 'n wyse wat hulle welsyn voorop stel en sowel die omstandighede as die oortreding in berekening bring.

Die werksdokument van die ANC *(ANC, 1990:2-7)* stipuleer in artikel 2 dat alles wat redelik is, gedoen moet word om te sorg dat aangeklaagdes sowel die erns van die beskuldiginge teen hulle as die aard van die verrigtinge verstaan. Niemand mag weens ontoereikende begrip of ongeletterheid benadeel word nie. Minderjarige en volwasse oortreders moet van mekaar geskei word. Die reëls van natuurlike geregtigheid (soos bespreek in 2.4.2 en 2.7.2.3.1) moet te alle tye geld.

In die Interimverslag van die Suid-Afrikaanse Regskommissie *(RSA, 1991:43-44 en 53)* bepaal artikels 6, 7 en 32 grootliks dieselfde as die Konvensie van die Kind met betrekking tot die prosessuele regte van die leerling.

*Bray (1992:20)* wys daarop dat, hoewel daar verskeie vereistes vir regmatige optrede is, een van die belangrikste elemente die "redelikheid" is. Die redelike onderwyser sou dan regverdig en onbevooroordeeld die leerling 'n kans gun om sy saak te stel. Die beginsel "op geregtelike wyse; volgens regsvoorskrifte" (vergelyk 2.7.2.3) soos gewaarborg in 'n toekomstige Suid-Afrikaanse menseregteakte, sal in die toekoms deel uitmaak van onderwysers se dissiplinêre optrede teen leerlinge. Besondere aandag sal aan die volgende aspekte met

betrekking tot die reëls van natuurlike geregtigheid (vergelyk 2.7.2.3.1) gegee moet word *(Bray, 1992:20)*:

(i) 'n leerling behoort regverdig verhoor te word voordat hy uit die skool uitgesit word;

(ii) na uitsetting behoort daar vir hom geleentheid te wees om deur 'n ander skool aanvaar te word;

(iii) as uitvloeisel van "op geregtelike wyse" sal howe die reg op ingryping hê wat betref redelike straf en die aanwesigheid al dan nie van 'n regverdige verhoor van die leerling; en

(iv) onregverdige of onredelike skoring of uitsetting van 'n leerling sal onkonstitusioneel wees: onderwyswetgewing wat sodanige strafmaatreëls sonder die verloop van regsvoorskrifte toelaat, sal nietig verklaar word.

Voorts wys dieselfde skrywer *(Bray, 1992:20)* daarop dat sodra die reg op onderwys in 'n Suid-Afrikaanse menseregteakte gewaarborg word, onderwyswetgewing wat skorsing en uitsetting wettig (vergelyk 2.7.2.3.1 en 2.7.2.3.2) onder die vergrootglas geplaas sal word ten opsigte van die onderwysliggaam se plig en verantwoordelikhede in die openbare onderwys.

Skorsing en uitsetting is volgens *Bray (1992:20)* die algemeenste skooldissipline in die V.S.A.. Sy haal Mc Carthy et al., Fischer et al. en Giles aan waar hulle daarop wys dat, hoewel daar 'n wakende oog oor die uitvoer van regsvoorskrifte gehou moet word, wetgewing nie só rigied en onbuigsaam (vergelyk 2.4. 2.2.3) moet wees dat die effektiwiteit van skorsing en uitsetting, wat deel van die opvoedingsproses uitmaak (vergelyk 2.7.2.3.2), as gereelde dissiplinêre maatreëls vernietig word nie.

### 3.4.3 Die verpligtinge van die minderjarige leerling

Soos *Beckmann en Prinsloo (1993:45)* tereg sê, moet diegene (dus ook leerlinge) wat op regte aanspraak maak, rekening hou met die ooreenstemmende verpligtinge wat dit meebring.

In artikel 14 van die Konvensie van die Regte van die Kind *(VN, 1989:4-5)* word die regte en pligte van die ouer of wettige voog erken ten opsigte van die leiding wat hulle die kind moet gee in die uitvoering van sy regte. Verskeie artikels (waaronder artikels 10, 13 en 15) wys op die moontlike beperking of opskorting van 'n kind se reg, indien hy (a) nie ander se regte en aansien respekteer nie, of (b) 'n bedreiging inhou vir die beskerming van nasionale sekuriteit, openbare orde, open- bare gesondheid of sedes.

Wat die dokument van die *ANC (1990:1-37)* betref, is daar reeds na *Robinson (1993:6-7)* in 3.3.1.1.2 verwys waar hy op 'n wesenlike verskil tussen die Konvensie van die Regte van die Kind en die Suid-Afrikaanse Regskommissie aan die een kant, en die werksdokument van die ANC aan die ander kant wys. Sowel eersgenoemde as tweede-genoemde dokumente bied grondwetlike beskerming aan die kind binne gesinsverband, stel die ouer se reg om sy kind self op te voed, voorop en stipuleer staatlike toesig oor die ouer-kind-verhouding. Die ANC, daarenteen, maak die staat primêr verantwoordelik vir die kind se onderwys en plaas die kind as individueel-selfstandige draer van kinderregte in 'n direk aanspraakmakende verhouding teenoor die staat *(Robinson, 1993:6)*.

Soos duidelik blyk uit 2.2 van hierdie skripsie is die uitgangspunt van die African National Congress totaal onaanvaarbaar.

### 3.4.3.1 Onderwerping aan gesag

Artikel 29 van die Konvensie van die Regte van die Kind *(VN, 1989:8)* bepaal dat die onderwys van die leerling onder andere daarop gerig moet wees om by hom respek en agting vir sy ouers en meerderes (dus ook sy onderwysers) te laat ontwikkel (vergelyk 3.4.2.2.2).

Die Suid-Afrikaanse Regskommissie bepaal in artikel 39 *(RSA, 1991:58)* dat een individu nie inbreuk mag maak op ander se regte nie. Gesien die feit dat genoemde voorgestelde menseregteakte die ouer se regte as primêre opvoeder van die kind erken, kan aanvaar word dat dit die onderwerping van die kind aan gesag oor hom sou insluit.

In die ANC se werksdokument word die kind se plig tot gehoorsaamheid geensins geïmpliseer nie. Dit skyn 'n uitvloeisel van die miskenning van ouerlike gesag (vergelyk 3.3.1.1.2) te wees.

3.4.3.2 Morele verpligting

Slegs die Konvensie van die Regte van die Kind *(VN, 1989:8)* verwys in artikel 29 na die morele verpligting wat op die kind rus: hy moet agting toon vir sy kulturele identiteit, sy moedertaal en sy omgewing. Volgens hierdie artikel het die kind ook die plig om uiteindelik 'n verantwoordelike lewe in die samelewing te voer.

3.4.3.3 Skoolplig

Sowel die Konvensie van die Regte van die Kind *(VN, 1989: 8)* as die ANC *(ANC, 1990:20-21)* en die Suid-Afrikaanse Regskommissie *(RSA, 1991:48-49)* verwys na die leerling se reg op onderwys as dat die primêre onderwysfase verpligtend moet wees.

Slegs eersgenoemde dokument *(VN, 1989:8)* bepleit stappe om gereelde skoolbywoning onder leerlinge aan te moedig en vroeë skoolverlating te ontmoedig.

3.4.3.4 Deelname aan aktiwiteite

Gesien die feit dat artikel 29 van die Konvensie van die Regte

van die Kind *(VN, 1989:8)* die potensiaalverwesenliking vandie leerling se persoonlikheid, talente en vermoëns deur sy onderwys bepleit, kan daar aanvaar word dat dit die leerling se plig tot deelname aan die beskikbare aktiwiteite op skool sou insluit.

Die ANC *(ANC, 1990:1-37)* én die Suid-Afrikaanse Regs-kommissie *(RSA, 1991:1-58)* se dokumente verwys geensins na verpligtinge wat ten opsigte van deelname aan aktiwiteite op leerlinge sou rus nie.

## 3.5 SAMEVATTING

Met die instelling van 'n Suid-Afrikaanse menseregteakte as 'n voldonge feit, sal dit benewens die noodwendig ingrypende grondwetlike vernuwing ook ingrypende verandering op die gebied van die privaatreg en daarmee gepaardgaande privaatregtelike verhoudings meebring. Terwyl dit die privaatregtelike verhouding is wat tot dusver in Suid-Afrika onder andere die leerling se subjektiewe regte en regsverpligtinge vasgelê en beskerm het, plaas die voortgestelde menseregteakte die beskerming van die leerling in 'n publiekregtelike kader, omdat die kind (en dus ook die leerling) nou te staan kom teenoor die staatsowerheid as gesagsliggaam.

Indien 'n menseregteakte bloot deur grondwetlike of ander statutêre bepalings die staatsowerheid aan geregtigheidsnorme bind, ontbreek die harmoniëring van regte én verpligtinge van sowel die staatsowerheid as die onderdaan. Die mens (en daarmee saam die leerling) moet saam met sy aanspraak op byvoorbeeld opvoeding en onderwys, bereid wees om ook sy verpligtinge in dié verband na te kom.

Talle skrywers wys daarop dat leerlinge veronreg word wanneer hulle menseregte geskend word. Ook die Suid-Afrikaanse Regs-kommissie erken die regte van die kind as 'n vername kenmerk van sy voorgestelde menseregteakte.

Universeel-aanvaarde menseregte- en kinderregteaktes erken (a) die kind (en dus ook die leerling) as beskermingswaardige subjek binne gesinsverband, en (b) die ouer as primêr verantwoordelik vir die opvoeding en onderwys van sy kind. Tog erken die ANC se grondwetlike komitee nié die ouer as primêre opvoeder van die kind nie. In hulle voorgestelde akte word die staat primêr verantwoordelik gehou vir die kind se onderwys, veiligheid en gesondheid.

Terwyl menseregte- en kinderregteaktes alle individue se inherente menswaardigheid en gelyke, onvervreembare regte erken, word ook die inkorting of beperking van menseregte in mindere of meerdere mate erken.

Die persoonlikheidsregte, regte wat betref welstand en ontwikkeling, en die prosessuele regte, soos dit in hoofstuk 2 uiteengesit is, word in die bestaande en voorgestelde aktes erken. Groot klem word gelê op die reg van die individu op opvoeding en onderwys. In die ANC se voorgestelde akte word daar selfs geleenthede bepleit vir volwassenes om (a) hulle ongeletterdheid te bowe te kom en (b) verder te leer.

Hoewel daar inherente vaaghede in byvoorbeeld die ANC en die Suid-Afrikaanse Regskommissie se voorgestelde aktes is, blyk sekere aspekte duidelik as algemene vereistes vir die beskerming van die regte van die leerling te geld.

Soos die geval in hoofstuk 2 was, duur die debat rondom die wenslikheid van lyfstraf as tugmaatreël vir leerlinge voort.

Die menseregte- en kinderregteaktes is oor die algemeen vaag wat betref die <u>verpligtinge</u> wat op die leerling rus as teenpool van sy regte.

# HOOFSTUK 4

## SAMEVATTING, BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

### 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word daar eerstens 'n kort samevatting van die vorige hoofstukke gegee. Tweedens word enkele bevindings wat uit die literatuurstudie geblyk het, aangedui. Daarna volg die aanbevelings wat uit hoofde van hierdie skripsie gedoen kan word, met die oog op die ontplooiing van die regte van die leerling in opvoedende onderwys.

### 4.2 SAMEVATTING VAN VORIGE HOOFSTUKKE

In hoofstuk 1 word die probleemstelling wat tot hierdie skripsie aanleiding gegee het, uiteengesit.

Met die oog op 'n breë perspektief op die onderwyspraktyk is nie net 'n onderwysregtelike nie, maar ook 'n menseregtelike perspektief van die regte van die kind relevant.

Ook die navorsingsdoel, navorsingsontwerp en verloop van die navorsingsprogram (met insluiting van 'n hoofstukindeling) word in hoofstuk 1 uiteengesit. Die navorsingsontwerp bestaan eerstens uit 'n literatuurstudie van primêre en sekondêre opvoedkundige en regswetenskaplike bronne. 'n Regsvergelykende studie van bepaalde menseregteaktes word tweedens gedoen om deur middel van ooreenkomste en verskille tot nuwe insigte oor die regte van die leerling te kom.

In hoofstuk 2 word die onderwysregtelike determinante van opvoedende onderwys onder die loep geneem, vir sover dit 'n be-

duidende invloed op die regte van die leerling het. Eerstens word daar klem gelê op die drie faktore (nl. ouderdom, bloedverwantskap en geslag) wat die leerling se status as regsubjek beïnvloed, met 'n begripspresisering van subjektiewe regte, bevoegdhede en verpligtinge soos dit regtens op die leerling van toepassing is.

Tweedens word daar na die vereistes gekyk wat aan die geldigheid van administratiewe onderwyshandelinge gestel word, met spesifieke verwysing na die *bona fide*-optrede van onderwysgesagsliggame.

Derdens word die kwasi-judisiële bevoegdheid van onderwysers, die vereistes vir en waarde van die eerbiediging van die reëls van natuurlike geregtigheid, die middellike aanspreeklikheid wat onder sekere omstandighede vir onderwysowerhede geld, die *ultra vires*-leerstuk soos dit op ook die onderwyser betrekking het en die onderwyser *in loco parentis*, as gemeenregtelike konsepte (wat in die besonder betrekking het op die regte van die leerling) in behandeling geneem.

Spesiale aandag word gewy aan die polemiek rondom die onderwyser se gesag ten opsigte van sy tugbevoegdheid op skool. Sorgsame toesig en redelikheid met betrekking tot dissiplinêre maatreëls is van die kenmerkendste vereistes wat aan die onderwyser *in loco parentis* gestel word.

Vierdens word daar aandag geskenk aan die statutêre determinante van opvoedende onderwys, met spesiale verwysing na die relevante onderwys- en ondergeskikte wetgewing vir sover dit 'n invloed op die regte van die leerling het.

Vyfdens word daar 'n uittreksel gemaak van die verslae van vorige hofsake, om aan te toon dat die feite en bevindings van vorige regsgedinge vir ook die opvoedende onderwys (en daarmee saam die regte van die leerling) 'n bepalende faktor is.

Die bestaande regsposisie van die leerling word laastens uiteengesit. Nadat die beperking en beskerming van die leerling se regte omskryf is, word daar indringende aandag geskenk aan die privaatregtelike uiteensetting van die regte waarop leerlinge regtens aanspraak kan maak en die regsverpligtinge waarvoor hy verantwoordelikheid moet aanvaar. 'n Poging word in hoofstuk 2 aangewend om 'n verband te trek tussen (a) die status van die leerling as regsubjek, (b) die uitvoer van geldige administratiewe onderwyshandelinge, (c) sekere gemeenregtelike konsepte wat 'n beduidende invloed op die regte van die leerling het, (d) statutêre onderwysrelevante bepalings en (e) toepaslike hofuitsprake van vorige regsgedinge, as mede-determinante van opvoedende onderwys en daarom relevant wat betref die naspeur van die regte van die leerling.

Daar word in die besonder gelet op statutêre bepalings met die oog op die toepassing van lyfstraf en skorsing/uitsetting op skool. Ook die onderwyser se verantwoordelikheid wat betref sorgsame toesighouding oor die leerlinge onder sy sorg, word opnuut onder die vergrootglas geplaas.

In hoofstuk 3 word 'n menseregtelike perspektief van die regte van die leerling uiteengesit. Met behulp van 'n regsvergelykende studie word 'n elementêre studie van universeel-aanvaarde en huidige voorgestelde Suid-Afrikaanse menseregte- en kinderregteaktes gedoen. Dit gaan in hierdie hoofstuk om die publiekregtelike beskerming van die leerling se regte.

Met behulp van die uitwys van sekere vaaghede, ooreenkomste, verskille en tekortkominge wat betref die regsposisie van die leerling, word gepoog om deur middel van 'n elementêre regsvergelykende studie tot groter insig te kom met die oog op die bevordering van opvoedende onderwys.

## 4.3 BEVINDINGS

Opvoedende onderwys is nie haalbaar sonder dat die onderwyser 'n grondige begrip van ook die leerling se regte het nie.

Hier volg die bevindings wat betref die regte van die leerling soos dit vanuit (a) die onderwysregtelike perspektief van hoofstuk 2 (die juridiese aspekte soos in die privaatreg vervat) en (b) die menseregtelike perspektief van hoofstuk 3 (die publiekregtelike beskerming van die leerling) blyk.

### 4.3.1 Inleiding

Gesien die feit dat elke onderwyshandeling juridies relevant is, is dit noodsaaklik dat elke onderwyser 'n onderwysregtelike perspektief op veral sy eie kompetensies, regte en verpligtinge asook dié van die ouer en dié van die leerling sal hê (vergelyk 2.1). Die kennis van sy eie kompetensies, subjektiewe regte en regsverpligtinge wat hom regtens toekom, sal die onderwyser in staat stel om (a) sy eie regte teenoor dié van ander te kan handhaaf en (b) sy pligte te kan uitvoer (vergelyk 2.1).

Die struktuur en orde waarop opvoedende onderwys berus, verg dat die positief-regtelike ordening van die netwerk van menseverhoudings in die onderwys nie versteur mag word nie (vergelyk 2.1), die omlyning van die leerling as belangrike onderwysbelanghebbende se juridiese status en menseregtelike posisie nie geïgnoreer mag word nie (vergelyk 2.2 en 3.4) en administratiefregtelike prosedure-reëls nie by die uitvoering van onderwyshandelinge afgeskeep mag word nie (vergelyk 2.4.2, 2.7.2.3 en 3.4.2.3).

### 4.3.2 Status as determinant van opvoedende onderwys

Soos duidelik blyk uit 2.2.1 beskik alle mense ingevolge die Suid-Afrikaanse reg vanaf geboorte oor regsubjektiwiteit.

Gesien die feit dat regsubjektiwiteit verwys na die vermoë om juridiese kompetensies, subjektiewe regte en regsverpligtinge te kan hê, het die leerling as regsubjek die status om juridiese kompetensies, subjektiewe regte en regsverpligtinge te kan hê.

Met verwysing na 2.2.2 beteken status in juridiese sin 'n regsubjek se (a) staanplek in die regslewe, (b) posisie in die juridiese werklikheid, en (c) rol in die regsverkeer. Die inhoud van 'n persoon se regstatus word deur die geheel van sy kompetensies bepaal.

4.3.2.1 Statusbepalende faktore

Vir die doeleindes van hierdie skripsie en soos aangedui in 2.2.2.1, is ouderdom, bloedverwantskap en geslag van die bepalende juridiese faktore vir die leerling se status. Menseregteaktes implementeer ook onder andere ouderdom as bepalende faktor vir die publiekregtelike beskerming van die individu.

Wat <u>ouderdom</u> betref, is daar in 2.2.2.1.1 en 2.2.3.1.1 aangedui dat die omvang van die leerling se juridiese status aanvanklik uit hoofde van die leerling se beperkte denkvermoë, geslagtelike onrypheid en psigiese onrypheid ter wille van die ordening van die gemeenskap en ook ter wille van sy eie beskerming beperk word.

Tot die mate waartoe die leerling oor die vermoë beskik om selfstandig te kan oordeel, eie besluite te kan neem, die gevolge van sy dade te kan insien en ook verantwoordelikheid daarvoor te kan aanvaar, word hy regtens geag toerekeningsvatbaar vir wederregtelike optredes te wees. Hierdie siening ten opsigte van die minderjarige hou ingrypende implikasies vir die onderwys in, aangesien dit behels dat die leerling tot toenemende verantwoordelikheidsin opgevoed moet word.

'n Juridiese beskouing van ouderdom as statusbepalende faktor vind goeie aansluiting by die opvoedkundige beskouing van die leerling wat betref sy beperkinge en onrypheid. Jeugdigheid dien egter nie *per se* as vrywaring teen skuldigbevinding in 'n kriminele hof nie (vergelyk 2.5.1 en 3.4.2.3).

Uit die kort bespreking in 2.7.2.1.2 blyk dit dat <u>bloedverwantskap</u> regtens nie die beskerming van 'n leerling se subjektiewe regte beïnvloed nie.

Wat die <u>geslag</u> van 'n leerling betref, geniet dogters van regsweë besondere beskerming (soos in 2.7.2.2.6 aangedui is) deurdat lyfstraf glad nie op skool op hulle uitgeoefen mag word nie. Tog gee die positiefregtelike erkenning van die biologiese feit dat dogters puberteit twee jaar vroeër as seuns bereik (vergelyk 2.2.3.1.4) aanleiding daartoe dat dogters reeds op twaalfjarige ouderdom (met toestemming van die Minister van Binnelandse Sake en hulle ouers) in die huwelik kan tree.

Terwyl dit regtens so is dat seuns en meisies van 0 - 7 jaar selfhandelingsonbevoeg en van 7 - 21 beperk handelingsbevoeg is (vergelyk 2.2.3.1.4), beteken die feit dat meisies op 12 in die huwelik kan tree, wat dié aspek betref, dat beperkinge op hulle handelingsbevoegdheid op 'n vroeëre ouderdom verlig word.

### 4.3.2.2 Die inhoud en omvang van die leerling se kompetensies

Met kompetensie (vergelyk 2.2.3.1) word verwys na 'n persoon se vermoë om (a) 'n regsubjek te kan wees, en (b) sekere juridiesrelevante handelinge te kan verrig. Oor die regsubjektiwiteit van die leerling bestaan daar geen twyfel nie; dit is sy vermoë om juridiese handelinge te verrig wat regtens onder andere deur sy ouderdom beperk word.

Die leerling beskik aan die hand van 2.2.3.1.1 regtens oor beperkte handelingsbevoegdheid, wat daarop afgestem is om hom teen uitbuiting te beskerm.

By die aanvaarding van 'n skenking, wat slegs tot sy voordeel kan wees, beskik hy oor selfhandelingsbevoegdheid. By die sluit van byvoorbeeld 'n koopkontrak, beskik hy oor handelingsbevoegdheid mits hy met die toestemming of hulp van sy voog optree. By die aanvaarding van byvoorbeeld 'n eksekuteursamp, beskik die leerling oor géén handelingsbevoegdheid nie.

Die leerling (7 jaar en ouer) beskik aan die hand van 2.2.3.1.2 nie oor die vermoë om self 'n geding te kan voer nie. Toestemming of bystand van sy voog word regtens vereis by die uitoefening van hierdie kompetensie. (Ouers van kinders onder 7 jaar voer self die geding).

Die leerling beskik, soos uiteengesit in 2.2.3.1.3, 2.7.2 en 3.4.2, oor die subjektiewe regte en regsverpligtinge wat uit sy status as minderjarige regsubjek voortvloei. Uit die menseregtelike perspektief van 3.4.2 blyk dit dat internasionaal-aanvaarde en huidige voorgestelde Suid-Afrikaanse menseregteaktes leerlinge se persoonlikheidsregte, regte wat betref welstand en ontwikkeling en prosessuele regte, eerbiedig. Die huidige voorgestelde Suid-Afrikaanse menseregteaktes gaan mank aan die leerling se verpligtinge wat hy as teenpool van sy fundamentele regte moet nakom (vergelyk 3.4.3).

Die volgende bevindings wat betref die leerling se kompetensies, subjektiewe regte en regsverpligtinge blyk duidelik uit die Suid-Afrikaanse gemene reg, wetgewing en regspraak:

(i) onder sekere omstandighede (soos by die bewussyn van sy moreel verkeerde optrede) moet die leerling regtens verantwoordelikheid vir sy eie handelinge aanvaar (vergelyk 2.3.1.4);

(ii) die belange van die individuele leerling moet nie ten koste van die belange van die skoolgemeenskap oorbeklemtoon word nie (vergelyk 2.7.2.2.3, 2.7.2.2.6 en 2.7.3);

(iii) howe meng hulle slegs met die uitoefening van onderwysers se diskresionêre bevoegdhede rakende die regte van leerlinge in, indien daar sprake is van onregmatigheid of onredelikheid in die optrede (vergelyk 2.6 en 2.7.1);

(iv) daar bestaan die moontlikheid dat 'n leerling op skool skuldig bevind kan word aan 'n oortreding wat hy begaan het, mits die voorgeskrewe prosedure-reëls nagekom is (vergelyk 2.4.2 en 2.4.2.2);

(v) sy status as kind stel nie die leerling vry van juridiese én morele verpligtinge nie:

* indien die leerling byvoorbeeld daartoe in staat is, het hy 'n onderhoudsplig teenoor sy onvermoënde ouers (vergelyk 2.7.2.2.1);
* die leerling moet uiteindelik sy plek volwaardig in die samelewing inneem (vergelyk 2.7.2.2.2 en 2.7.3.2.);
* die leerling se gereelde skoolbywoning is 'n voorvereiste vir sy benutting van onderwysgeleenthede (vergelyk 2.7.3.3);
* die leerling moet hom onderwerp aan redelike gesag oor hom, wat byvoorbeeld impliseer dat die voltooiing van sy huiswerk verpligtend is solank dit 'n redelike opdrag was (vergelyk 2.7.3.1);
* die leerling moet in ag neem dat sy ouers, onderwysers en maats ook oor kompetensies, subjektiewe regte en regsverpligtinge beskik (vergelyk 2.7.2.2.3) wat hy moet eerbiedig;
* die leerling mag nie die handhawing van 'n skool se dissipline, sedelike norme of sosiale welsyn in die gedrang bring nie (vergelyk 2.7.2.2.3);
* die leerling mag nie sy skoolplig versuim nie (vergelyk 2.7.3.3);

* die leerling behoort nie sy gesondheid in die gevaar te stel deur deel te neem aan gevaarlike aktiwiteite of deur gevaarlike middele te gebruik nie (vergelyk 2.7.3.2);
* die leerling behoort sy kennis en vaardighede aan ander bekend en beskikbaar te stel (vergelyk 2.7.3.2);
* die leerling behoort aan die gebeure en aktiwiteite in sy gemeenskap deel te neem (vergelyk 2.7.3.4);

(vi) by 'n leerling se skuldigbevinding (in kriminele sowel as onderwysverband) behoort alternatiewe strawwe eers oorweeg te word voordat drastiese maatreëls (soos verbeteringskool) ingestel word (vergelyk 2.5.1.1 en 2.7.2.2.6); en

vii) 'n leerling se getuienis word nie eenvoudig altyd as 'n korrekte weergawe van die gebeure aanvaar nie (vergelyk 2.5.1.1), hoewel hy voortdurend die geleentheid moet kry om sy saak te stel (vergelyk 2.7.2.3).

Die leerling se toerekeningsvatbaarheid by die pleeg van 'n onregmatige daad word aan die hand van 2.2.3.1.4 met inagneming van sy bepaalde geestesvermoëns, vlak van rypheid en ooreenkomstige optrede beoordeel.

Die gladde verloop van opvoedende onderwys berus grootliks op die effektiewe implementering vn tweedevlak- (onder andere die Handleiding vir Skoolorganisasie en parlementêre regulasies) en derdevlak-wetgewing (onder andere skoolreëls). Tugmaatreëls op skool word juis deur tweedevlak- en derdevlak-wetgewing uiteengesit (vergelyk 2.5.2).

### 4.3.3 *Bona fide*-onderwysoptrede as determinant van opvoedende onderwys

Wat betref die regsverpligtinge van die onderwyser teenoor die leerling, blyk die volgende bevindings duidelik uit die

Suid-Afrikaanse gemene reg, statutêre voorskrifte en regspraak:

(i) 'n onderwyser wie se optrede in die onderwys onregmatig bevind word, kan deur sanksies getref word en sy onkunde wat betref die vereistes wat aan korrekte optrede gestel word, dien nie as verskoning nie (vergelyk 2.2.3.1.1, 2.2.4 en 2.3.1.4);

(ii) die volg van voorgeskrewe prosedures verseker goeie orde en administratiewe regverdigheid, wat onderliggend aan opvoedende onderwys is (vergelyk 2.3.1.2);

(iii) wraakneming mag nie by dissiplinêre optrede teenoor die leerling in opvoedende onderwys ter sprake kom nie (vergelyk 2.7.2.2.6), aangesien die geborgenheid van die leerling (vergelyk 2.7.2.2.2) deur *bona fide*-optrede van die onderwyser gekenmerk moet word;

(iv) 'n onderwyser se optrede teenoor veral leerlinge moet voortdurend deur goeie bedoelings en opregtheid (*bona fide*-gedrag) gekenmerk word (vergelyk 2.3.1.4);

(v) 'n skoolhoof kan ten opsigte van die diskresionêre onderwyshandelinge wat hy uitvoer, die regte van nie net sy personeel en ouergemeenskap nie, maar ook van die leerlinge van sy skool aantas (vergelyk 2.4.1): om te bepaal of die aantasting regmatig was al dan nie, word die skoolhoof se handeling gemeet aan die geldigheidsvereistes waaraan dit moes voldoen (vergelyk 2.3.1);

(vi) enige besluit om teen 'n leerling op te tree, moet volgens die reëls van natuurlike geregtigheid geneem word (vergelyk 2.4.2):

* die leerling moet 'n kans kry om sy kant te stel (vergelyk 2.4.2.2.1 en 2.7.2.3.1);
* 'n onbevooroordeelde en onpartydige beslissing moet nagestreef word (vergelyk 2.4.2.2.2), wat sodanige waaksaamheid van die skoolhoof vereis dat persoonlike voorkeure of afkeure nie sy objektiewe besluitneming sal beïnvloed nie;

* die besluit wat uiteindelik geneem word, moet met inagneming van redelikheid en buigsaamheid ten opsigte van byvoorbeeld die ouderdom van die kind plaasvind (vergelyk 2.4.2.2.3);
* net soos in die hof die geval is, moet die leerling se getuienis deur die onderwyser beoordeel word in terme van sy waarnemingsvermoë, sy geheue en sy vermoë om gebeure oor te vertel (vergelyk 2.5.1.1);

(vii) die onderwyser staan nie onafhanklik van die onderwysowerhede by die uitvoering van sy pligte nie: die onderwyser se opsetlik verkeerde of nalatige optrede stel die onderwysowerhede mede-aanspreeklik (vergelyk 2.4.3); en

(viii) as *in loco parentis*-persoon (vergelyk 2.4.5) geld die volgende uiteensetting van die onderwyser as opvoeder van die leerling:

* die onderwyser tree in 'n vennootskap met ook die ouer op, wat impliseer dat daar wedersydse uitruil van inligting met betrekking tot sowel die leerling se vordering as sy deelname aan wan-praktyke moet plaasvind (vergelyk 2.4.5 en 2.7.2.2.4);
* die onderwyser beskik oor sowel gedelegeerde as oorspronklike gesag oor die leerling (vergelyk 2.4.5 en 2.7.2.2.6);
* uit hoofde van sy opleiding en ervaring met kinders behoort die onderwyser besonder sorgsaam ten opsigte van die fisiese en geestelike welsyn van die kind op te tree (vergelyk 2.7.2.2.3);
* die onderwyser behoort veral te waak teen die onregmatige aantasting van die leerling se liggaamlike integriteit, sy goeie naam en sy menswaardigheid (vergelyk 2.7.2.1);
* wanneer die onderwyser 'n administratiewe onderwyshandeling uitvoer, moet hy altyd daarop let dat hy met die nodige gesag beklee is (vergelyk 2.3.1.1), binne die perke van sy gesagsterrein (vergelyk 2.3.1 en 2.3.1.4) en volgens bepaalde voorskriftelike prosedures optree (vergelyk 2.4.2);

* daar word regtens nie buitengewone insigte van die onderwyser verwag nie (vergelyk 2.4.2.2.2): sy optrede word aan die redelikheid en sorgsaamheid van die redelike man op straat gemeet, dit wil sê in die geval van 'n onderwyser word deskundige optrede as professioneel opgeleide persoon verwag en 'n hoë mate van sorgsaamheid teenoor sy leerlinge regtens vereis (vergelyk 2.7.2.2.3). In sy geval word die <u>redelike onderwyser</u> as kriterium vir die uitoefening van redelikheid en sorgsaamheid gestel.

Wat betref die skorsing/uitsetting van 'n leerling, bestaan daar oor die algemeen duidelike voorskrifte ten opsigte van die prosedure wat skoolhoofde moet volg. Daar bestaan egter 'n moontlikheid dat skoolhoofde van staatsondersteunde skole nie die skriftelike verslag wat regtens opgestel moet word ná besluitneming om 'n leerling te skors of uit te sit (vergelyk 2.7.2.3.2) aan die Bestuursliggaam van die skool vir goedkeuring voorlê nie, aangesien dit slegs eenmalig in Regulasie 2 (betreffende beheer, skorsing en uitsetting van leerlinge) gestipuleer word dat 'n verwysing na die Uitvoerende Direkteur of Superintendent van Onderwys by 'n staatsondersteunde skool na die Bestuursliggaam van die skool verwys.

Ondersteuning vir die bevinding dat skoolhoofde òf nie die beskikbare inligting gebruik nie òf 'n gebrek toon by die uiteensetting van prosedures, word gevind in *Bayliss (1991: 69)*, *Oosthuizen (1992:86)*, *De Jager (1993:57)* en *Van Rensburg (1993:65)*.

### 4.3.4 Sorgsaamheidsplig as determinant van opvoedende onderwys

Soos aangedui in 2.7.2.2.3 is die onderwyser wat betref sy sorgsaamheidsplig regtens vir sowel die geestelike welsyn van as die fisiese toesig oor en beheer van die leerlinge in sy sorg verantwoordelik.

Die beduidende klemverskuiwing tussen die privaatregtelike beskerming van die leerling en die publiekregtelike beskerming van 'n moontlike Suid-Afrikaanse menseregteakte vind plaas by die leerling se reg op onderhoud en welsyn/die leerling se reg op opvoeding en onderwys/die leerling se reg op vertroulikheid en korrekte inligting/die leerling se reg op gesag en dissipline.

4.3.4.1 Onderhoud en welsyn

Hoewel die kind oor die gemeenregtelike aanspraak op onderhoud en welsyn beskik (vergelyk 2.7.2.2.1 en 3.4.2.2.1), blyk hierdie aanspraak nie onvoorwaardelik die geval te wees nie. Uit die bestaande regsposisie van die Suid-Afrikaanse leerling (soos uiteengesit in 2.7.2.2.1) blyk die vermoënde kind byvoorbeeld 'n onderhoudsverpligting ten opsigte van sy onvermoënde ouers te hê.

Terwyl menseregteaktes van moderne demokrasieë en die Suid-Afrikaanse regering se voorgestelde menseregteakte dit eens is dat die ouers van die kind primêr vir sy onderhoud en welsyn verantwoordelik is (vergelyk 3.4.2.2.1), gaan die ANC van die standpunt uit dat dit primêr die staat se plig is om na kinders se onderhoud en welsyn om te sien (vergelyk 3.3.1.1.2).

4.3.4.2 Opvoeding en onderwys

Soos aangedui in 2.7.2.2.2 en 3.4.2.2.2 het die leerling 'n aanspraak op onderwys of opleiding wat hom in staat sal stel om sy plek in die samelewing in te neem. Ook hier is daar meningsverskil oor watter rol die staat speel: bestaande menseregteaktes en die Suid-Afrikaanse regering beskou die staat se rol as ondersteunend tot dié van die ouer (vergelyk 3.4.2.2.2). Die ANC beskou die staat se rol as toonaangewend en oorheersend (vergelyk 3.4.2.2.2).

Met verwysing na 'n menseregteakte se beskerming van die leerling se reg op opvoeding en onderwys, blyk die volgende gemeenskaplike beginsels ná 'n oorsigtelike vergelyking van bestaande en voorgestelde menseregteaktes (vergelyk 3.4 en 3.4.2.2.2):

(i) verpligte en gratis primêre onderwys;
(ii) die reg op gelyke onderwysgeleenthede;
(iii) moedertaalonderrig sover moontlik;
(iv) die nakom van prosedure-voorskrifte soortgelyk aan die reëls van natuurlike geregtigheid;
(v) die reg op inligting; en
(vi) die reg op vrye meningsuiting.

#### 4.3.4.3 Beskerming van veiligheid

Dit blyk duidelik uit sowel die bestaande regsposisie van die leerling (vergelyk 2.7.2.2.3) as die menseregtelike perspektief (vergelyk 3.4.2.2.3) dat die belange van die leerling in alle handelinge wat kinders raak, die swaarste weeg.

Terselfdertyd is bekwame personeel vir sorgsame toesig oor die leerlinge verantwoordelik.

Teenoor die leerling se reg op beskerming en veiligheid soos dit uit die uiteensetting van 2.7.2.2.3 blyk, moet die moontlike skorsing of verwydering van 'n leerling wat deur sy taal of gedrag die handhawing van 'n hoë sedelike peil, dissipline-vlak of sosiale welsyn van 'n skool in die gedrang bring, nooit uit die oog verloor word nie.

Soos uiteengesit in 2.7.2.2.3 moet die bestaan van sowel die voorsienbaarheidskomponent as die voorkombaarheidskomponent bewys word by die moontlike nalatige optrede van die onderwyser wat 'n delik jeens die kind daarstel.

### 4.3.4.4 Vertroulikheid en korrektheid van inligting

Terwyl daar in 2.7.2.1 verwys is na die vertroulike hantering van leerlinge se getuienis en in 2.5.1.1 na spesifieke artikels van wette wat betrekking op minderjarige leerlinge het, beklemtoon die Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie die vertroulikheid van leerlingaangeleenthede (vergelyk 2.7.2. 2.4).

Dit blyk duidelik uit 2.7.2.2.4 (a) dat leerlinge aanspraak kan maak op beskerming van sekere vertroulike verhoudings op skool, (b) dat skoolhoofde aanspraak kan maak op samewerking van hul leerlinge, en (c) dat ouers daarop aanspraak kan maak om oor hulle kinders ingelig te word.

Wat die leerling se aanspraak op korrekte inligting betref, rus die verantwoordelikheid op skool veral swaar op die skouers van die Departementshoof: Opvoedkundige Leiding (vergelyk 2.7.2.2.4). Menseregteaktes wys op die leerling se reg op alle inligting, mits die volgende voorwaardes nagekom word (vergelyk 3.4.2.2.4):

* ander se regte of aansien moet gerespekteer word; en
* nasionale sekuriteit, openbare orde, openbare gesindheid en openbare sedes moet beskerm word.

Die massamedia verrig veral 'n belangrike funksie in die verskaffing van inligting aan kinders wat gerig is op hulle sosiale, geestelike, sedelike, fisiese en psigiese welsyn (vergelyk 3.4.2.2.4).

Die leerling se reg op vrye meningsuiting word in 2.4.2.1 en 2.7.2.3 uiteengesit as dat dit slegs ingeperk of opgeskort mag word ná die geleentheid tot die regverdige en onpartydige aanhoor van sy saak. Menseregteaktes stel die leerling se reg op vrye meningsuiting onderhewig aan sy ouderdom, sy volwassenheid en sy vermoë om 'n mening uit te spreek (vergelyk 3.4.2.2.4).

Met verwysing na visentering van en beslaglegging op leerlinge se besittings (vergelyk 2.7.2.2.3 en 3.4.2.2.4) blyk die volgende:

* die leerlinge se prosesregtelike regte moet deurgaans geld;
* die leerling se veiligheid kan deur visentering en beslaglegging beskerm word;
* die opvoedingsproses kan deur visentering en beslaglegging ononderbroke voortgaan;
* *bona fide*-oorwegings moet geld; en
* wetgewing moet die riglyne vir die uitvoering van visentering en beslaglegging neerlê.

4.3.4.5 Spel

Die leerling het die reg op spel, rus en ontspanning soos blyk uit 2.7.2.2.5 en 3.4.2.2.5.

4.3.4.6 Gesag en dissipline

Lyfstraf op Suid-Afrikaanse skole staan tans in die brandpunt (vergelyk 2.7.2.2.6 en 3.4.2.2.6). Wat wel duidelik blyk, is dat skooldissipline op 'n verantwoordelike, liefdevolle en simpatieke wyse uitgeoefen moet word. Bestaande en voorgestelde menseregteaktes handhaaf die uitgangspunt dat lyfstraf as sodanig leerlinge se basiese regte skend (vergelyk 3.4.2.2.6) en dus in geen vorm aanvaarbaar is nie, veral omdat dit op wrede en oormatige straf kan uitloop.

Opvoedkundiges is steeds verdeeld oor die wenslikheid en bruikbaarheid van lyfstraf op skool (vergelyk 2.7.2.2.6): terwyl sommige van mening is dat lyfstraf as opvoedingsmiddel onontbeerlik is, huldig ander die mening dat bekwame, sorgsame onderwysers alternatiewe opvoedkundig verantwoordbare dissiplinêre maatreëls sal gebruik.

#### 4.3.4.7 Prosesregtelike voorskrifte

Net soos in die privaatreg (vergelyk 2.4.2 tot 2.4.2.2.3 en 2.5.1.1) blyk dit uit die publiekregtelike beskerming wat deur 'n menseregteakte gebied word dat die volg van natuurlike geregtigheid tydens die verloop van 'n ondersoek nagestreef word en dat alternatiewe strawwe eers oorweeg word voordat daar op drastiese maatreëls (soos verbeteringskool of tronkstraf) besluit word (vergelyk 3.4.2.3). Ook die leerling se reg op appél word verseker.

Regsvoorskrifte soos gewaarborg in 'n toekomstige Suid-Afrikaanse menseregteakte, sal deel uitmaak van onderwysers se dissiplinêre optrede teen leerlinge (vergelyk 2.7.2.3 en 3.4.2.3). Met die waarborg van alle leerlinge se reg op onderwys, sal onderwyswetgewing opnuut onder die vergrootglas geplaas moet word ten opsigte van die onderwysliggaam se plig en verantwoordelikhede in die openbare onderwys (vergelyk 3.4.2.3).

Skorsing en uitsetting word in die V.S.A. as algemene dissiplinêre maatreël op skool toegepas (vergelyk 3.4.2.3).

### 4.3.5 Leerlingverpligtinge as determinant van opvoedende onderwys

Dit blyk duidelik dat opvoedende onderwys onder meer afhanklik is van die leerling se eerbied en gehoorsaamheid teenoor sy ouers, voogde en onderwysers (vergelyk 2.7.3.1).

Internasionaal-aanvaarde menseregteaktes wys op die leerling se verpligting om ander se regte en aansien te respekteer, en nie 'n bedreiging in te hou vir die beskerming van nasionale sekuriteit, openbare orde, openbare gesondheid of sedes nie (vergelyk 3.4.3).

Vir die effektiewe verloop van opvoedende onderwys is dit onaanvaarbaar dat die ouer van sy primêre opvoedingsfunksie onthef sou word (vergelyk 2.2, 3.3.1.1.2 en 3.4.3) en deur die staat vervang word.

Die huidige internasionaal-aanvaarde en die voorgestelde Suid-Afrikaanse menseregteaktes gaan mank aan die uitwys van die leerling se verpligtinge wat voortspruit uit sy basiese regte.

## 4.4 AANBEVELINGS

### 4.4.1 Aanbevelings wat voortspruit uit hierdie navorsing

Die antwoord op die vraag hoe opvoedende onderwys gewaarborg kan word, lê opgesluit in net twee woorde: BESKIKBARE INLIGTING.

* Die aansien en noodsaaklikheid van 'n kwalifikasie in die Onderwysreg behoort daadwerklik onder onderwysers en skoolhoofde gepropageer te word.

* Onderwysreg behoort 'n voorgeskrewe vak vir alle onderwysstudente te wees.

* Opknappingskursusse of kongresse in die onderafdelings van Onderwysreg behoort skoolhoofde, adjunkhoofde, departementshoofde en lede van bestuursliggame te betrek. Die inhoud van sulke kursusse of kongresse moet dit ten doel stel om op verstaanbare maniere die beduidendste aspekte aan die aanwesiges oor te dra. Inligting wat so verkry is, behoort dan op bestuurs-, komitee-, personeel- en vakvergaderings genotuleer te word.

* Oorweging behoort aan 'n reglement geskenk te word wat binne die departement se voorskrifte opgestel word en

wat oor 'n omvattende uiteensetting van die betrokke skool se skool-, orde- en dissiplinêre reëls beskik. Ook die moontlike strafmaatreëls wat 'n leerling hom op die hals kan haal, behoort in so 'n reglementvervat te word. Die dokument word dan deur die ouer of voog namens ook die leerling onderteken.

* Die leerlingraad van 'n skool behoort 'n portefeulje-verdeling te hê wat veel meer verantwoordelikheid op veral die hoofmeisie en -seun plaas met betrekking tot die leiding wat hulle moet neem ten opsigte van die vervulling van leerlingverpligtinge. Op opleidingskampe behoort die regte en veral die verpligtinge van leerlinge in behandeling geneem te word.

* Daar behoort beter gebruik van leerlinginspraak gemaak te word, soos by die opstel van skoolreëls, die kies van skooldrag, die oorweging van alternatiewe dissiplinêre maatreëls en die aanbied van skoolaktiwiteite.

* Die leerling behoort ten volle bewus te wees van die verpligtingkant van sy deelname aan opvoedende onderwys. Hy behoort ingelig te wees oor sy verpligting tot gehoorsaamheid en deelname aan skool- en gemeenskapsaktiwiteite. Hy behoort ingelig te wees oor sy rol in die bevordering en verbetering van sy skool en sy gemeenskap se welsyn.

* Deur middel van die Persoonsopvoedingsprogram op skool behoort daar 'n grootse poging te wees om die regte positiewe gesindheid by die leerling aan te wakker. So 'n program behoort gerig te wees op leerlinge wat met mekaar oor praktiese onderwerpe in die onderwys debatteer. Vrye meningsuiting behoort hier aangemoedig te word.

* Met die oog op opvoedende onderwys en ingeligte onderwysers behoort personeelvergaderings op die

volgende aspekte toegespits te word:

(i) die afdwingbaarheid van voorskriftelike prosedure-reëls te alle tye;

(ii) die leerling wat progressief toerekeningsvatbaar vir sy dade word en daarom tot die aanvaarding van toenemende verantwoordelikheidsin onderrig moet word;

(iii) wraakneming wat nooit op skool die doel met dissiplinêre of strafmaatreëls teen 'n leerling mag wees nie;

(iv) die onderwyser se optrede wat altyd *bona fide* moet wees;

(v) die reëls van natuurlike geregtigheid wat altyd eerbiedig moet word; en

(vi) die onderwyser as in *loco parentis* wat oor bepaalde bevoegdhede én verpligtinge beskik.

* Daar behoort seker gemaak te word dat wetgewing (veral die Regulasies en die Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie) toeganklik en maklik interpreteerbaar vir onderwysers is. Vraelyste behoort periodiek aan skoolhoofde uitgestuur te word om te bepaal of die inligting korrek geïnterpreteer is. Superintendente van onderwys moet hier 'n groter bydrae as wat tans die geval is, lewer.

* Kinderregte is 'n verskyningsvorm van menseregte en verdiskonteer as sodanig sekere juridiese kenmerke, waarvan dit veral die generasies van menseregte is wat 'n beduidende invloed op die regsposisie van die leerling het. Daar behoort in 'n menseregteakte met die oog op opvoedende onderwys gestreef te word na 'n gebalanseerde klemverdeling wat betref eerstegenerasie-, tweedegenerasie- en derdegenerasie- regte. Dit is die oorbeklemtoning van veral die tweedegenerasieregte wat lei tot 'n siening van die kind as individueel-selfstandig in sy aansprake teenoor die staat. Laasgenoemde siening is lynreg in stryd met die

opvoedende onderwys se uitgangspunt dat die kind (en daarmee saam die leerling) nie net afhanklik en hulpbehoewend is nie, maar ook staatmaak op volwassenes (en daarmee saam onderwysers) se steungewende begeleiding.

* Gesien die feit dat 'n individu nie sy regte só mag uitoefen dat dit inbreuk maak op die regte van 'n ander individu nie, moet die leerling nie net sy ouers en onderwysers nie, maar ook sy mede-leerlinge in ag neem. Die onderwyser behoort nie net die onderwysowerhede en ouers nie, maar ook sy leerlinge in ag te neem.

* Die impak van die gesinsverband en die eie kulturele, godsdienstige en taalidentiteit op opvoedende onderwys behoort nie misken te word nie.

* Skorsing/uitsetting en visentering/beslaglegging behoort as dissiplinêre maatreëls behoue te bly en ingrypend uitgebrei te word. Skorsing kan byvoorbeeld wel as 'n tydelike maatreël ingestel word met die oog daarop om die leerling later weer toe te laat tot klasbywoning. Die leerling se reg op onderwys behoort nie swaarder te weeg as sy verpligting om hom te weerhou van die skending van die gesagstruktuur of morele sede-peil van die skool nie.

* Veel ingrypender aandag behoort aan Suid-Afrikaanse skole se taalprobleem geskenk te word: die ryke verskeidenheid tale gaan besondere implikasies op die vereistes van gratis, verpligte moedertaalonderrig op selfs net die primêre skoolvlak hê. Daar sal moet voorsien word in die behoefte aan goedopgeleide onderwysers wat die onderskeie tale magtig is.

* Met behulp van 'n ingrypende opvoedingsproses behoort die gesinsverband weer sy regmatige plek in die oë

van almal in die samelewing in te neem. Betroubare inligting behoort aan die ouergemeenskap en die leerlinggemeenskap beskikbaar gestel te word. Die ouergemeenskap behoort saam met die onderwysowerhede gedeelde verantwoordelikheid vir die opvoeding en onderwys van die kind te aanvaar.

* Die leerling se reg op inligting en sy reg op vrye meningsuiting laat kritiese vrae ontstaan:
  (i) Is opvoedende onderwys haalbaar indien die leerling geregtig is op enige inligting?
  (ii) Moet die leerling in die opvoedingsonderwys toegelaat word tot onbeperkte vrye meningsuiting?

Die antwoorde op hierdie twee vrae lê opgesluit in die volgende diskrepans van die Verenigde Nasies se 1989-Konvensie van die Regte van die Kind: indien die handhawing van die leerling se reg op vrye meningsuiting onderhewig is aan sy ouderdom, sy volwassenheid en sy vermoë om 'n eie mening uit te spreek, hoekom is sy reg op inligting nie ook aan hierdie drie bepalings onderhewig nie? En as sy reg op vrye meningsuiting tot sake rakende die kind beperk word, hoekom word sy reg op inligting nie ook daartoe beperk nie?

Daar behoort nie met 'n humanistiese siening van die kind oorboord gegaan te word nie. Tog moet die leerling se reg op inligting en sy reg op vrye meningsuiting, met inagneming van die opvoeding en onderwys se skep van 'n geborge lewensruimte, tot hul reg kom. Indien sy <u>ouers</u> aan hom die inligting verskaf, behoort die leerling se reg op inligting onbeperk te geld.

* Wat die debat rondom die gewenstheid van lyfstraf betref, blyk dit onbetwisbaar dat dit nié as dissiplinêre maatstaf op skool behoue behoort te bly nie en wel om die volgende redes:

(i) daar bestaan die moontlikheid dat wraak met lyfstraf op skool beoog word;

(ii) die onderwyser moet nog omsigtiger as die ouer met die bevordering van die leerling se opvoedkundige welsyn, liggaamlike integriteit en menswaardigheid omgaan;

(iii) dogters se beskerming van regsweë wat betref die verbod op toepassing van lyfstraf, gee aanleiding tot die sienswyse dat pligsversuim by dogters in die praktyk verskoonbaar sou wees;

(iv) dit is moontlik dat die huidige S.A. bepaling dat meisies nooit op skool lyfstraf mag ontvang nie, as 'n diskriminerende bepaling teenoor seuns beskou mag word; en

(v) lyfstraf kan as 'n vernederende straf beskou word.

Totdat daar uitsluitsel gekry is wat die toelaatbaarheid van lyfstraf as dissiplinêre maatreël op skool betref, behoort die regulasies so gewysig te word dat elke staatsondersteunde skool se Bestuursliggaam, hangende die implementering van die menseregteakte, 'n tussentydse besluit hieroor kan neem.

* Ter wille van opvoedende onderwys moet daar duidelikheid en eenstemmigheid verkry word wat betref nie net sy regte nie, maar ook die pligte van die leerling. Sowel die ouers, onderwysers en leerlinge self moet kennis neem van hierdie verpligtinge.

Ingeligte ouers, onderwysers en leerlinge sal die verloop van opvoedende onderwys minder pynlik en meer opwindend maak.

### 4.4.2 Aanbevelings vir verdere navorsing

Daar is tans 'n groot leemte op onderwysgebied wat betref 'n daadwerklike versoening tussen wat regtens vereis word en wat opvoedkundig verantwoordbaar is.

Met die verloop van die navorsingswerk vir hierdie skripsie het dit geblyk dat talle onderwysbronne skerp onder die indruk van die relevansie van leerlingregte is, maar dat bittermin van die bronne daarin slaag om 'n lys van sulke regte saam te stel.

Te midde van die geweldige bewuswording in Suid-Afrika van die noodsaaklikheid van eenvormige skolastiese onderrig vir álle leerlinge, is dit uiters noodsaaklik dat daar verdere navorsing op hierdie gebied gedoen word, veral nadat die voorgestelde Suid-Afrikaanse menseregteakte aanvaar is.

Voorgestelde titels vir verdere navorsing:

* Die regte van die leerling in 'n nuwe Suid-Afrikaanse onderwysbedeling.
* Leerlingregte: quo vadis?

## 4.5 SLOTOPMERKING

Opvoedende onderwys berus op die struktuur en orde wat deur 'n positiefregtelike ordening van die onderwys belanghebbendes se verhoudings en die positiefregtelike omlyning van elkeen se juridiese status verseker word. Terselfdertyd berus opvoedende onderwys ook daarop dat veral die onderwyser as onderwysbelanghebbbende goed op hoogte sal wees met sy eie verpligtinge, in die besonder vir sover dit leerlingregte sou aantas.

In 'n neutedop gestel, vereenselwig hierdie skripsie hom met die beroemde Emerson se woorde:

> "The secret of education lies in respecting the pupil."

# BIBLIOGRAFIE

ADAMS, N. 1984. Law and teachers today. London: Hutchinson.

AFRICAN NATIONAL CONGRESS (ANC) CONSTITUTIONAL COMMITTEE. 1990. A bill of rights for a new South Africa: working draft for consultation. Centre for development studies: Bellville.

ALMY, M. 1984. A child's right to play: reaffirmations. *Childhood education*, 60(5):350, May-June.

ANON. 1990. Teaching human rights at school. *The Unesco Courier*, p.46-48, May.

ANON. 1992. 'n Handves van fundamentele menseregte en die moderne skool. Mondstuk, 21 (243):1 en 7, September.

ANON. 1992. Só word 'n minderjarige gevonnis. *Beeld*: 12, Aug.14.

ANON. 1993. 1069 kinders jonger as 18jr. aangehou. *Beeld*: 7, Jun.24.

BARNARD, A.H., CRONJE, D.S.P. & OLIVIER, P.J.J. 1986. Die Suid-Afrikaanse persone- en familiereg. Durban: Butterworths.

BARRELL, G.R. & PARTINGTON, J.A. 1985. Teachers and the law. 6th ed. Cambridge: University Press.

BAXTER, L. 1984. Administrative law. Kaapstad: Juta.

BAXTER, L. 1989. Administrative law. Kaapstad: Juta.

BAYLISS, W.H. 1991. 'n Evaluering van tugmaatreëls in die Transvaalse primêre skole. Potchefstroom: PU vir CHO ( Skripsie - M.Ed. )

BECKMANN, J.L. 1985. 'n Triadies-hermeneutiese analise van pedagogies-verantwoorde samewerking tussen ouer, onderwyser en kind. Pretoria: UP ( Proefskrif - D.Ed. )

BECKMANN, J.L. 1989. Die sorgsaamheidsplig van die onderwyser. ( *In* Bondesio, M.J., Beckmann, J.L., Oosthuizen, I.J., Prinsloo, J.G. & Van Wyk, J.G. Juridiese toerusting vir die onderwysprofessie. Pretoria: J.P. van der Walt. p.51-75. )

BECKMANN, J.L. & PRINSLOO, J.G. 1989. Die belang van die reg vir die onderwys. ( *In* Bondesio, M.J., Beckmann, J.L., Oosthuizen, I.J., Prinsloo, J.G. & Van Wyk, J.G. Juridiese toerusting vir die onderwysprofessie. Pretoria: J.P. van der Walt. p.3-18. )

BECKMANN, J.L. & PRINSLOO, J.G. 1993. Interimverslag van die Regskommissie oor groeps- en menseregte: implikasies vir die georganiseerde onderwysprofessie. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir Opvoedkunde, 13(1):44-49, Februarie.*

BOBERG, P.Q.R. 1977. The law of persons and the family. Kaapstad: Juta.

BONDESIO, M.J. 1989. Die ondwerwyser en die leerling. ( *In* Bondesio, M.J., Beckmann, J.L., Oosthuizen, I.J., Prinsloo, J.G. & Van Wyk, J.G. Juridiese toerusting vir die onderwysprofessie. Pretoria: J.P. van der Walt. p.19-47. )

BONDESIO, M.J. 1990. Voorwoord. ( *In* Botha, P., Oosthuizen, I.J., Oosthuizen, L. & Prinsloo, J.G. Geselekteerde temas in die onderwysreg. Potchefstroom: PU vir CHO. )

BOTHA, P. 1990. Die regte en verpligtinge van die onderwyser: onderwyseraanspreeklikheid vir leerlingveiligheid. ( *In* Botha, P., Oosthuizen, I.J., Oosthuizen, L. & Prinsloo, J.G. Geselekteerde temas in die onderwysreg. Potchefstroom: PU vir CHO p.18-47. )

BOULDING, E. 1979. Children's rights and the wheel of life. New Jersey: Transaction Books.

BRADY, M.L. 1984. Understanding the minority child in the American educational system. *Education*, 105(1):21-33, Fall.

BRASSEY, M.S.M., CAMERON, E., CHEADLE, M.H. & OLIVIER, M.P. 1988. The new labour law. Kaapstad: Juta.

BRAY, W. 1988. Juridiese aspekte van onderwys-, skool- en klasbestuur. Pretoria: UNISA.

BRAY, W. 1992. Human rights and education. *South African journal of education*, 12(1):16-25, February.

BRAY, W., VAN WYK, J.G. & OOSTHUIZEN, I.J. 1989. Regspraak oor die onderwys. Durban: Butterworths.

BROWNLIE, I. 1981. Basic documents on human rights. 2nd ed. Oxford: Clarendon Press.

CALDWELL, B.M. 1989. Achieving rights for children: role of the early childhood profession. *Childhood education*, 66(1):4-7, Fall.

CHURCH, J., VAN NIEKERK, G. & VAN ZYL, L. 1983. Inleiding tot die regswetenskap. Gids 2 vir IRW 100-4. Pretoria: UNISA.

COMMITTEE OF CONCERN FOR CHILDREN (CCC). 1986. A South African children's charter. Johannesburg.

CRONJE, D.S.P. 1990. Die Suid-Afrikaanse persone- en familiereg. 2de uitg. Durban: Butterworths.

DE JAGER, M.C. 1993. 'n Evaluering van skoolreëls in die primêre skole van die TOD. Potchefstroom: PU vir CHO ( Skripsie - M.Ed. )

DE KLERK, J. 1984. Ouerskap in 'n tegnokratiese bestel. *Die unie*, 81(2):33-36, Augustus.

DE VILLIERS, B. 1992. Educational rights: the interim report of the South African Law Commission and the future of education. *Stellenbosch law review*, 3(1):85-94.

DE VILLIERS, L. 1982. Nalatigheid en die kind: 'n geregtelike beskouing. *Neon*, 38:17-20, April.

DE VRIES, C.G. 1984. Kinderlike begryping aan die hand van sy hunkeringe. *Die unie*, 81(2):40-42, Augustus.

DISTAD, L. 1987. A personal legacy. *Phi delta kappan*, 68(10):744-745, June.

DUMONT, G.H. 1990. A behind-the-scenes struggle for human rights. *The UNESCO courier*, p.43-44, June.

EMANS, R.L. 1987. Abuse in the name of protecting children. *Phi delta kappan*, 68(10):740-743, June.

ENGELBRECHT, S.W.H. 1989. Beginsels vir onderwysvoorsiening in die RSA: F. van der Stoep se bydrae. *Pedagogiekjoernaal*, 10(2):34-51.

ERICKSON, P.G. 1984. Diversion - a panacea for delinquency: lessons from the Scottish experience. *Youth and society*, 16(1):29-45, September.

ESSEX, N.L. 1987. The teacher and malpractice: ten ways to invite a lawsuit. *Malpractice*, 60:212-215, January.

FARMER, R. 1982. Children's rights and the self-actualization theory. *Education*, 103(1):82-89, Fall.

FICK, G.H. 1991. 'n Regsteoretiese en funksionele perspektief op die beste belange van die (minderjarige) kind. *Koers*, 56(1):37-59.

FOSTER, H.H. & FREED, D.J. 1981. A bill of rights for children. *Family law quarterly*, 6:343-375.

GENSER, L. 1985. Children's rights and responsibilities: a teaching unit for the elementary grades. *Social education*, 49(6):500-503, September.

GOTTS, E.E. 1988. The right to quality child care. *Childhood education*, 64(5):268-275, June.

GRANT, G. 1982. Children's rights and adult confessions. *The public interest*, 69:83-99, Fall.

HABIBI, D.A. 1983. The status of children in John S. Mill's theory of liberty. *Educational theory*, 33(2):61-72, Spring.

HAT
kyk ODENDAL, F.F., *red.*

HEATON, J. 1987. Die tugbevoegdheid ten opsigte van kinders. *Tydskrif vir hedendaagse Romeins-Hollandse reg*, 50(4):398-411.

HENDERSON, D.H. 1987. Negligent liability suits emanating from the failure to provide adequate supervision: a critical issue for teachers and school boards. *Journal of law and education*: 435.

HIEMSTRA, V.G. 1983. Suid-Afrikaanse strafproses. 3de uitg. Durban: Butterworths.

HIEMSTRA, V.G. 1991. Suid-Afrikaanse strafproses. 4de uitg. Durban: Butterworths.

HIEMSTRA, V.G. & GONIN, H.L. 1981. Drietalige regswoordeboek. Kenwyn: Juta.

HOSTEN, W.J., EDWARDS, A.B., NATHAN, C. & BOSMAN, F. 1979. Inleiding tot die Suid-Afrikaanse reg en regsleer. Durban: Butterworths.

KIERNAN, C. 1988. Child abuse: a case for change? *British journal of special education*, 15(4):140-142, December.

LA MORTE, M.W. 1982. School law cases and concepts. 3rd ed. New Jersey: Prentice-Hall.

LEWIS, A.C. 1987. Who will mind the children? *Phi delta kappan*, 68(10):252-253, December.

LOUW, L. 1993. Verregaande dat taalgroepe in geradbraakte Engels beding. *Beeld*:3, Jul. 3.

MCLOUGHLIN, C.S., SAMETZ, L. & STREIB, V.L. 1983. Prospective educators' knowledge of children's legal rights. *American educational research journal*, 20(4):591-600, Winter.

MILLER, M.O. & GOLD, M. 1984. Iatrogenesis in the juvenile justice system. *Youth and society*, 16(1):83-111, September.

NAZARIO, T.A. 1988. In defense of children: understanding the rights, needs and interests of the child. New York: Charles Scribner's Sons.

NEETHLING, J. 1985. Persoonlikheidsreg. 2de uitg. Durban: Butterworths.

NEETHLING, J., POTGIETER, J.M. & VISSER, P.J. 1990. Deliktereg. Durban: Butterworths.

ODENDAL, F.F., *red.* 1979. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Johannesburg: Perskor.

OLMESDAHL, M.C.J. 1984. Corporal punishment in schools. *The South African law journal*, 101:527-544, August.

OOSTHUIZEN, I.J. 1986. Die juridies-pedagogiese aspekte van die ouer-onderwyser vennootskap. Pretoria: UP (Verhandeling - M.Ed.)

OOSTHUIZEN, I.J. 1989. Die onderwyser en die ouergemeenskap. ( *In* Bondesio, M.J., Beckmann, J.L., Oosthuizen, I.J., Prinsloo, J.G. & Van Wyk, J.G. Juridiese toerusting vir die onderwysprofessie. Pretoria: J.P. van der Walt. p.103-119. )

OOSTHUIZEN, I.J. 1991. The legal liability of the vocational guidance teacher for negligent misrepresentations: a South African perspective. Paper presented at the XIV ISPA conference in Braga (Portugal:24-28, July.) Potchefstroom: PU for CHE

OOSTHUIZEN, I.J. 1992. Die onderwyser en die ouer. ( *In* Van der Westhuizen, P.C., Loots, Z.B., Mentz, P.J., Oosthuizen, I.J. & Theron, A.M.C. Durban: Butterworths. p.53-69. )

OOSTHUIZEN, I.J. 1992. Die onderwyser en die leerling. ( *In* Van der Westhuizen, P.C., Loots, Z.B., Mentz, P.J., Oosthuizen, I.J. & Theron, A.M.C. Die beginneronderwyser: 'n bestuursmatig-juridiese perspektief. Durban: Butterworths. p.71-108. )

OOSTHUIZEN, I.J. & BONDESIO, M.J. 1988. Die reg in die onderwyspraktyk. Pretoria: Academica.

OOSTHUIZEN, J.J. 1992. Die aanspreeklikheid van die onderwyser as 'n toesighouer by die skool se buitemuurse aktiwiteite. Potchefstroom: PU vir CHO (Skripsie - M.Ed.)

OOSTHUIZEN, L. 1990. Die regte en verpligtinge van die onderwyser: skoolreëls. ( *In* Botha, P., Oosthuizen, I.J., Oosthuizen, L. & Prinsloo, J.G. Geselekteerde temas in die onderwysreg. Potchefstroom: PU vir CHO p.2-17. )

PIENAAR, G. 1984. Regsubjektiwiteit en die regspersoon. 2de dr. Monografie nr. 6 vir Wetenskapsleer. Potchefstroom: PU vir CHO

PRELLER, S.J. 1978. Die Christelike onderwyser. *Fokus*, 6(1):677-684, Maart.

PRETORIUS, J.W.M. 1988. Opvoeding, samelewing, jeug: 'n Sosiopedagogiek leerboek. 2de uitg. Pretoria: Van Schaik.

PRINSLOO, J.G. 1989. Die onderwyser en die kind: dissipline. ( *In* Bondesio, M.J., Beckmann, J.L., Oosthuizen, I.J., Prinsloo, J.G. & Van Wyk, J.G. Juridiese toerusting vir die onderwysprofessie. Pretoria: J.P. van der Walt. p.79-99. )

PRINSLOO, J.G. 1990. Die regte en verpligtinge van die onderwyser: dissipline en tug op skool. ( *In* Botha, P., Oosthuizen, I.J., Oosthuizen, L. & Prinsloo, J.G. Geselekteerde temas in die onderwysreg. Potchefstroom: PU vir CHO p.48-67. )

PRINSLOO, J.G. & BECKMANN, J.L. 1987. Die onderwys en die regte en pligte van ouers, onderwysers en kinders. Johannesburg: Lex Patria.

PRINSLOO, J.G. & BECKMANN, J.L. 1988. Die onderwysbestuurder en die reg. ( Lesing gelewer op 14 Julie 1988 as deel van 'n onderwysbestuurseminaar by OKVO. ) Pretoria. ( Ongepubliseer. )

REUTTER, E.E.(Jr). 1981. Schools and the law. Virginia: Oceana.

ROBINSON, J.A. 1984. Menseregte, militêre diensplig en geloofsbeswaardes. *Tydskrif vir hedendaagse Romeins-Hollandse reg*, 47:210-213.

ROBINSON, J.A. 1993. Die beskerming van kinders in 'n menseregteakte in Suid-Afrika: *quo oportet nos vadere*? (Professionele intreerede op 7 Mei 1993.) Potchefstroom. 26p. ( Ongepubliseer. )

RSA
kyk SUID-AFRIKA (Republiek).

SKAPINKER, J. & BARLING, N.M. 1978. The South African law of persons through the cases. Cape Town: Juta.

SNYMAN, C.R. 1991. Strafreg. 2de uitg. Durban: Butterworths.

SNYMAN, J.L. & MORKEL, D.W. 1988. Strafprosesreg. 2de uitg. Kaapstad: Juta.

SPIRO, E. 1985. Law of parent and child. 4th ed. Cape Town: Juta.

STEENKAMP, W. 1991. Die juridiese ordening van skoolbestuur. Pretoria: UNISA ( Proefskrif - D.Ed.)

SUCHODOLSKI, B. 1979. Ethical aspects of the child's right to education. ( *In* Mialaret, G., *ed*. The child's right to education. Vendôme: Imprimerie des Presses Universi-

SUID-AFRIKA (Republiek). 1986. Professionele gedragskode vir onderwysers. ( Proklamasie no. R. 205, 1986. ) *Staatskoerant*, 10506:2-4, Oktober 31. ( Regulasiekoerant no. 2291. )

SUID-AFRIKA (Republiek). 1988. Wet op onderwysaangeleenthede, no. 70 van 1988. Kaapstad: Juta.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1989. Suid-Afrikaanse Regskommissie. Werkstuk 25, Projek 58: Groeps- en menseregte. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1991. Suid-Afrikaanse Regskommissie. Projek 58: Groeps- en menseregte, opsomming van interimverslag. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1992. Regulasies betreffende beheer van leerling by skorsing en uitsetting van leerlinge uit, en die toediening van ander strawwe aan leerlinge in, openbare skole (uitgesonderd nywerheid- en verbeteringskole), staatsondersteunde skole en koshuise. ( Proklamasie no. R. 298, 1992. ) *Staatskoerant*, 13735:267-274 B, Jan.24. )

SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE, 1906 TS 710.
SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE, 1912 AD 92.
SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE, 1913 TPD 382.
SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE, 1915 AD 338.
SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE, 1923 CPD 148.
SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE, 1925 OPD 23.
SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE, 1925 TPD 857.
SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE, 1933 OPD 65.
SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE, 1937 TPD 106.
SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE, 1939 AA 56.
SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE, 1942 TPD 310.
SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE, 1943 AC 627.
SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE, 1947 4 SA 616 (K).
SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE, 1948 4 SA 848 (O).
SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE, 1959 2 PH B19 (O)

SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE, 1959 2 SA 670 (N).
SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE, 1960 1 SA 110 (T).
SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE, 1961 4 SA 440 (N).
SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE, 1962 1 SA 848 (N).
SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE, 1966 3 SA 505 (D).
SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE, 1970 4 SA 532 (T).
SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE, 1976 1 SA 257 (T).
SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE, 1976 3 SA 1 (A).
SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE, 1979 1 SA 441 (A).
SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE, 1981 1 SA 544 (K).
SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE, 1981 1 SA 739 (N).
SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE, 1982 3 SA 104 (BT).
SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE, 1983 4 SA 728 (N).

SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSRAAD. 1980. Die regsaanspreeklikheid in die onderwys. SAOR Pretoria.

THOMAS, M.D. 1982. Whose responsibility to ensure that public education has a future? *NASSP bulletin*, 66(450):7-13, January.

TOD
kyk
TRANSVAAL. Onderwysdepartement.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1993. Handleiding vir algemene skoolorganisasie. Pretoria.

UN
kyk
UNITED NATIONS.

UNITED NATIONS. 1945-1981. UN human rights documents: summaries of education provisions. New York: Pergamon Press.

UNITED NATIONS. United Nations Educational, Scientific and Cultural Organisation. 1945-1989. UNESCO human rights documents: summaries of education provisions. New York:

UNITED NATIONS. United Nations General Assembly. 1959. Declaration of the rights of the child. New York.

UNITED NATIONS. 1989. Convention on the rights of the child. United States of America. 12p.

VAN DER MERWE, N.J. & OLIVIER, P.J.J. 1985. Die onregmatige daad in die Suid-Afrikaanse reg. 5de uitg. Pretoria: J.P. van der Walt.

VAN DER VYVER, J.D. 1981. Regsekerheid. *Tydskrif vir hedendaagse Romeins-Hollandse reg*, 44:269-280.

VAN DER VYVER, J.D. 1987. Inleiding. ( *In* Van Zyl, F.J. & Van der Vyver, J.D. Inleiding tot die regswetenskap. 2de uitg. Durban: Butterworths. p.1-11. )

VAN DER VYVER, J.D. 1987. Die regsidee. ( *In* Van Zyl, F.J. & Van der Vyver, J.D. Inleiding tot die regswetenskap. 2de uitg. Durban: Butterworths. p.110-165. )

VAN DER VYVER, J.D. 1987. Indeling van die positiewe reg. ( *In* Van Zyl, F.J. & Van der Vyver, J.D. Inleiding tot die regswetenskap. 2de uitg. Durban: Butterworths. p.337-368. )

VAN DER VYVER, J.D. 1987. 'n Sisteem van regsfeite. ( *In* Van Zyl, F.J. & Van der Vyver, J.D. Inleiding tot die regswetenskap. 2de uitg. Durban: Butterworths. p.463-516. )

VAN DER VYVER, J.D. & JOUBERT, D.J. 1980. Persone- en familiereg. Kaapstad: Juta.

VAN DER VYVER, J.D. & JOUBERT, D.J. 1985. Persone- en familiereg. Kaapstad: Juta.

VAN DER WALT, J.L. 1983. Oor opvoeding in 'n neutedop. Bailliepark: Mediapublikasies.

VAN DER WALT, S. 1992. Bylmoord: wit meisie, swarte moet tronk toe. *Beeld*: 1, Jul. 19.

VAN RENSBURG, J.J. du P. 1993. Lyfstraf as faset van die skoolhoof se beheersingsbevoegdheid in sekondêre skole. Potchefstroom: PU vir CHO ( Skripsie - M.Ed. )

VAN SCHALKWYK, O.J. 1981. Fokus op die onderwysstelsel. Pretoria: Butterworths.

VAN SCHALKWYK, O.J. 1988. Die onderwysstelsel: teorie en praktyk. 2de uitg. Alkantrant: Alkanto Uitgewers.

VAN WYK, J.G. 1987. Onderwysreg vir die onderwyser. Pretoria: Academica.

VAN WYK, J.G. 1989. Die onderwyser se professionele status en professionaliteit. ( *In* Bondesio, M.J., Beckmann, J.L., Oosthuizen, I.J., Prinsloo, J.G. & Van Wyk, J.G. Juridiese toerusting vir die onderwysprofessie. Pretoria: J.P. van der Walt. p.147-167. )

VAN ZYL, F.J. 1987. Die kenmerke van die Suid-Afrikaanse reg. ( *In* Van Zyl, F.J. & Van der Vyver, J.D. Inleiding tot die regswetenskap. 2de uitg. Durban: Butterworths. p.221-239. )

VAN ZYL, F.J. 1987. Die regsubjek met sy kompetensies. ( *In* Van Zyl, F.J. & Van der Vyver, J.D. Inleiding tot die regswetenskap. 2de uitg. Durban: Butterworths. p.371-400. )

VENTER, F. 1990. Regsnavorsing: metode en publikasie. Kaapstad: Juta.

VOLIO, F. 1979. The child's right to education: a survey. ( *In* Mialaret, G. *ed.* The child's right to education. Vendôme: Imprimerie des Presses Universitaries de France. p.19-33. )

WALD, M.S. 1979. Children's rights: a framework for analysis. *UCD law review*, 12(2):255-282, Summer.

WAT
kyk
WOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL.

WETTE
kyk
SUID-AFRIKA (REPUBLIEK).

WEISER, M.G. 1983. The right to be a child. *Childhood education*, 59(3):146-150, Jan.-Feb.

WIECHERS, M. 1984. Administratiefreg. 2de uitg. Durban: Butterworths.

WOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL. 1991. Deel 8. Pretoria: Staatsdrukker.

ZETTERSTEN, R. 1991. The Christian child's bill of rights. *Focus on the family*: 14, April.

ZIRBES, L. 1988. Inalienable rights of children. *Childhood education*, 65(1):24-26, Fall.